
SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES



# 1 DIE BOEK VAN DIE PSALMS

# Inhoudsopgawe


**1** **Hoe om die boek van die Psalms te lees**—*30 Desember tot 5 Januarie – 4*

**2** **Leer ons bid**—*6 tot 12 Januarie 12*

**3** **Die Here is Koning**—*13 tot 19 Januarie 20*

**4** **Die Here hoor en Hy red**—*20 tot 26 Januarie 28*

**5** **Die lied van die Here in 'n vreemde land**—*27 Januarie tot 2 Februarie 36*

**6** **Ek gryp nou in**—*3 tot 9 Februarie 44*

**7** **Tot aan die hemel reik U troue liefde**—*10 tot 16 Februarie 52*

**8** **Wysheid vir 'n vrome lewe**—*17 tot 23 Februarie 60*

**9** **Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here**
*24 Februarie tot 1 Maart 68*

**10** **Lesse uit die verlede** — *2 tot 8 Maart 76*

**11** **Die verlange na God in Sion**—*9 tot 15 Maart 84*

**12** **Aanbidding sonder einde**— *16 tot 22 Maart 92*

**13** **Wag op die Here**— *23 tot 29 Maart 100*



**Redakteurskantoor**
12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904, U.S.A.

**Besoek gerus ons webwerf by:**
http://www.absg.adventist.org

**Hoofbydraer**
Dragoslava Santrac

**Redakteur**
Clifford R. Goldstein

**Subredakteur**
Soraya Homayouni

**Publikasiebestuurder**
Lea Alexander Greve

**Redaksionele Assistent**
Sharon Thomas-Crews

**Pacific Press®-koördineerder**
Tricia Wegh

**Illustrasie en Ontwerp**
Lars Justinen



©2024 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk®. Alle regte word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (Standaarduitgawe) mag geredigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Divisiekantore van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Advantiste® het toestemming om te reël vir die vertaling van die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes. Dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste," "Adventiste," en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.



Die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* word deur die kantoor van die Bybelstudiegids vir Volwassenes van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste voorberei. Hierdie studiegidse word deur die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), beheer, en is ook die uitgewer van die Bybelstudiegidse. Die Bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad, en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie.


**Lys van Bybelvertalings**
**Skrifverwysings vir die eerste kwartaal 2024 kom hoofsaaklik uit die volgende vertalings:**
**Aangaande die E.G. White-aanhalings in Afrikaans:**
Skrifaanhalings gemerk **DB** en **NLV** is onderskeidelik geneem uit Die Boodskap© 2002 en *Die Nuwe Lewende Vertaling*© 2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou. Skrifaanhalings gemerk **ABA**, **NAB** en **OAB** is onderskeidelik geneem uit *Die Bybel vir Almal*© 2007, *Die Bybel in Afrikaans*© 1983 en 1992, en *Die Bybel in Afrikaans*© 1933 en 1953. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. Skrifaanhalings gemerk **AFR20** is geneem uit *Die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling met Deuterokanonieke Boeke*©. Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020. Digitale Weergawe©. Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020. Alle regte voorbehou.

**Aangaande die E.G. White-aanhalings in Afrikaans:**
Sommige van die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalings wat in dié bybelstudiegids gebruik word, is vrye vertalings deur die vertaler. Let wel dat die vermelde bladsynommers ooreenstem met dié wat in die Engelse bronteks van die bybelstudiegids verskyn.

**Aangaande die transliterasie van Hebreeuse en Griekse woorde**
Die vertaler hou by die Engelse transliterasies sodat die leser dit kan naslaan of 'n internetsoektog kan doen. Na raadpleging van 'n behoorlike interlineêre vertaling is ontbrekende klanktekens soms wel bygevoeg.

# Psalms: ’n Intieme ontmoeting tussen God en sy volk



In die boek Psalms maak ons kennis met gebede en liedere. Hierdie werke ken *geen gelyke nie* en gee uiting aan lofprysing, vreugde, smart en wanhoop, en is [tradisioneel] privaat of in die openbaar voorgedra of gesing. Dit is woorde wat deur leke, konings, digters en priesters gespreek is. Komende van beide vrome en boetvaardige sondaars, dien dit reeds geslagte lank as die gelowige se gebeds- en liedereboek.

Psalms speel ’n eiesoortige rol in die Bybel. Neem in ag dat die Skrif grotendeels *die hartsbegeertes van God* openbaar, terwyl die psalms *ons hartservarings op die geloofspad* beaam. Uit Psalms put ons seëninge, hoop en herlewing. Dit is ’n gids, beide vir selfondersoek en vir die bepeinsing van God se grootsheid. In die kerkers van wanhoop bring die psalms bevryding, dit bring ’n mens opnuut tot inkeer, en tot oorgawe aan God. Dit is dus geensins verrassend dat so baie mense aanklank by die psalms vind nie — dit strook immers met hul innerlike ervarings en stryde, en daarom gebruik hulle bepaalde psalms as gebede. Let op Luther se aangrypende woorde: “Is daar ’n edeler uitdrukking van vreugde as die lof- en dankpsalms? Dit openbaar die hart van elke heilige wat ooit geleef het. Jy bevind jou, as’t ware, in ’n lieflike plesiertuin, vir ’n oomblik in die hemel self… En is daar diepsinniger, boetvaardiger en droewiger woorde om ’n mens se smart mee te verwoord as dié in die treurpsalms? Dit bied jou ook insae in die innerlike van die heilige. Jy word van aangesig tot aangesig met die [afgryse van die] dood en die hel gebring. Dit is ’n donker prentjie, vol verborgenheid — omdat dit die wisselende skadus van God se toorn na vore bring… So dit maak dus sin dat Psalms die heiliges se

gunsteling Bybelboek was en is. Vir ieder en elk is daar, ongeag die situasie, iets uit die psalms te put — iets wat in sy [of haar] behoeftes voorsien, 'n antwoord so geskik dat dit lyk of dit ter wille van daardie persoon daar geplaas is. Vir hom [of haar] kan geen ander boek daarby kers vashou nie, geen ander kan dinge so goed verwoord nie" (Martin Luther, *Martin Luther: Selections From His Writings*, red. John Dillenberger [New York: Anchor Books, 1962], bl. 39 & 40).

Ter wille van 'n eerstehandse, persoonlike belewenis van Psalms se lewenstransformerende krag roep [die Woord] ons om dit te sing en te bid, net soos al die voorafgaande geslagte dit met oorgawe gedoen het en wat sodoende hul lofprysing, smeekgebede, belydenisse, weeklag en dankseggings tot die soewereine God van genade en van geregtigheid gerig het.

*Die psalms verwoord 'n geestelike reis waarmee baie van God se kinders kan identifiseer.*

[Hierdie fokus op die praktiese sing en bid van die psalms] laat 'n mens met die vraag: is dit nuttig om Psalms te *bestudeer*? Neem in ag dat hierdie bybelboek, net soos die res van die Skrif, in 'n bepaalde tydvak geskryf is en derhalwe 'n besondere historiese, teologiese en literêre raamwerk het. Die bestudering van Psalms het gevolglik ten doel om die bestaanswêreld van die destydse gelowiges aan die moderne leser te openbaar. Hoewel Psalms inderdaad die gebede van God se volk is en selfs deur Jesus as die vleesgeworde Heer gebid is, moet 'n mens ook in ag neem dat hierdie bybelboek gebede oor Jesus is. Die psalms is God se openbaring aan die mensdom. Die bestudering van Psalms behels dus ook 'n verdere taak: om vas te stel wat God in die verlede gedoen het, wat Hy vandag doen, en wat Hy in die toekoms in en deur Jesus Christus vir die mensdom gaan doen.

Hoewel Psalms 150 gedigte byeenbring, is die seleksie nie so lukraak as wat dit lyk nie. Die psalms verwoord 'n geestelike reis waarmee baie van God se kinders kan identifiseer. Dit het geloof as die vertrekpunt. Die pelgrim is veilig op koers, met die wete dat God as Opperwese regeer, waar die goeie beloon en die kwaad gestraf word. Mettertyd sien 'n mens egter wat gebeur wanneer die gelowige se ordelike geloofswêreld die wind van voor kry en deur die kwaad bedreig word. Vrae onstaan. Regeer die Here steeds? Hoe sal ons die lied van die Here kan sing in 'n vreemde land? *(OAB)*.

Ons bede en begeerte is dat Psalms ons op die geloofspad sal versterk, en dat ons deur die psalms 'n daaglikse ontmoeting met God sal hê — die wese van die gelowige en die wese van die Vader in gesprek met mekaar — tot daardie blye dag dat ons Jesus Christus van aangesig tot aangesig sal sien.

*Dragoslava Santrac het 'n Doktorsgraad in Filosofie in Ou-Testamentiese Studies en is 'n besturende redakteur van die* Encyclopedia of Seventh-day Adventists *wat by die SDA Wêreldkonferensie se hoofkantoor geleë is. Sy is ook 'n bydraer tot die* Seventh-day Adventist International Bible Commentary *– die spesifieke boekdeel wat oor Psalms 76-150 handel.*

# Hoe *om* die Psalms *te* lees



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *1 Kronieke 16:7, Nehemia 12:8, Psalm 25:1-5 en hfst. 33:1-3, Romeine 8:26 en 27, Psalm 82:8, asook hfst. 121:7.*

**Geheueteks:** **"Daarna sê Hy vir hulle: 'Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.' Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan"** *(Lukas 24:44 & 45, NAB)*.

Psalms is reeds eeue lank 'n gebeds- en liedereboek vir Jood en Christen. Hoewel dit grotendeels die psalmdigter se eie woorde is wat aan God gerig word, het dit nie sy oorsprong by die sterflike mens nie, maar by God wat die skrywer daartoe geïnspireer het.

Hierdie werke is inderdaad godgegewe woorde. Net soos dit ook die geval met die ganse Skrif is *(2 Pet. 1:21)*, is dit God wat hier in Psalms deur sy dienskneg en deur sy Gees tot ons spreek. Jesus, die apostels en die skrywers van die Nuwe Testament het uit die boek Psalms aangehaal en het dit as deel van die Skrif beskou *(Mark. 12:10, Joh. 10:34 en 35 & hfst. 13:18)*. Dit is ongetwyfeld deel van die Woord van God, net so geldig soos Genesis of Romeine.

Die psalms as letterkundige werke is Hebreeuse poësie wat deur uiteenlopende digters van antieke Israel geskryf is. Dit weerspieël dus hierdie mense se bestaanswêreld, ten spyte van die universele aard van die psalms. Om die boek Psalms as die Woord van God te aanvaar en versigtig op die digterlike metodes van destydse poësie te let; en om ook op die historiese, teologiese en liturgiese raamwerk van hierdie werke te let; is van kardinale belang ten einde die psalms se boodskap te verstaan, 'n boodskap wat duisende jare terugstrek dog nietemin op die moderne mens afgestem is.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 6 Januarie.*

# Die psalms in antieke Israel se aanbidding

**Lees 1 Kronieke 16:7; Nehemia 12:8; Psalm 18:1, Psalm 30:1, Psalm 92:1, Psalm 95:2 en Psalm 105:2; Kolossense 3:16 en Jakobus 5:13. Dink aan die onderskeie soorte geleenthede (of gebeurtenisse) wat tot die skryf van sekere psalms gelei het. Wanneer is die psalms deur die Israeliete voorgedra of gesing?**

Die psalms is geskryf om in tuis- en gesamentlike aanbidding gebruik te word. Hierdie werke is duidelik tydens tempeldienste as liedere gesing. Let immers op die annotasies by sommige psalms, waarin die gebruik van bepaalde instrumente *(Ps. 61:1)*, wysies *(Ps. 9:1)* of sangleiers *(Ps. 8:1)* voorgestel word.

Let voorts op die Joodse *Tanakh* (die Hebreeuse Skrif sonder die Nuwe Testament, d.w.s. die bybelse Ou Testament, maar met ’n andersoortige indeling as die Christelike gewyde teks). Daarin verskyn die Hebreeuse naam vir die boek Psalms, *tehilim*, wat “lofprysinge” beteken. Dit weerspieël die hoofdoel van hierdie bybelboek, te wete die lofprysing van die Here. Die Engelse benaming “Book of Psalms” asook die Afrikaanse “Psalms” is ontleen aan die Grieks: *psalmoi*. Hierdie benaming kom uit die *Septuagint*, ’n Griekse vertaling van die Hebreeuse Skrif wat in die vroeg-Christelike era (in die tweede en derde eeu na Christus) gedoen is.

Die psalms was ’n onmisbare deel van antieke Israel se aanbidding. Hulle is, byvoorbeeld, tydens tempelinwydings, asook godsdienstige feeste, stoete en met die neersit van die verbondsark in Jerusalem gesing.

Die Jode het Psalms 120 tot 134 as bedevaartsliedere gebruik. Hierdie psalms is tradisioneel tydens die opdraende pelgrimstog na Jerusalem gesing, ’n saamtrek waartydens die drie groot jaarlikse feeste gevier is *(Eks. 23:14-17)* — vandaar die benaming “Songs of Ascent” in Engels, en “Trappsalms” of “Opgaanpsalms” in Afrikaans. Die “Egiptiese Hallel” *(Psalms 113−118)* en die “Groot Hallel” *(Psalm 136)* is tydens die drie groot jaarlikse feeste gesing, asook by die Nuwemaansfees en die inwyding van die tempel. Die Egiptiese Hallel het mettertyd ’n kenmerkende deel van die Pasga-seremonie geword. Psalms 113 en 114 is aan die begin van die Paasmaal gesing, en Psalms 115 tot 118 aan die einde *(Matt. 26:30)*. Die “Daaglikse Hallel” *(Psalms 145−150)* het uiteindelik deel van die daaglikse gebede wat tydens die oggenddiens in die sinagoge gebid is, geword.

Psalms was nie net ’n mooi gedeelte van die volk se aanbidding nie. Dit het hulle ook gewys hoe God in die tempel aanbid behoort te word. Jesus het immers Psalm 22 se bewoording as ’n gebed gebruik *(Matt. 27:46)*. Die boek Psalms het ook ’n noemenswaardige plek in die lewe van die ontluikende Nuwe-Testamentiese kerk gehad *(Kol. 3:16, Ef. 5:19)*.

**Ons aanbid natuurlik nie meer die Here soos Israel van ouds in plekke soos tabernakel of tempel nie. Hoe kan ons nietemin die psalms deel van ons aanbidding maak, hetsy tydens tuis- of gesamentlike aanbidding?**

# ’n Kennismaking met die psalmdigters

Koning Dawid, wie se naam in meerderheid van die psalms se titels verskyn, was aktief by die formulering van Israel se liturgie betrokke. In 2 Samuel 23 vers 1 word hy “die lieflike in die sange van Israel” genoem *(OAB)*. Die Nuwe Testament beaam Dawid se outeurskap vir ’n aantal psalms *(Matt. 22:43-45; Hand. 2:25-29, 34 en 35; Hand. 4:25 & Rom. 4:6-8)*. Etlike psalms is deur tempelmusikante, wat ook Leviete was, geformuleer. Hier is enkele voorbeelde: Psalms 50 en 73 tot 83, deur Asaf; Psalms 42 en 44 tot 47, asook 49, 84, 85 en 88, deur die seuns van Korag; Psalm 88 deur Heman, die Esrahiet; asook Psalm 89 deur Etan, die Esrahiet. Benewens hierdie psalmdigers was daar ook Salomo *(Ps. 72 & 127)* en Moses *(Ps. 90)* wat enkele psalms geskryf het.

**Lees Psalm 25:1-5, Psalm 42:1, Psalm 75:1, Psalm 77:1, Psalm 84:1 en 2, Psalm 88:1-3, asook Psalm 89:1. Wat toon hierdie psalms oor die ervarings wat hul skrywers deurgemaak het?**

________________________________________________

________________________________________________

Onder ingewing van die Heilige Gees het die psalmdigters hul talente tot diens van God en hul geloofsgemeenskap ingespan. Hulle was opreg in hul toewyding, met ongekende geloof. Nietemin was hulle ook, net soos ons, vatbaar vir mismoedigheid en versoekings. Hoewel die boek Psalms duisende jare gelede geskryf is, verwoord dit ongetwyfeld sommige geloofsbelewenisse waarmee die moderne leser kan identifiseer.

“Here, God van my heil, bedags roep ek, in die nag is dit voor U. Laat my gebed voor u aangesig kom, neig u oor tot my smeking. Want my siel is sat van teëspoede, en my lewe raak aan die doderyk” *(Ps. 88:2 en 3, OAB)*. Hierdie pleitroep is net so ’n werklikheid vir die 21ste-eeuse mens as wat dit vir die Joodse leser van 3,000 jaar gelede was.

Sommige psalms praat van swaarkry, ander van vreugde. Die psalmdigters het uitgeroep tot die Here, gevra dat Hy tot hul redding sou kom; en het sy onverdiende ondersteuning, hulp en beskerming ervaar. Hulle het die Here vir sy getrouheid en liefde geloof, en het Hom ewige trou gesweer. Die psalms is dus getuienisse van Goddelike redding, ’n boekstawing van God se genade en hoop. Psalms wys ons daarop dat elkeen wat gelowig God se gawes van vergifnis en ’n getransformeerde lewe aanvaar, sy goddelike belofte sal ontvang. Tog probeer die psalmdigters om terselfdertyd nie die swaarkry en beproewings wat so algemeen in hierdie sondige wêreld voorkom, weg te steek of af te maak nie.

**Hoe kan ’n mens hoop en vertroosting put uit die wete dat selfs diepgelowige persone, soos die psalmdigters, met dieselfde stryde as ons te kampe gehad het?**

________________________________________________

# ’n Lied vir elke seisoen

**Lees Psalm 3, asook Psalm 33:1-3 en Psalm 109:6-15. Op watter verskillende sye van ons menslike belewenis fokus hierdie psalms?**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Die boek Psalms wys die gemeenskap van gelowiges op die volle reeks eg-menslike emosies wat ons ervaar en toon hoedat ons die Here in elke lewensomstandigheid kan aanbid. In die psalms sien ons die volgende:

(1) Liedere wat God verheerlik oor sy majesteit, sy grootse skeppingsmag, sy hemelse regering, sy oordele en sy getrouheid. (2) Dankseggingspsalms waarin diepe dankbaarheid vir God se mildelike seëninge uitgespreek word. (3) Treurliedere waar die psalmdigter in tye van nood uit sy diepste wese tot die Here uitroep om verlossing. (4) Wysheidspsalms wat praktiese riglyne vir ’n vrome lewe gee. (5) Koninklike psalms wat vooruitwys op Christus, die soewereine Koning en Verlosser van God se volk. (6) Historiese psalms, d.w.s. terugblikke op Israel se verlede waarin God se getrouheid asook Israel se troueloosheid onder die loep kom, ten einde die foute van die voorgeslagte te voorkom deur eerder op God te vertrou en getrou aan sy verbond te bly.

Die poëtiese aard van die psalms toon ’n besonderse vermoë om die leser se aandag te boei. Hoewel sommige literêre tegnieke tydens die vertaalproses verlore gegaan het, kan ’n mens steeds die baie wat nog oorbly, in jou moedertaal waardeer.

1. *Parallelisme* behels die saamsit van woorde, sinsnedes of begrippe wat basies dieselfde is. Hierdie tegniek help ’n mens om die betekenis van die ooreenstemmende dele te verstaan. Neem byvoorbeeld die parallelisme in: “Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!” (*Ps. 103:1, OAB*). Hier stem “my siel” ooreen met “alles wat binne-in my is,” en dui op die begrip *met jou hele wese.*

2. *Beeldspraak* span figuurlike taalgebruik in om die leser se verbeelding op ’n sintuiglike vlak te prikkel. Let byvoorbeeld op Psalm 17 vers 8, waar die toevlug wat God ’n mens bied as “die skaduwee van u vleuels” beskryf word (*OAB*).

3. ’n *Merisme* bestaan uit twee kontrasterende komponente wat nietemin ’n enkele begrip vorm. “Here, God wat my verlos, *bedags* roep ek om hulp, *snags* bly my hulpgeroep voor U” — m.a.w. voortdurend *(Ps. 88:1, klem verskaf)*.

4. In ’n *woordspeling* word woorde gebruik wat baie dieselfde klink, ten einde ’n godsdienstige boodskap tuis te bring. In Psalm 96 vers 4 en 5 word die Hebreeuse woord ’*elilim* (“afgode”) gebruik wat ’n woordspeling op die woord ’*elohim* (“gode”) is. Sodoende word die boodskap tuisgebring dat die heidennasies inderwaarheid nie ’*elohim* (“gode”) nie, maar bloot ’*elilim* (“afgode”) aanbid.

Let ook, ten slotte, op die gebruik van die woord “sela” wat op ’n kort pouse dui. Dit kan een van twee dinge beteken: dat die leser moet stop en die voorafgaande gedeelte moet bepeins of dat die musikale begeleiding verander het *(Ps. 61:4)*.

# Geesgevulde gebede

**Lees 2 Samuel 23:1 en 2, asook Romeine 8:26 en 27. Wat leer ons uit hierdie tekste aangaande gebed?**

Die psalms is geïnspireerde gebedere en lofliedere van Israel van ouds, waarin die stemme van God en mens dus vervleg is — ’n dinamiese en kleurryke versameling interaksies met God.

Die psalmdigters voer ’n gesprek met God waarin hulle Hom as “O Here,” “my Koning” en “my God” aanspreek *(Ps. 5:2; Ps. 84:3, OAB)*. Hulle vra gereeld vir God: “luister na my woorde” *(Ps. 5:2, OAB*); “hoor… my gebed” *(Ps. 39:13, OAB)*, “aanskou my [omstandighede]” (Ps. 25:18 & 19, OAB); “laat my hulpgeroep tot by U kom” *(Ps. 102:2, OAB)*; en “red my lewe” *(Ps. 6:5, NAB)*. Dit is duidelik die tipe uitdrukkings wat ’n mens gebruik wanneer jy bid.

As gebede en lofliedere beskik die psalms oor ’n ongekende skoonheid en aantrekkingskrag. Hoe so? Dit is die Woord van God, maar in die vorm van gelowiges se opregte gebede en lofprysinge. Psalms skenk ons, as kinders van die Here, intieme oomblikke met Hom, die soort wat soos volg in Romeine 8 vers 26 en 27 beskryf word: “Die Gees van God help ons… boonop in ons onbeholpenheid. Ons weet immers nie mooi wat en hoe ons moet bid nie. Maar die Gees self neem ons gebedsbehoeftes voor God op met versugtinge wat nie in menslike taal verwoord kan word nie. Dié God wat die dieptes van elke hart deurgrond, weet wat die Gees in die oog het – dat Hy in harmonie met God se wil vir die gelowiges intree” *(NLV)*.

Jesus het ook uit die boek Psalms aangehaal. Let byvoorbeeld op Lukas 20 verse 42 en 43 waarin Hy Psalm 110 vers 1 woordeliks aanhaal: “Dawid sê tog self in die boek van die Psalms: ‘Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het’” *(NAB)*.

Hoewel sommmige psalms uit historiese gebeure spruit of daarna verwys, of selfs die psalmdigters se eie belewenisse of dié van die volk Israel verwoord; beskik Psalms oor ’n geestelike diepte wat uiteenlopende lewensituasies dek; en wat al die skeidsmure van kultuur, religie, etnisiteit en geslag oorbrug. Met ander woorde: namate ’n mens Psalms lees, kom jy dinge teë waarmee elkeen op aarde te kampe het, ongeag jou ouderdom of omstandighede: hoop, lofprysing, vrees, woede, hartseer en smart. Die psalms spreek tot ieder en elk, in die taal van ons alledaagse menswees.

**Wat leer ’n mens uit Jesus se gebruik van Psalms oor die belangrike rol wat dit in ons eie geloofbelewenis kan speel?**

# Die wêreld van die Psalms

**Lees** **Psalm 16:8, Psalm 44:8, Psalm 46:1, Psalm 47:1 en 7, Psalm 57:2, Psalm 62:8, Psalm 82:8, asook Psalm 121:7. Watter plek het God in die psalmdigter se lewe gehad?**

______________________________

______________________________

______________________________

Die wêreld van die boek Psalms is geheel en al Godgerig: dit strewe, om deur lofprysing en gebed, alle lewenservarings aan God ondergeskik te stel. Hy is die soewereine Skeppergod, Koning en Regter oor die ganse aarde. Hy voorsien in al sy kinders se behoeftes. Daarom moet ons ons vertroue altyddeur in Hom stel. Selfs die vyande van God se kinders vra: '"En waar is jou God nou?"' wanneer dit lyk of die volk ondergaan *(Ps. 42:10, NAB)*. Net soos wat Hy die volk se immerteenwoordige en nimmerfalende God is, bly sy kinders se oë altyddeur op Hom gerig. Op die lange duur sien Psalms uit na 'n tyd wanneer die ganse mensdom en die ganse skepping die lewende God sal aanbid *(Ps. 47:1, Ps. 64:9)*.

God is die spilpunt van die lewe en dit is wat aanbidding so onontbeerlik maak. Die aanbiddingskonteks waarbinne die psalms destyds geskryf en uitgevoer is, was fundamenteel anders as dié waarmee die hedendaagse mens vertroud is. In die bybelse tye was dit 'n natuurlike verskynsel, niemand het betwis dat die ganse gemeenskap se doen en late om aanbidding gedraai het nie. Daarom het alle dinge wat die volk te beurt geval het, beide die goeie en die slegte, onvermydelik uitdrukking in hul godsdienstige lewe gevind. God hoor wat die psalmdigter sê, ongeag waar hy hom bevind, en reageer op die aangewese tyd *(Ps. 3:4, Ps. 18:6 & Ps. 20:6)*.

Die psalmdigter besef dat die hemel God se woonplek is, maar dat Hy terselfdertyd ook in Sion, in die tabernakel [en later die geboude tempel] by die volk woon. Die Here is gelyktydig naby en vêr, oral en in sy hemeltempel *(Ps. 11:4)*, verborge *(Ps. 10:1)* en geopenbaar *(Ps. 41:12)*. In Psalms word hierdie oënskynlik onverenigbare eienskappe van God saamgevoeg. Die psalmdigters het begryp dat nabyheid en verwyderdheid in werklikheid onafskeidbaar in die aard en wese van God is *(Ps. 24:7-10)*. Derhalwe het hulle die bomenslike spanning tussen hierdie eienskappe, die wisselwerking van hierdie teenoorgesteldes verstaan. Ongeag hul ervarings, beself hulle God se goedheid en teenwoordigheid, en dit gee stukrag aan hul hoop terwyl hulle wag dat die Here ingryp, op die tyd en wyse dat Hy so goed dink.

**Ons kan nie net die Here by uitgesoekte gedeeltes van ons lewens betrek nie. Hoe blyk hierdie werklikheid uit Psalms? In watter gedeeltes van jou lewe hou jy die Here op 'n afstand?**

______________________________

**Vir verdere studie:** Lees die volgende gedeeltes uit die geskrifte van Ellen G. White: "The Temple and Its Dedication" (bl. 35-50, *Prophets and Kings*) en "The Benefits of Music" (bl. 291 & 292, *Messages to Young People*).

Die boek Psalms bestaan uit 150 psalms, wat in vyf afdelings verdeel kan word: Afdeling I *(Ps. 1-41),* Afdeling II *(Ps. 42−72)*, Afdeling III *(Ps. 73−89)*, Afdeling IV *(Ps. 90−106)* en Afdeling V (*Ps. 107−150)*. Hierdie indeling van Psalms kom uit die vroeg-Joodse tradisie. Dit stem ooreen met die vyf boeke van die Pentateug.

Uit die boek Psalms blyk dit dat daar in Ou-Testamentiese tye reeds 'n aantal versamelings van hierdie soort werke was: die Koragitiese versameling *(Ps. 42−49, 84, 85, 87 en 88)*, die Asafitiese versameling *(Ps. 73−83)*, die Trappsalms *(Ps. 120-134)*, asook die Halleluja-psalms *(Ps. 111−118 en 146−150)*. Psalm 72 vers 20 praat ook van 'n kleiner versameling van Dawid se psalms.

Hoewel die meeste met die tyd van koning Dawid en die begin van die Joodse monargie (die 10e eeu v.C.) geassossieer word, het die versameling psalms in die daaropvolgende eeue aangehou groei — d.w.s. tydens die verdeelde monargie, gedurende die ballingskap, asook in die era direk na die ballingskap. Dit is glad nie vêrgesog om te sê dat die Hebreeuse skrifgeleerdes onder leiding van Esra (met die daarstelling van 'n liturgie vir die herboude tempel) moontlik die bestaande, kleiner versamelings psalms in 'n enkele volume byeengebring het nie.

Die feit dat Psalms 'n saamgestelde boek is en die handewerk van skrifgeleerdes is, doen nie afbreek aan die geïnspireerde aard van die teks nie. Net soos die psalmdigters, was die skrifgeleerdes toegewyde dienskegte van God wat hul werk onder ingewing van die Heilige Gees gedoen het *(Esra 7:6 en 10)*. Die goddelike en menslike aard van die psalms kan met die eenwording van die goddelike en die menslike in die vleeswording van Christus vergelyk word. "Die Bybel, met sy godgegewe waarhede uitgedruk in mensetaal, wys egter op 'n eenwording van die menslike en die goddelike. Dit is wat in die wese van Christus byeengebring is — Hy was die Seun van God en die Seun van die mens was. Hierdie waarheid oor Christus geld ook vir die Skrif: 'Die Woord het mens geword en onder ons kom woon' [Joh. 1:14, NAB]" (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 8).

## Vrae vir bespreking:

**❶ Wat beteken dit dat die psalms gelyktydig godgegewe en mensgemaakte gebede en lofliedere is? Hoe help hierdie idee 'n mens — hoe moeilik dit ook al is om te begryp — om te besef hoe na-aan sy kinders die Here in werklikheid wil wees? Hoe toon dit, op 'n eiesoortige wyse, hoe na-aan die mensdom, en aan elkeen van ons, die Here is?**

**❷ Dink aan 'n keer toe 'n bepaalde gedeelte in Psalms jou omstandighede netjies opgesom het. Noem dit in klastyd. Watter vertroosting en hoop het jy daaruit geput?**

# LES 2 *6 tot 12 Januarie

# Leer ons bid



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 105:5; Kolossense 3:16; Jakobus 5:13; Psalm 44, 22, 13, asook Psalm 60:1-5.*

**Geheueteks:** **“Jesus was êrens op ’n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: ‘Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het’”** *(Lukas 11:1, NAB)*.

Baie Christene is van mening dat ware gebed altyd spontaan en ongememoriseerd behoort te wees. Tog het die dissipels, na die versoek dat Jesus hulle moet leer bid, ongelooflik baie waarde uit ’n aangeleerde gebed geput. Die Here het immers Psalms, wat ’n gebedsboek is, reg in die middel van die Bybel gesit — en nie net sodat ons kan weet hoe die volk in antieke tye gebid het nie, maar sodat ons as moderne gelowiges ook kan leer bid.

Sedert die vroegste tye het die psalms beslag aan die gebede van God se volk gegee, en ook aan Jesus se gebede *(1 Kron. 16:7 en 9, Neh. 12:8, Matt. 27:46 & Ef. 5:19)*. Vandeesweek bekyk ons die rol van die psalms, hoe dit die volk van God gehelp het om koers op die geloofspad te hou en om hul bande met God te verdiep. Voorts moet ons in gedagte hou dat die psalms gebede is en dat hulle, derhalwe, van onskatbare waarde is — nie net vir die teologiese insigte wat dit ons bied nie, maar ook vir die wyses waarop dit ons individuele en gesamentlike gebede kan verryk en transformeer.

Om die werke in Psalms te bid het al baie gelowiges gehelp om ’n gereelde en vervullende gebedslewe op die been te bring.

Vandeesweek duur ons ondersoek van die psalms voort, veral binne die konteks van volharding te midde van teëspoed.

**Betudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 13 Januarie.*

# Om die gebruik van Psalms in gebede te koester

**Lees** **Psalm 105:5, Kolossense 3:16 en Jakobus 5:13. Watter plek het Psalms in die gelowige se aanbiddingsbelewenis?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

’n Eenvoudige manier om die psalms deel van jou beleweniswêreld te maak, is om daagliks tyd vir die lees van ’n psalm in te ruim. ’n Mens begin by Psalm 1 en lees elke dag ’n volgende een totdat jy Psalm 150 bereik. ’n Tweede metode is om ’n psalm te lees wat by jou teenswoordige situasie pas, wat daardie situasie ook al mag wees. Die boek Psalms bevat immers die volgende werke: treurpsalms beide vir die enkeling en vir die groep as ’n geheel, dankpsalms, lofpsalms, boetedoeningspsalms (belydenispsalms), wysheidspsalms waarin God se wysheid en leiding afgebid word, historiese psalms, dié waarin die digter uiting aan onsteltenis en woede gee, en bedevaartspsalms vir die pelgrim. Gedurende die loop van hierdie kwartaal sal ons baie van hierdie verskillende soorte psalms bekyk, asook die konteks waarbinne dit in die boek Psalms verskyn.

So, hoe behoort die gelowige ’n psalm te benader?

Ten eerste lees jy die psalm, gevolg deur ’n bietjie bepeinsing, en dan gebed. Om daaroor te sit en dink, behels dat jy die onderskeie aspekte van die psalm oordink: die manier wat die psalmdigter die Here aanspreek, asook die rede vir die gebed. Let op in watter opsig jou ervaring en syne met mekaar ooreenstem, en hoe die psalm jou moontlik kan help om uitdrukking aan jou eie ervarings te gee. Jy sal verbaas wees om te sien hoedat jy beide aanklank en aansluiting vind by wat jy daar lees.

As jy iets uitdagends in ’n betrokke psalm teëkom, kan jy jou byvoorbeeld afvra: korrigeer hierdie gedeelte dalk ’n vals hoop wat ek oor ’n bepaalde probleem koester? Beskou en bepeins die psalm se boodskap in ’n ander lig —naamlik in die persoon en reddingstaak van Christus, asook die langtermynhoop wat sy verlossingswerk ons bied. Soos ons reeds weet — of liewers, behoort te weet — help dit altyd om die ganse Bybel in die lig van Christus en Golgota te beskou.

Soek ook in Psalms vir nuwe redes tot gebed en dink aan die nut van hierdie werke vir jou, jou gemeente en die wêreld daarbuite. Vra die Here om sy Woord in jou verstand en hart te bewaar. Indien ’n betrokke psalm spreek tot die situasie van iemand wat jy ken, kan jy voorbidding vir daardie persoon doen. Ter samevatting kan ’n mens sê dat Psalms vele aspekte van die lewe dek, en dat die lees en terharteneming van die boodskappe in dié geïnspireerde werke verrykend is.

**Kolossense 3 vers 16 sê: “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid”** ***(OAB)*****. Wat beteken dit? Waarom is die lees van die Bybel die eerste en onontbeerlikste stap vir die belewenis waarvan Kolossense hier praat?**

______________________________________________________________

# Vertroue in krisistye

Alle Christene weet dat tye van wanhoop en lyding 'n mens soms te beurt val, en het dit ook al eerstehands beleef. In sulke tye wonder jy oor die doen en late van die Here — waarmee is Hy dan besig, of selfs, waarom laat hy hierdie dinge toe? Die psalmdigters het self ook met hierdie vrae gestoei, waarna hulle, onder ingewing van die Heilige Gees, hul ervarings geboekstaaf het.

**Lees Psalm 44. Wat sê dit vir 'n mens en waarom het dit deur die eeue heen relevant vir gelowiges gebly?**

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

Wanneer dit by die kies van psalms vir aanbiddingdienste kom, bespeur 'n mens 'n uitsoekerigheid onder gelowiges. Dit bring 'n verdere uitsoekerigheid aan die lig, te wete m.b.t. die woordkeuse en stemming van ons gemeenskaplike gebede. Hierdie beperkings wat ons op die kerklike gebruik van die psalms en op ons gebede plaas, is moontlik 'n teken van 'n bepaalde ongemak met die onaangename werklikhede van die lewe of dalk ons onvermoë om dit vierkantig in die oë te kyk. Let op die dinge, wat in tye van teëspoed en smart, soms deur 'n mens se gedagtes gaan — naamlik dat die Here onregverdig is. Tog beskou ons dit as onvanpas om in gemeenteverband of selfs tydens ons binnekamergebede hieraan uiting te gee.

Hierdie huiwering kan daartoe lei dat ons die ware doel van aanbidding uit die oog verloor. Wanneer dit by 'n eerlike en openlike gesprek met God kom, waar ons ons ware gevoelings en sienings met Hom deel, faal ons, en so word ons dan gevangenes van ons eie emosies. Ons ontsê ons die vertroue en geloofsekerheid wat ons help om tot God te gaan. Ons moet Psalms as gebede gebruik. Dit skenk 'n mens die vrymoedigheid om alles wat jy op die hart het te sê en nie jou eie geloofsbelewenis te misken nie.

Neem byvoorbeeld Psalm 44 wat oor die lyding van onskuldiges gaan. Hierdie psalm kan aanbidders help om so 'n persoonlike belewenis te neem, en dit behoorlik en vrylik te verwoord. Om die psalms te bid, help gelowiges om hulself vrylik uit te druk tydens gebed. Psalms gee die nodige woorde wat ons ontbreek, sodat ons die tipe gevoelens met God kan deel wat ons andersins nie sou waag om te uiter nie: "Ons het nie afvallig geword nie en van u pad nie afgewyk nie. Tog het U ons verwoes; ons land het 'n puinhoop geword; U het die donker oor ons laat toesak" *(Ps. 44:19 en 20, NAB)*.

Let egter op die wyse waarop Psalm 44 begin. Die digter noem die magtige dinge wat God vir sy volk bewerkstellig het, en daarom sê die psalmdigter dat hy op die Here vertrou en nie "op my boog" nie (vers 7, NAB).

Ten spyte hiervan val teëspoed die volk van God te beurt. Die lys van ellende en weeklag is ellelank en terneerdrukkend. Te midde van dié rampspoed roep die psalmdigter nietemin uit tot die Here: "Staan op! Kom en help ons! Red ons ter wille van u troue liefde" *(Ps. 44:27, NLV)*. Met ander woorde: selfs te midde van teëspoed besef die psalmdigter dat God en sy liefde 'n werklikheid is.

**In krisistye voel dit soms asof die Here vêr van 'n mens af is. Hoe kan 'n bepeinsing van die verlede, toe jy God se nabyheid kennelik ervaar het, jou in sulke krisistye deurdra?**

# ’n Psalm van weemoed

Om die psalms te bid, doen egter meer as net om aanbidders met die verwoording van hul geloofsbelewenisse te help. Die boek Psalms, wat in pas met God se standaarde is, hou toesig oor hul geloofsbelewenisse. Dit maak daardie belewenisse meer hanteerbaar, deur die hoop en die versekering van God se teenwoordigheid by daardie geloofsbelewenisse te voeg.

**Lees** **Psalm 22. Wat leer ons uit hierdie psalm oor vertroue in die Here te midde van bittere lyding?**

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

Met behulp van die weemoedige woorde van Psalm 22 vers 2 kan diegene wat lyding beleef, uiting aan hul smart en eensaamheidsgevoel gee: “My God, my God! Waarom het U my verlaat? Waarom bly U so vêr wanneer ek roep om hulp, so vêr wanneer ek tot U sug?” *(NLV, kappies bygevoeg)*.

Hierdie woorde is natuurlik welbekend onder Christene omdat dit die presiese woorde is wat Jesus aan die kruis geuiter het, wat toon hoe sentraal die psalms tot Christus se geloofslewe was *(lees Matt. 27:46)*.

Tog lees ’n mens, self te midde van lyding en beproewing, die volgende woorde: “Aan my broers maak ek u Naam bekend. In die vergadering verkondig ek u lof” *(Ps. 22:23, NLV)*.

Met ander woorde: alhoewel hierdie positiewe sentimente en gevoelens in vers 23 nie met sy teenswoordige krisis strook nie, bevestig die psalmdigter nietemin hier sy geloof in God. Hy verklaar dat hy, ongeag sy omstandighede, steeds die Here sal loof.

Wat is die punt hier? Dat die psalmdigter ons die nodige woorde gee om verby ons omstandighede te kyk, en om dan gelowig vooruit te kyk na die tyd wanneer alles deur die Here se genade weer sal regkom.

Om die psalms te bid, help die gelowige om nuwe hoogtes op die geloofspad te bereik. Hierdie werke bied aanbidders die geleentheid om uiting aan hul gevoelens te gee, asook hoe hulle hul teenswoordige omstandighede verstaan, maar nietemin met die potensiaal om aan te beweeg. Die aanbidder word sovêr gebring om die las van pyn, teleurstelling, woede en weemoed aan die voete van die Here neer te lê en daar te laat; om Hom, ongeag die huidige omstandighede, te vertrou.

Die aanskuif van weeklag na lofprysing wat ’n mens periodiek in Psalms bespeur, dui op die geestelike transformasie wat die gelowige ondergaan wanneer hy of sy deur gebed die genade en vertroosting van God ontvang het.

**Hoe leer ’n mens om verby beproewinge te kyk en te leef, m.a.w. hoe om op die goedertierenheid van die Here staat te maak ongeag die terugslae en teëspoed waarmee ons tans te kampe het?**

____________________________________________________________________________

# Van weemoed tot hoop

Het dit al vir jou gevoel asof die Here vêr van jou af was? Die meeste van ons het al sulke tye beleef. Soms kom die vraag by 'n mens op: *waarom het my lewe skielik in 'n ramp ontaard?*

Die psalmdigters — ook maar mens soos die res van ons — het gewis soortgelyke laagtepunte beleef. Soms is ons teëpoed weliswaar die gevolge van ons sonde, maar ander kere blyk die beproewinge totaal onregverdig te wees. So voel 'n mens dan dat jou teëspoed totaal onverdiend is. Almal beleef dit een of ander tyd, nie waar nie?

**Lees Psalm 13. Watter twee stemmings bespeur 'n mens hoofsaaklik in hierdie psalm? Watter besluit, dink jy, het uiteindelik 'n radikale verandering in die psalmdigter se algemene uitkyk teweeggebring?**

"Hoe lank sal U my bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank nog sal U anderpad kyk?" *(vers 2, NLV)*. Soos ons reeds gesê het: ons almal dink somtyds so, ongeag dat ons verkeerd is, nie waar nie? (Want vergeet die Here dan ooit enigeen?)

Psalm 13 wys ons dus hoe om 'n tweede algemene denkfout te voorkom, naamlik om tydens gebed op onsself en ons probleme te fokus. Dié psalm kan ons gebede transformeer. Dit noop ons om opnuut te erken dat God inderdaad onveranderlik en getrou teenoor sy kinders is.

Hoewel die psalm inderdaad met murmurering en klagtes begin, eindig dit nie daar nie. Dit is die deurslaggewende punt hier.

Psalm 13 lei ons doelbewus om op God se reddende krag te vertrou *(vers 6)* sodat ons angs en vrees *(verse 2-5)* stelselmatig voor die verlossing wat God ons skenk, verdwyn. Dit is hoe die omwenteling begin, van weeklag na lofprysing, van wanhoop na hoop *(verse 6 en 7)*.

Die herhaalde lees of opsê van die psalms sonder om die betekenis daarvan te behoorlik te begryp, sal nie veel uitrig nie. Die verlangde en daadwerklike transformasie wat Psalms inhou, kan nie so teweeggebring word nie. Wanneer ons die psalms as gebede gebruik, moet ons vra dat die Gees ons optrede lei sodat ons in pas met Psalms kan leef. Die boek Psalms is die Woord van God waardeur gelowiges se karakter en handel en wandel getransformeer word — dit is nie net 'n stel riglyne op papier nie. Deur die genade van die Here word die beloftes van Psalms in die lewe van die gelowige geopenbaar. Wat beteken dit? Dat ons, ten eerste, toelaat dat die Woord van God ons in ooreenstemming met sy wil vorm. Ten tweede verenig die Woord ons met Christus – Hy wat die wil van God volmaak gedemonstreer het en wat as die vleesgeworde Seun van God boonop die psalms as gebede gebruik het.

**Hoe kan beproewinge 'n mens nader aan die Here bring? Hoe kan daardie beproewinge egter, as jy nie versigtig is nie, 'n wig tussen jou en Christus dryf?**

# Laat ons weer lewe

**Lees** **Psalm 60:1-5. Vir watter geleenthede dink jy is hierdie ’n geskikte gebed? Hoe kan ’n mens, selfs in vreugdevolle tye, voordeel uit die weeklagpsalms trek?**

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

Weeklagpsalms word gewoonlik as die gebede beskou van diegene wat swarigheid beleef — hetsy liggaamlik, sielkundig of geestelik, of selfs al drie gelyktydig.

Dit beteken egter nie dat ons hierdie psalms moet vermy nie, selfs al gaan dit goed met ’n mens nie. Soms verskil die woorde van ’n psalm hemelsbreed van die aanbidder se teenswoordige situasie. Met ander woorde: weeklagpsalms kan voordelig wees vir die gelowige wat nie deur beproewings gaan nie.

Ten eerste maak dit ’n mens meer bewus van die feit dat lyding deel van ons menswees is, en dat dit beide die regverdige en die bose te beurt val. Psalms gee ons die verskering dat God in beheer is, en dat Hy krag en oplossings in krisistye verskaf. Selfs in hierdie psalm en selfs te midde van beproewing (“U het die land laat bewe en dit oopgekloof” [*vers 3, NAB*]), toon die psalmdigter die hoop dat God uiteindelik bevryding sal bring.

Ten tweede leer die weeklagpsalms ’n mens om medeleye te hê teenoor diegene wat pyn en lyding deurmaak. Wanneer ons uiting aan ons vreugde en dankbaarheid teenoor God gee, veral in die openbaar, behoort ons te dink aan diegene wat minder bevoorreg as ons is. Selfs al beleef ons tans voorspoed ken die meeste van ons — ja, word ons omring van — mense wat bitterlik ly. Om dié soort psalm te bid, help ’n mens om nie te vergeet van diegene wat in nood en pyn verkeer nie. Psalms behoort medelye by ons te wek en ’n begeerte om, net soos Jesus, die behoeftiges te bedien.

“Hierdie wêreld is ’n reuse afsonderingsplek vir die melaatses. Jesus het egter gekom om die siekes te genees, om bevryding uit Satan se kloue aan te kondig. Christus Self was die genesing en krag wat Hy gebring het. Die lewe wat in Hom was, van dié het Hy aan die siekes, die geteisterdes en die besetenes geskenk. Niemand wat vir sy genesende krag kom vra het, is weggewys nie. Jesus het geweet dat dié wat om genesing by Hom kom soebat het, hul siektes oor hulself gebring het — tog het Hy nie geweier om hulle te genees nie. Wanneer die deugde van Christus tot die siekes deurgedring en hulle tot inkeer gekom het, is baie van hul geestelik sowel as liggaamlik genees. Oor hierdie [geheeltransformerende] krag beskik die evangelie steeds. Is daar enige rede waarom die moderne mens nie in dieselfde genesing behoort te deel nie?” (Ellen G. White, *Welfare Ministry*, bl. 24 en 25).

**Ken jy enigeen wat op die oomblik jou gebede asook jou persoonlike hulp benodig?**

**Vir verdere studie:** Lees Psalm 42 vers 8 asook die volgende gedeelte uit Ellen G. White: "Poetry and Song" (bl. 159-168, *Education*). Hoe hou gebed en liedere volgens hierdie geïnspireerde tekste onderling verband?

Ellen G. White beskryf Dawid se boetedoeningspsalms *(bv. Psalm 51)* as die taal van sy innerlike en sy gebede, wat die aard van opregte en hartroerende berou vir sonde illustreer (lees *Steps to Christ*, bl. 24 en 25). Sy moedig gelowiges aan om teksverse uit die psalms te memoriseer, om sodoende 'n gevoel vir God se teenwoordigheid in hul daaglikse handel en wandel aan te kweek. Mevrou White lê ook klem op Jesus se gewoonte om te midde van versoeking, en wanneer vrees die oorhand wou kry, hardop uit die boek Psalms te bid. Voorts sê sy: "Dikwels, deur die woorde van heilige liedere, breek die fonteine van boetedoening en geloof, van hoop en liefde en vreugde, deur 'n mens se binnenste… Menige lied is inderdaad 'n gebed" (*Education*, bl. 162-168).

Wanneer 'n mens die psalms sing en bid, maak jy die psalmdigters se volharding, vrymoedigheid, dapperheid en hoop jou eie. Hulle moedig jou aan om te volhard op die geloofspad en gee jou die vertroosting dat jy nie op jou eie is nie. Ja, ander mense — mense net soos ek en jy — het met beproewinge gestoei. Tog het hulle deur die genade van die Here uiteindelik getriomfeer. Terselfdertyd gee die psalms jou 'n kykie op Christus se vurige bemiddeling ten bate van die gelowige, want Hy leef om voorbidding vir jou en my te doen *(Heb. 7:25)*.

Om Psalms vir ons gebede en aanbidding in te span, maak ons as 'n gemeenskap van gelowiges bewus van al die ervarings wat ons menswees behels, en leer die aanbidder om aktief deel van die verskillende fasette van daardie aanbiddingservaring te wees. Die psalms is gelyktydig godgeïnspireerde en mensgemaakte gebede en liedere. Dit verseker, deur die volgehoue insluiting van die boek Psalms in ons aanbidding, dat ons gemeenskaplike belewenis om God se wil en sy kragtige, helende genade draai.

## Vrae vir bespreking:

❶ **Waarom is spontane, ongerigte gebede nie die enigste manier om te bid nie? Hoe kan ons gebedslewe voordeel uit die psalms — die bybelse gebede — trek?**

❷ **Hoe kan Psalms ons gemeenskaplike gebedservaring verryk? Bespreek 'n paar praktiese maniere waarop die plaaslike gemeente die gebruik van Psalms in aanbiddingsdienste kan aanmoedig.**

❸ **Wat toon die psalms oor die kompleksiteit van die geloofleweas 'n menslike pelgrimstog, enersyds, en die krag van God se helende genade, andersyds?**

LES 3 *13 tot 19 Januarie

# Die Here *is* Koning



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 8, Psalm 100, Psalm 97, Psalm 75 en Psalm. 105:7-10, asook Galasiërs 3:26-29 en Psalm 25:10.*

**Geheueteks:** **Die Here is Koning! Hy is met majesteit beklee. Inderdaad, die Here beklee Homself; Hy omgord Homself met krag. Die wêreld is stewig gevestig; dit kan nie wankel nie"** *(Psalm 93:1, NLV)*.

Die psalms hou koersvas by die fundamentele leer dat God die soewereine Heerser van hierdie kosmos is en beaam dit. Die Here het alles geskep en onderhou dit. Hy alleen heers oor die ganse aarde, met geregtigheid, deugde en billikheid. Sy wette en beslissings is goed en bring lewe aan dié wat daarby hou. Die Here is 'n regverdige Regter wat verseker dat die wêreld goedgeorden is. Hy doen dit deur die regverdiges te beloon en die goddelose te straf, op die tyd wat Hy beslis het, nie die mens s'n nie.

God se verbond met Israel speel 'n belangrike rol in die beveiliging van ons wêreld omdat dit die beloofde verlossing aan die mensdom verkondig. Die Here het Israel as sy kosbaarste besitting geëien. So het Israel dan, uit al die nasies op aarde, God se volk geword. Die Here bly getrou aan sy verbond en hou aan om sy kudde te beskerm — dit ten spyte van hul ontrou, en soms selfs, volslae rebellie.

God se soewereine koningskap is dus die stewige en veilige grondslag waarop die aarde berus. Dit is hierdie fundamentele waarheid wat die psalmdigters by die leser wil tuisbring. Met hierdie wêreldbeskouing as vuurtoring in die stormsee van onkunde, probeer die psalmdigters floreer en om God heelhartig gehoorsaam te wees.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 20 Januarie.*

# Die Here het ons geskape

**Lees** **Psalms 8 en 100. Hoe word God en sy volk in hierdie psalms uitgebeeld? Wat bring hulle aan die lig oor God se karakter?**

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

Die skepping speel ’n deurslaggewende rol in Psalms, ten einde God se soewereiniteit hoog te hou. Die hemele, wat “die werk van sy hande” is, verkondig sy mag en heerlikheid *(Ps. 19:2-4, Ps. 97:6)*. Oor die aarde heen is sy Naam vol majesteit *(Ps. 8:2, 10)*. Die Here het alles geskape, en Hy het geen begin *(Ps. 93:2)* ook geen einde nie *(Ps. 102:26-28)*. Hy is ewigdurend en verhewe bokant die gode van die nasies, en die gode is bloot “deur mensehande gemaak” *(Ps. 115:4, NLV)*, en niks meer nie. Die afgode “het hande, maar kan nie voel nie” *(vers 7, NLV)*. Die lewende God is heeltemal anders: “Die dieptes van die aarde is in sy hand… Sy hande het die droë grond gevorm” *(Ps. 95:4 en 5, NLV)*.

Etlike psalms openbaar dat God mag oor die natuurkragte het, in teenstelling met die nasies wat daardie natuurkragte vergoddelik het *(lees byv. Psalms 29, 93 en 104)*. Hierdie psalms beaam die aanname dat die Here oor die ganse skepping regeer, en dat sy mag en majesteit allesoortreffend is. Psalm 100 vers 3 verpletter ’n meer subtiele vorm van afgodery — om staat te maak op die eie-ek — en beklemtoon dat God ons geskep het, en nie ons onsself nie.

Die skepping getuig ook van God se liefde. Alles wat bestaan, het hul bestaan aan Hom te danke, en dit is Hy wat ook die lewe in stand hou *(Ps. 95:7, Ps. 147:4−9)*. Let op die feit dat God nie net aan die mens sy of haar bestaan geskenk het nie, want Hy maak Israel van ouds “sy volk, sy eie kudde” *(Ps. 100:3, NAB)*. Hierdie begrip — “sy volk” en “sy kudde” — toon dat God ’n noue band met sy kinders verlang.

Slegs die Skepper is by magte om sy volk te seën en hulle te laat floreer, en daarom is Hy al een wat hul aanbidding en vertroue waardig is. Etlike psalms doen ’n beroep op alles wat asem het, asook op alle aard- en seebewoners, om te juig tot eer van die Here.

Die heerlikheid van God is te siene in sy skepping, selfs in die gedeelte wat gevalle is — die aarde — en Psalms wys daarop dat slegs die Here aanbiddingswaardig is.

**“Wat is die mens dat U aan hom dink, die mensdom dat U vir hulle omgee?”** *(Ps. 8:5, NLV)***. Wat is jou respons op die Here as Skeppergod? Neem in ag dat Hy al die sterre by die naam noem** *(Ps. 147:4, NLV)***. Wat, dink jy, is die omvang van sy liefde vir jou dan?**

________________________________________________

# Die Here is Koning

Wat nou met God se skepperskap saamhang — dit is onafskeidbaar deel daarvan, om die waarheid te sê — is sy soewereiniteit, sy koningskap. Die gewigtige erklaring, "Die Here is Koning," verskyn pertinent in Psalm 93 vers 1, Psalm 96 vers 10, Psalm 97 vers 1, asook Psalm 99 vers 1. Nietemin weerklink dit in die ganse boek Psalms.

Die Here is met hoogheid, majestheid en sterkte bekleed *(Ps. 93:1, Ps. 104:1)*. Hy is in wolke en donkerheid gehul *(Ps. 97:2)*, maar ook in "die lig soos met 'n kleed" *(Ps. 104:2, OAB)*. Hierdie metafore verheerlik die Hemelkoning se mag en krag en luisterrykheid, en is versigtig gekies om uiting aan God se unieke grootsheid te gee, 'n grootsheid wat vêr bokant menslike begrip is.

**Lees Psalm 97. Waardeur word God se regering gekenmerk?** *(verse 2 en 10)*. **Wat is sy magsgebied?** *(verse 1, 5 en 9)*.

Die Here se regering vind uiting in drie handelinge: sy skepping *(Ps. 96:5)*, sy verlossing *(Ps. 98:2)* en sy oordeel *(Ps. 96:10)*. Die Here vestig sy koningskap oor die ganse aarde *(Ps. 47:6-9)*. God se koninkryk is ewig, allesoortreffend in krag en majesteit *(Ps. 45:6, Ps. 93:1 en 2 & Ps. 103:19)*. Die grondslag van sy regering is genade, geregtigheid en regverdigheid, wat orde en stabiliteit aan die geskape wêreld bring *(Ps. 98:3, Ps. 99:4)*. God se regering bring hemelse en aardse aanbidders byeen om die lof van God te besing *(Ps. 103:20−22 en 148)*. In hul geestesoog sien baie psalmdigters hoedat die ganse mensdom hulde aan God se alleenheerskappy bring *(Ps. 96:10, Ps. 97:1, Ps. 99:1 & Ps. 145:11-13)*.

Nie alle mense of selfs aardse heers doen dit nie, wel, ten minste nog nie. Die Here se regering word konstant verwerp deur die goddelose, wat die Here ontken, 'n bespotting van Hom maak en wat sy volk onderdruk *(Ps. 14:1 en 74:3-22)*. Die welvaart van sommige goddelose is vir die psalmdigter 'n netelige kwessie en God se geduld met hulle pla hom. Tog vertrou hy in God se soewereine heerskappy en gedy in die sekerheid dat God regverdig oordeel *(Ps. 68:21, Ps. 73:17−20)*. Deur geloof verbly die kinders van die Here hulle in die inhuldiging van God se koninkryk deur Christus se bediening van verlossing, en leef ook in afwagting dat die vestiging van daardie koninkryk by die wederkoms van Jesus volvoer sal word *(Matt. 12:26−28, 1 Kor. 15:20-28)*.

**"O Liefhebbers van die Here, haat die kwaad!** *(Ps. 97:10, OAB)*. **Waarom behoort ons liefde vir die Here te maak dat ons die kwaad (d.w.s. goddeloosheid of boosheid) verafsku? Hoe hou 'n mens se liefde vir die Here verband met hierdie afsku in die kwaad?**

# God is die Regter

**Lees Psalm 75. Waarom is die goddelose se grootpratery dan vergeefs?**

God is die soewereine Koning, derhalwe is Hy ook die Wetgewer *(Ps. 99:7)* en die Regter *(Ps. 98:9, Ps. 97:2)*. Die goddelose bedreig voortdurend die regverdige en ordelike bestel waarbinne God die wêreld gegrondves het, tog sal die Here oor die aardbewoners oordeel en die heerskappy van die bose tot 'n einde bring *(Ps. 75:8−10, Ps. 96:13)*.

Psalm 75 span etlike beelde in om die onherroeplike uitwissing van die bose mee uit te beeld. Die beeld van die beker met die wyn *(vers 9, OAB)* bring die intensiteit van God se toorn tuis *(Jer. 25:15, Op. 14:10)*. Die horings van die goddelose wat stukkend gebreek sal word, dui op die einde van hul mag en heerskappy, terwyl die horings van die regverdiges, daarenteen, verhef sal word *(Ps. 75:11, OAB)*. In hierdie psalm sê God dat Hy op "die regte tydstip" *(vers 3, OAB)* of "op die tyd wat Ek bepaal het" *(NLV)* sy oordeel sal voltrek. Hierdie uitvoerende gedeelte van die oordeel sal aan die voleinding van die wêreld plaasvind *(Ps. 96:13, 1 Kor. 15:23-26)*.

Die Here ondersoek elke mensehart as deel van sy oordeel. Lees Psalm 14 vers 2. Dit herinner aan Genesis 6 verse 5 en 8. Beide tekse toon dat die voltrekking van God se oordeel oor die aarde deur 'n ondersoek van mense se lewens en 'n soeke na diegene wat gered kan word, voorafgegaan sal word. Hierdie oordeel word soms "die ondersoekende oordeel" genoem, waartydens die Here vir die regverdiges opkom en die lot van die goddelose beslis.

Hoe werk dit?

Ten eerste red God sy volk uit die hand van die goddelose *(Ps. 97:10, Ps. 146:9)* en kroon die ootmoediges met oorwinning *(Ps. 149:4, NAB)*. Ten tweede word die onboetvaardige goddelose vir ewig vernietig *(Ps. 97:3)*. Sommige psalms beskryf op 'n poëtiese wyse hoe nutteloos mensgemaakte wapens teen die Hemelregter is *(Ps. 76:4-7)*. Die Here is egter ook 'n vergewensgesinde God, hoewel Hy mense se wandade straf *(Ps. 99:8)*. Dit is nie net die goddelose wat voor God verantwoording sal moet doen nie, maar ook sy volk *(Ps. 50:4, Ps. 135:14)*.

Psalms bring dieselfde idee tuis wat 'n mens ook in ander bybelgedeeltes teëkom, naamlik dat die oordeel by God se volk begin en dan na die ganse mensdom uitgebrei word *(Deut. 32:36, 1 Pet. 4:17)*. Die psalmdigter roep uit tot die lewende God om 'n oordeel oor hom te fel, maar reken terselfdertyd op die Here se regverdigheid om tot sy verdediging te kom *(Ps.7:8-11, Ps. 139:23 en 24)*.

**Die boek Psalm doen 'n beroep op elke gelowiges om hom of haar, in hierdie tyd van afwagting, in God se oordele te verheug** *(Ps. 67:4, Ps. 96:10-13 & Ps. 98:4-9)*. **Waarom is die oordeel dan goeie tyding vir diegene wat deur die bloed van Christus bedek word?**

# Voortdurend gedagtig aan Sy verbond

**Die tema van God se oordeel lei tot 'n uiters belangrike vraag: hoe kan sy volk te midde van hierdie oordeel gemoedrus in Hom asook verlossingsekerheid hê? Lees Ps. 94:14, Ps. 105:7−10 en Dan. 7:22.**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

God se volk is veilig omdat die Here hulle in sy tuisstad Sion geplaas het *(Ps. 76:2 en 3)* en 'n ewige verbond met hulle as sy gekoesterde besitting gesluit het *(Ps. 94:14, Ps. 105:8-10)*. Die Here belowe nie net dat Hy nie sy verbondsvolk sal verwerp nie, Hy beywer Hom aktief om sy volk in Hom te bewaar. Hy vergewe hul sondes *(Ps. 103:3)*; Hy onderrig, seën en versterk sy verbondsvolk *(Ps. 25:8-11, Ps. 29:11 & Ps. 105:24)*. God gee sy oordele om die mense terug op die regte pad te bring en om vir hulle te wys dat Hy omgee *(Ps. 94:8-15)*.

Die hele Psalm 105 toon hoedat die Here regdeur Israel se geskiedenis getrou aan sy verbond was. In voor- en teëspoed het Hy hulle bygestaan. Deur die bestiering is Josef na Egipte gelei. Later, ten tye van die ernstige hongersnood in daardie landstreek, het die einste Josef gekeer dat sy volk en die naburige nasies doodgaan van die honger *(Ps. 105:16-24)*. Later het God vir Moses geroep om sy volk uit Egipteland en slawerny te lei, 'n taak wat Moses inderdaad opgeneem het. Met wondertekens het hy vir die verbondsvolk in die bresse getree *(Ps. 105:25−38)*.

Die Here het die Beloofde Land aan sy volk geskenk *(Ps. 105:11, 44)* asook sy voortgesette beskerming *(Ps. 105:12−15)*. Hy het hulle laat vermenigvuldig *(Ps. 105:24)*, van hul slawedrywers bevry *(Ps. 105:37, 38)* en in hul daaglikse behoeftes voorsien *(Ps. 105:39−41)*. Ongetwyfeld is die Here totaal in beheer wanneer dit met sy volk te make het — 'n waarheid waaraan die psalmdigters Israel voortdurend herinner het.

Waar 'n mens lees dat die Here van sy verbond onthou het, behels dit veel meer as 'n intellektuele besef of God se geheue, want daardie "onthou" gaan altyd met daadwerklike optrede gepaard *(Gen. 8:1, 1 Sam. 1:19, Ps. 98:3 & Ps. 105:42-44)*. Insgelyks beteken die oproep om God se wonderwerke en oordele van die verlede te onthou, dat die volk se optrede derhalwe tot eer van die Here moet wees.

Wat is Israel se hoofroeping binne die raamwerk van hierdie verbond? Om voortdurend daarby te hou deur aan God se gebooie gehoorsaam te wees *(Ps. 78:5−7 & 105:45)*. Die volk se ander roeping is om aan ander nasies te getuig van die Here, want Hy begeer dat almal by sy verbondsvolk sal aansluit *(Ps. 105:1 en 2)*. Sodoende geniet die wêreld die beskutting van die almagtige en genadige God se beskermende verbond *(Ps. 89:28−34)*.

**God se verbondsbelofte aan Israel van ouds is iets waaraan moderne gelowiges steeds deel kan hê. Wat het ons in Jesus wat hierdie verbond steeds 'n werklikheid maak?** *(Lees Gal. 3:26-29.)*

# U bepalings is regverdig vir ewig

**Lees Psalm 19:8, Psalm 93:5, Psalm 119:164, Psalm 1:2 en 6, Psalm 18:30, asook Psalm 25:10. Watter beginsel vind 'n mens in hierdie skrifgedeeltes?**

______________________________________________

______________________________________________

Die Here se oppergesag in die wêreld as soewereine Skepper, Koning en Regter het teologiese implikasies betreffende sy getuienis (of bepalings). Dié "getuienis van die Here" *(Ps. 19:8, OAB)* — wat 'edut in die Hebreeus is en as "dekreet" of "wet" vertaal kan word — verwys na die versameling wette en voorskrifte waarmee God die religieuse en sosiale fasette van sy volk se lewe reguleer *(Eks. 32:15)*. Hierdie wette is "baie betroubaar" *(Ps. 93:5, OAB)*, en weerspieël die stabiliteit en bestendigheid van God se troon, asook van die wêreld wat God geskape het en in stand hou *(Ps. 93:1, 2)*. Die Hebreeuse woord wat as "betroubaar" in die Ou Afrikaanse Bybel en as "sure" in die Engels vertaal is, en waarvandaan Engels- en Afrikaanssprekendes die woordjie "amen" afgelei het, dra die begrippe "getrouheid" en "soliditeit" oor *(2 Sam. 7:16, 1 Kron. 17:23)*. God se wette is onveranderlik en onslytbaar (m.a.w. raak nie gehawend en derhalwe nutteloos nie).

God bewys die integriteit van sy beloftes en bevele. Sy getrouheid is 100% gerusstellend omdat dit die onveranderlike aard van sy regering waarborg, terwyl dit terselfdertyd 100% aandring op algehele vertroue en gehoorsaamheid in God as gepaste respons.

Terselfdertyd het ons 'n digterlike beskrywing van die gebrek aan reg en geregtigheid in die wêreld, naamlik dat die aarde tot in sy fondamente geskud word *(Ps. 18:7, Jes. 24:18-21)*. Die wet van God onderrig egter die mens in die weë van geregtigheid, gee ons die praktiese voorskrifte vir 'n lewe wat die straf van God se oordele vryspring. Die regverdiges sal dus rotsvas bly omdat hulle stewig in die wet van God gegrond is, bepalings wat stabiliteit en veiligheid bied. Diesulkes staan innerlik vas in die Here *(Ps. 112:1, 6 en 7; OAB)*. (Die Hebreeuse *kun* beteken ook "om ferm te wees" of "om geborge te wees.") Niks of niemand kan diegene wat aan God se gehoorsaam is, laat struikel nie *(Ps. 119:165)*, en dui daarop dat ons daagliks God se beskerming en leiding geniet (*Ps. 1:2, 3 en 6)*.

Die Woord van God word ook as 'n lamp vir die psalmdigter se voet beskryf, 'n lig wat keer dat hy in die vyand se versteekte strikke trap *(Ps. 119:105 en 110)*. Tog spruit die diepgaande vreugde wat liefhebbers van God se wet smaak *(Ps. 119:165)*, duidelik nie uit 'n totale gebrek aan beproewings nie *(Ps. 119:161)*. Dit spruit eerder uit iets anders, naamlik om in die teenwoordigheid van God te bly en om gesonde vriendskapsbande met Hom te handhaaf.

**Op watter praktiese maniere het die onderhouding van God se getuienisse — d.w.s. sy wette en verskrifte — jou al in die lewe gehelp? Wat van die keersy: hoe het jy gely omdat jy aan sy getuienisse ongehoorsaam was?**

______________________________________________

**Vir verdere studie:** Lees Psalm 86 verse 5 en 15, asook die volgende gedeelte uit Ellen G. White: "God's Love for Man" (bl. 9-15, *Steps to Christ*). Dink 'n bietjie aan die bekende bybelwaarheid, God is liefde. Hoe help dit 'n mens om die onderskeie beskrywings van die Here asook sy dade in Psalms te verstaan?

In hierdie week se studie het ons gekyk na 'n aantal deurslaggewende beskrywings van God, asook sy handelinge waardeur die wêreld tot stand gebring is, handelinge wat vastigheid en 'n veilige struktuur daaraan gegee het. Die onderskeie psalmdigters wend hulle tot die Here — as die Skepper, Koning, Regter, Verbondsverlosser en Wetgewer. Die rolle wat God in hierdie wêreld speel, word ook weerspieël in verskeie ander name en titels wat vir Hom gebruik word; en sluit die volgende in: "herder" *(Ps. 23:1, Ps. 80:2; beide OAB)*; "rots van ons heil" *(Ps. 95:1, OAB)*; en "Vader" *(Ps. 68:6, Ps. 89:27; beide OAB)*. In hierdie wêreld kan ons veilig en geborge wees, selfs te midde van die chaos wat die groot stryd bring, omdat God oor alles en almal regeer, en getrou in woord en daad is. Alhoewel hierdie grepe uit Psalms nie naasteby al die teologiese temas dek nie, is dit tekenend van die uiteenlopende maniere waarop God Homself in hierdie bybelboek aan die mens openbaar.

Namate ons Psalms verder bestudeer, moet ons die volgende in gedagte hou: om dit in die lig van God se karakter te beskou — d.w.s. in sy liefde en genade — en in die lig van sy plan vir die redding en herstel van hierdie planeet. "Hoe meer 'n mens God se karakter in die lig van Golgota beskou, hoe meer sien jy sy genade, teerheid en vergifnis, gemeng met reg en geregtigheid; en hoe duideliker word die tallose bewyse dat sy liefde ondeindig is, en dat 'n moeder se simpatie vir haar koppige kind nie by sy tere medelye kan kers vashou nie" (Ellen G. White, Steps to Christ, bl. 15). In die boek Psalms sien ons hoedat die mense, selfs wanneer hulle gerebelleer het en God se oordele in die gesig moes staar, steeds hulself tot Hom wend, met die wete dat sy woede tydelik is, terwyl sy genade ewigdurend is *(Ps. 103:8 en 9)*.

## Vrae vir bespreking:

**❶ Die groot stryd is 'n wesenlike verskynsel in ons wêreld. Dit help 'n mens om te verstaan waarom daar, ten spyte van God se opperheerskappy en soewereiniteit, steeds so baie chaos en lyding in ons wêreld is. Hoe so? Waarom is hierdie grootstrydmotief 'n nuttige hulpmiddel om hierdie oënskynlike teenstrydigheid te verstaan?**

**❷ Dink aan die bybelwaarheid dat God die Skepper van die heelal is. Hoe behoort dit ons te help om onsself, en ons verhouding tot die res van die skepping, beter te verstaan? Wat gebeur wanneer die mens hierdie bybelwaarheid in die wind slaan?** *(Ps. 106:35-42)***.**

**❸ Waarom was die nie-Joodse nasies se afgodery so 'n onding in Bybelse tye?** *(Ps. 115:4-8)***. Wat van die hedendaagse mens se afgode? Waarom is hulle net so gevaarlik vir ons wandel met God as die afgode van ouds?**

**❹ Ons leef met die wete dat God se oordeel altyd by sy volk begin. Hoe behoort ons handel en wandel dus as geestelike Israel te wees? Hoe oordeel die Here oor sy volk en om watter rede doen Hy dit?**

LES 4 *20 tot 26 Januarie

# Die Here hoor *en* Hy red



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 139:1-18, Psalm 121, Psalm 17:8, Mattheus 23:37, 1 Korintiërs 10:1-4, asook Hebreërs 4:15 en 16.*

**Geheueteks:** **"Hulle roep, en die Here hoor, en Hy red hulle uit al hul benoudhede"** *(Psalm 34:17, OAB)*.

Oor en oor beklemtoon Psalms die volgende waarheid: dat die soewereine God wat die heelal geskep het en in stand hou, ook Homself op 'n persoonlike vlak aan die mens openbaar, as die een wat 'n vriendskap met sy volk aanknoop en daardie bande in stand hou.

God is na-aan sy volk en aan sy skepping, dié in die hemel en dié op die aarde *(Ps. 73:23 en 25)*. Hoewel "Die Here… sy troon in die hemel gevestig [het]" *(Ps. 103:19, OAB)* en "ry in die hoogste hemele" *(Ps. 68:34, OAB)*; is Hy terselfdertyd "naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid" *(Ps. 145:18, OAB)*. Hierdie psalms weifel nie oor die feit dat die Here die lewende God is wat optree wanneer daar na Hom geroep word nie *(Ps. 55:16-22)*. Die boek Psalms is juis betekenisvol omdat dit die lewende God is wat mense tot die skryf van psalms aangespoor het, en dieselfde lewende God is aan wie die werke gerig is — die God wat gebede beide aanhoor en verhoor.

Hier is wat ons in gedagte moet hou: die gewenste reaksie op die Here se nabyheid behels 'n lewe van geloof in God en van gehoorsaamheid aan sy gebooie. Niks minder as hierdie geloof en gehoorsaamheid is vir God aanvaarbaar nie, soos blyk uit die doen en late van Israel van ouds.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 27 Januarie.*

# My skelet was nie vir U verborge nie

**Lees Psalm 139:1-18. Hoe beeld dit, op ’n digterlike wyse, God se mag *(Ps. 139:1−6)*, teenwoordigheid *(Ps. 139:7−12)* en goedheid *(Ps. 139:13−18)* uit? Wat leer ’n mens uit God se grootsheid aangaande sy beloftes?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Wou jy al ooit iemand help, maar jy het nie die nodige hulpmiddels gehad nie? Wat van mense wat jou wou probeer help het, maar wat nie jou behoeftes verstaan het nie. Ons beste pogings tot naasteliefde en ons welmenendste weldade kan egter nie kers vashou by God nie, want sy insig in die individu en sy of haar omstandighede is volmaak, en sy vermoë om te help oneindig. Sy beloftes om te help en te red, is dus nie blote mooipraatjies nie, maar ’n waarborg sonder fynskrif.

God ken die psalmdigter ten diepste. So groot en uniek is dié kennis dat sy ma se baarmoeder hom nie vir God kon wegsteek nie *(Ps. 139:13 en 15)*. Hierdie goddelike kennis behels die volgende aspekte: die psalmdigter se verlede, hede en toekoms *(Ps. 139:2)*; sy innerlike *(Ps. 139:2 en 4)* asook die ruimtes waarin hy hom bevind *(Ps. 139:3)* — d.w.s. sy ganse bestaan. Hierdie wonderbare kennis waaroor God beskik, spruit uit sy skepperskap en sy hegte vriendskap met die mens, en vind uiting in sy aktiewe besorgdheid oor ons.

Hierdie wonderlike waarheid oor God wat ons intiem ken, behoort ons nie met vrees te vul nie. Nee, dit dryf ons eerder tot in die arms van Jesus, bring ons tot by die dinge wat Hy vir ons op Golgota vermag het. Deur die geloof in Jesus ontvang ons sy geregtigheid, “die geregtigheid van God” Self *(Rom. 3:5 en 21, OAB)*.

Psalm 139 lê klem op God se teenwoordigheid deur te sê dat dit reg tot in die “doderyk” reik *(vers 8, OAB en NAB, sjeol in Hebreeus, d.w.s. “die graf”)*; ook tot in “die duisternis” *(verse 11 en 12, OAB en NAB)*; plekke wat nie gewoonlik deur God bewandel word nie *(Ps. 56:14)*. Sy teenwoordigheid word ook soos volg versinnebeeld: dat dit van “die vleuels van die dageraad” (die ooste) tot by “die uiteinde van die see” (die weste) strek *(Ps. 139:9, OAB)*. Die waarheid wat hierdie beelde tuisbring, is dat daar in hierdie heelal gewis geen plek is wat ons buite die Here se bereik stel nie. Hoewel God nie deel van die heelal is nie, soos sommige glo, is Hy wel na-aan alles en almal, sy handewerk wat Hy geskep het en inderdaad ook in stand hou *(lees Heb. 1:3)*.

Die feit dat God ons deurgrondelik ken, beteken dat Hy ons van hulp kan wees en kan herstel. Skielik besef ’n mens weereens die groostheid van God. Dit noop jou om los te trek en sy lof te besing. ’n Mens besef ook opnuut dat jy wel die psalmdigter kan vertrou, want Hy verwelkom die deurstastende oë van die Almagtige as metode om al die goggas te verwyder wat sy vriendskap met God belemmer.

**Die blote gedagte dat God ons wese deurgrond, selfs ons diepste donkerste geheime ken, is vir sommige mense vreesaanjaend. Waarom is die evangelie dus ons enigste hoop?**

# Die versekering van God se sorg

**Lees Psalm 40:1-3, Psalm 50:15, Psalm 55:22 en Psalm 121. Hoe is die Here by ons daaglikse doen en late betrokke?**

In die Skrif openbaar die Here Homself as die lewende God, die een wat optree ten bate van diegene wat Hom aanroep. Vir die psalmdigter is "die Here altyddeur voor my" *(Ps. 16:8, OAB)*. Hy vertrou dus op die Here en wend hom tot die lewende God *(Ps. 7:2, Ps. 9:10)*. Die Here hoor sy noodkrete selfs al roep hy "uit die dieptes" *(Ps. 130:1 en 2, OAB)* en bring sodoende die boodskap tuis dat geen omstandighede die Here se soewereine opperheerskappy ontglip nie. Die psalmdigter se hulpgeroep, hoe dringend dit ook al is, is nooit vergeefs nie.

Intussen vier Psalm 121 die mag van die Skeppergod in die getroue gelowige se lewe. Hierdie mag sluit die volgende in:

(1) "Hy laat jou voet nie struikel nie" *(Ps. 121:3, NLV)*. Die beeld van die "voet" [in die NLV en OAB] dui dikwels op 'n mens se lewenspad *(Ps. 66:9, Ps. 119:105 & Spr. 3:23)*. Die Hebreeuse sinsnede wat as "nie wankel nie" vertaal is, beskryf die vastigheid wat God aan die wêreld *(Ps. 93:1)* en aan Sion *(Ps. 125:1)* gee.

(2) Die versinnebeelding van die Here as "die Bewaarder van Israel" wat nie "sluimer of slaap nie," onderstreep sy konstante wakkerheid en gereedheid om ter wille van sy kinders op te tree *(Ps. 121:3 en 4, OAB)*.

(3) Die Here is "jou skaduwee" *(verse 5 en 6, OAB)* herinner aan die wolkkolom tydens die uittog uit Egipte *(Eks. 13:21 en 22)*. Op 'n soortgelyke wyse verskaf die Here 'n letterlike en geestelike skuilplek aan sy volk.

(4) God is aan hul regterhand *(Ps. 121:5)*. Die regterhand dui gewoonlik op iemand se sterker hand, die een wat met handeling geassossieer is *(Ps. 74:11, Ps. 89:14)*. Hier bring dit die idee van God se nabyheid en guns tuis *(Ps. 16:8, Ps. 109:31 & Ps. 110:5)*.

(5) Die feit dat God sy volk beskerm, word in Psalm 121 verse 6 tot 8 duidelik bevestig. God sal sy volk van alle boosheid bewaar, nóg "die son" nóg "die maan" sal hulle steek. God sal hul "uitgang" en "ingang" [m.a.w. hulle "kom en gaan"] bewaar. Hierdie poëtiese beeldspraak beklemtoon God se omvattende en onafgebroke sorg.

Wat is die hoofsaak hier? Dat die psalmdigter op God se liefdevolle sorg staatgemaak het en dat ons, natuurlik ook, dieselfde behoort te doen.

**Dink aan enkele praktiese maniere wat jy die realiteit van God se sorg beter kan ervaar. Hoe kan jy nouer met God saamwerk sodat Hy dinge in jou, en vir jou, kan vermag?**

# Die Here is ’n skuilplek te midde van benoudheid

**Lees Psalm 17:7-9, Psalm 31:1-3 en Psalm 91:2-7. Wat doen die psalmdigter in hierdie tye van teëspoed?**

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

Die psalmdigter het met uiteenlopende krisisse te kampe, en wend hom telkens tot die Here wat “ons hulp in benoudhede is” *(Ps. 46:2, OAB)*. Vertroue is hier ’n doelbewuste keuse — jy erken God se koningskap oor jou lewe in alle omstandighede. As vertroue nie in tye van teëspoed werk nie, des te minder in tye van voorspoed.

Let op die psalmdigter se woorde: “Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou” *(Ps. 91:2, OAB)*. Hierdie getuienis spruit uit vorige ervarings met God en help hom om sy geloof vir die toekoms te versterk. Die psalmdigter noem God die Allerhoogste en die Almagtige *(Ps. 91:1)*, ter herdenking aan die allesoortreffende grootsheid van God wat hy tot dusvêr ervaar het.

Die psalmdigter praat ook van die veiligheid wat God ’n mens bied. In vers 1: die “skuilplek” *(OAB & NLV)*, “skuiling” *(NAB)* of “beskutting” *(AFR20)*, en “skaduwee” *(OAB & AFR20)* of “skadu” *(NLV)*; in vers 2: “toevlug” en “vesting” *(NLV)* of “bergvesting” *(OAB)*; in vers 4: “vlerke” en “skild en pantser” *(OAB)* of “skild en pantser” *(AFR20)*; en in vers 9: “beskutting” *(OAB)* of “woning” *(AFR20)*. Hierdie beelde dui op konkrete dinge wat in die skrywer se kultuur met veiligheid geassossieer is. Die blote gedagte aan daardie landstreek se ondraaglike hitte, wek waardering vir die waarde van “skaduwee” of “skadu” as beskutting teen die felle son. Insgelyks is al die oorloë wat in Israel se geskiedenis gevoer is, genoeg om die nut van “skild en pantser” of “skild en skans” as veiligheidsmaatreëls te verstaan.

**Lees Psalm 17:8 en Matteus 23:37. Watter beeld word hier gebruik en wat bring dit aan die lig?**

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

Een van die intiemste metafore verskyn in die sinsnede, “in die skaduwee van u vleuels” *(Ps. 17:8, NAB; asook Ps. 57:2 en Ps. 63:8)*. Hierdie metafoor ontlok gevoelens van vertroosting en sekerheid, want dit suggereer die soort beskerming wat ’n moeder haar kuikens bied. Die Here word inderdaad op ander plekke met ’n arend vergelyk wat haar kleintjies onder haar vlerke wegsteek *(Eks. 19:4, Deut. 32:11)* of selfs met ’n hen wat haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak *(Matt. 23:37)*.

**Hoe hanteer ’n mens krisistye wanneer die Here se beskerming oënskynlik nêrens te siene is nie? Hierdie traumatiese ervarings beteken egter nie dat die Here ons in die steek gelaat het nie. Hoe so?**

# Ons Verdediger en Verlosser

**Lees 1 Korintiërs 10:1-4. Hoe beskryf Paulus die uittog uit Egipte? Watter geestelike les probeer hy sodoende tuisbring?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**Lees Psalm 114. Hoe word die godgegewe bevryding van die Israeliete uit Egipteland hier op 'n digterlike wyse beskryf?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Die beskrywing in Psalm 114, van hoe die Here sy volk op 'n wonderbaarlike wyse uit Egiptiese slawerny bevry het, is waarlik poëties. Regdeur die Ou Testament en selfs in die Nuwe, is die bevryding uit Egipteland 'n simbool dat God by magte is om sy volk te red. Dit is juis wat Paulus in hierdie skrifgedeelte in Korintiërs doen, waar hy die hele geskiedkundige gebeurtenis as 'n metafoor inspan om oor die verlossing in Jesus Christus te praat.

Psalm 114 beeld ook 'n ander verlossing uit, naamlik die mag wat die Here as soewereine Skeppergod oor die natuurkragte uitoefen, die wyse waarop Hy sy volk gedurende die uittog gered het. Die see, die Jordaanrivier, asook die heuwels en berge dui — heel poëties — op die mag van mens en natuur wat Israel op pad na die Beloofde Land probeer stuit het *(Deut. 1:44, Jos. 3:14−17)*. Die soewereine God troon egter bo al hierdie dinge uit.

Vir baie kinders van die Here, ongeag tydvak of plek, is die pad na die hemelse Kanaän met gevaar belaai. Psalms moedig hierdie pelgrims wat so swaar trek, aan om verby die opdraend te kyk, en hul aandag op die Skepper van hemel en aarde gevestig te hou *(Ps. 121:1)*.

Die gees van Psalm 114 word elders in die Bybel netjies weerspieël — in Jesus wat die storm ter see tot bedaring bring en wanneer Hy verklaar dat die kerk niks het om te vrees nie aangesien Hy reeds die wêreld oorwin het *(Matt. 8:23−27, Joh. 16:33)*.

Die groot wonderdade wat die Here vir sy volk verrig het, behoort die ganse aarde voor die almagtige God te laat bewe *(Ps. 114:7, OAB)*. In Afrikaans het ons die bekende uitdrukking, "vrees en bewing," wat eintlik op ontsag vir God dui. Wanneer Psalm 114 vers 7 dus sê dat die mensdom voor God moet bewe, behoort dit nie as verskrikking vertolk te word nie. Nee, dit vra dat die wêreld die Here behoort te erken en te aanbid *(Ps. 96:9, Ps. 99:1)*. Met God aan hul sy het gelowiges, bowendien, niks te vrees nie.

**Wat is sommige van die geestelike gevare wat ons as gelowiges in die gesig staar? Neem in ag dat hierdie wesenlike gevare vir die psalmdigter was, en steeds vir die hedendaagse Christen is. Hoe leer 'n mens om op die almag van God staat te maak om ons teen hierdie gevare te beskerm, sodat ons nie voor versoeking sal swig nie?**

______________________________________________________________

# Hulp uit die woonplek van God

**Lees Psalm 3:4, Psalm 14:7, Psalm 20:1-3, Psalm 27:5, Psalm 36:8, Psalm 61:4, asook Psalm 68:5 en 35. Waar, volgens hierdie teksverse, kom ons hulp vandaan?**

___

___

Dit is opmerklik dat die idee van skuilplek en hulp (beide die geestelike en fisieke soort) 'n motief is wat ook in verband met die heiligdom gebruik word. Die heiligdom *(lees Ps. 20:3 in die OAB, NAB, NLV & AFR20)* is 'n plek van hulp, beskutting en verlossing (let ook op die woorde "tent" in Ps. 27:5 in die OAB en AFR20 wat 'n mens aan die tenttabernakel laat dink). Dit bied skuiling aan die vermoeides en beproefdes. Die Here verdedig die wees en weduwee, en skenk krag aan sy kinders van omhoog, d.w.s. vanuit sy heiligdom. "Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans" *(Ps. 50:2, OAB)*. Wanneer dit gebeur, maak Hy sy regverdige oordele bekend en stort sy seëninge oor die vromes uit *(Ps. 84:4, Ps. 128:5 & Ps. 134:3)*.

Die skuiling wat ons in die heiligdom vind, oortref die veiligheid wat enige ander plek op aarde 'n mens bied omdat die Here persoonlik daar woon. Die beskerming wat die heiligdom bied, het eintlik niks met die stewigheid van 'n geboude struktuur te make nie. Nee, dit is die teenwoordigheid van God wat die verskil maak. Dit geld ook vir Sion. Dit oortref ander berge omdat die Here daar woon, hoewel die letterlike Sion basies 'n heuwel is *(Ps. 68:15 en 16, OAB; Jes. 2:2)*.

**"Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word"** *(Heb. 4:15 en 16, NAB)*. **In watter opsigte stem hierdie teksverse en wat die psalmdigter oor die heiligdom sê, ooreen?**

___

___

___

Die Here se woonplek is so heilig dat dit die psalmdigter tot belydenis bring: die ganse mensdom is sondig en niemand verdien God se guns nie. Hy voeg ook by dat bevryding van sonde slegs op die Here se getrouheid en genade berus *(Ps. 143:2, 9-12)*. Niemand is inherent verdienstelik voor God nie. Eers moet 'n mens jou sonde bely, en God se genade en vergifnis aanvaar, voordat jy reg voor God is. Dan eers kan jy die Here om verlossingsekerheid bid. Die tabernakeldiens versinnebeeld hierdie verlossing wat in Jesus te vinde is.

**Vir verdere studie:** Lees die volgende gedeelte uit Ellen G. White: "The Night of Wrestling" (bl. 195-203, *Patriarchs and Prophets*). Wat leer 'n mens uit Jakob se verhaal aangaande die krag van gebed wat voortduur by die Here, en oor onvoorwaardelike vertroue in Hom?

Psalms versterk 'n mens se geloof in God as die immer betroubare toevlug vir diegene wat hul lewens aan sy almag toevertrou. "Vir diegene wat op Hom vertrou, sal die Here groot dinge vermag. Die rede waarom sy belydende kinders nie [tans] oor meer krag beskik nie, is omdat hulle so geweldig op hul eie insigte staatmaak. Hulle gee nie die mag van God kans om neerslag in hul lewens te vind nie, 'n mag wat Hy juis ter wille van sy kinders beskikbaar stel. Die Here help sy gelowige kinders, ongeag die nood, mits hulle Hom geheel en al vertrou, en getrou aan sy voorskrifte bly" (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 493).

Sommige psalms is egter besonder uitdagend wanneer dié se beloftes nie strook met die uitdagende omstandighede waarmee 'n mens soms te kampe het nie. Wanneer dit gebeur, moet ons eenvoudig leer om op die Here se goedheid te vertrou, wat op sy kragtigste op Golgota geopenbaar is.

Dit gebeur ook soms dat bepaalde psalms vir die koestering van 'n vals hoop misbruik word. Let op Jesus se reaksie toe Satan Psalm 91 verse 11 en 12 verkeerd wou aanwend, 'n gebeurtenis wat toon dat 'n mens nie *die versoeking van God* met *vertroue in God* moet verwar nie *(Matt. 4:5−7)*; of om aanmatigend te wees. Ons moet ook nie die Here vra om iets te doen wat teen sy wil is nie.

"Die grootste oorwinnings vir die kerk van Christus en vir die gelowige individu is nie dié wat deur [persoonlike] talent of akademiese opleiding, of deur welvaart of die guns van mense verkry word nie. Die groot oorwinnings is dié wat op 'n mens se knieë voor God behaal word; wanneer opregte geloof, geloof waarvoor gestoei word, die magtige hand van God aangryp" (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 203).

## Vrae vir bespreking:

➊ **Bespreek die antwoord op Dinsdag se laaste vraag in klastyd. Dit gaan oor vertroue in God te midde van teëspoed, wanneer dinge lelik skeefloop. Hoe verstaan 'n mens hierdie dinge en waarom dit ons soms te beurt val, dit ten spyte van al die psalms se wonderlike beloftes oor God se beskerming? Bepeins ook die volgende: het die psalmdigter wat al hierdie wonderlike beloftes neergepen het, dan nie self teëspoed beleef of geweet van andere wat sulke dinge deurgemaak het nie?**

➋ **Hoe kan ons leer om in alle omstandighede volledig op die Here te vertrou?** *(lees bv. Ps. 91:14, Ps. 143:8 en 10 & Ps. 145:18-20)*. **Wat kan veroorsaak dat 'n mens hierdie vertroue verloor? Waarom is dit van kardinale belang dat ons die Here in tye van voorspoed vertrou, as 'n leerskool vir tye van teëspoed?**

# Die lied *van die* Here *in* *’n* vreemde land



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 79:5-13, Psalm 88:3-12, Psalm 69:1-3, Psallm 22:1, Psalm 77, Psalm 73:1-20, asook 1 Petrus 1:17.*

**Geheueteks: “Hoe sou ons die lied van die Here kan sing in ’n vreemde land?”** *(Psalm 137:4, OAB)*.

’n Mens hoef nie baie diep in die boek Psalms te delf om vas te stel dat hierdie gewyde werke in ’n onvolmaakte wêreld geskryf is nie; een waarin sonde, boosheid, lyding en die dood bestaan. Die stabiele skepping wat deur die soewereine Hemelkoning bestuur word, asook sy geregverdigde wette, word konstant deur die kwaad bedreig. Namate die aarde al dieper in morele verval wegsink, beleef die kinders van die Here dit toenemend as “vreemde grond” *(AFR20)*. Hierdie nare werklikheid skep ’n probleem vir die psalmdigter: Hoe lei ’n mens ’n lewe van geloof hier in die vreemde?

Soos ons reeds gesien het, gee die psalmdigters erkenning aan die opperheerskappy en mag van God, asook die regverdigheid van sy oordele. Hulle weet dat God die ewige en immer betroubare skuilplek en hulp in tye van benoudheid is. Dit is juis om dié rede dat die psalmdigters (en waarskynlik die meeste gelowiges) behoorlik kopkrap oor God se oënskynlike afwesigheid, oor die feit dat boosheid floreer en dit terwyl die Here as soewereine en goedhartige God regeer. Hierin bespeur ’n mens die paradoksale aard van die psalms as gebede: terwyl die psalmdigters in gesprek met God is, reageer hulle op sy oënskynlike swye. Met ander woorde, die psalmdigters reageer beide op God se oënskynlike afwesigheid en sy teenwoordigheid.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 3 Februarie.*

# In die slegte tyd

**Lees Psalm 74:18-22 en Psalm 79:5-13. Wat is hier op die spel?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Die psalmdigter probeer om sin van die groot stryd tussen God en die bose magte te maak, en wys op God se onpeilbare geduld, asook sy oneindige wysheid en mag.

Boosheid as 'n wesenlike probleem word hoofsaaklik op 'n teologiese wyse in Psalms aangeroer. Uiteraard behels dit vrae oor God. So word die vernietiging van Jerusalem tesame met die tempel dan grotendeels as 'n kosmiese skandaal beskou — die naam van God word in gedrang gebring, met die gevolg dat die heidene nou skietgoed vir die lastering van die Allerhoogste het. Neem in ag dat Israel God se erfporsie is. Hulle dui op 'n uitverkiesing en verbond *(Deut. 4:32−38 en 32:8 & 9)* wat nooit sal faal nie. Hierdie idee dat God 'n erfporsie ontvang, het boonop 'n eintydfaset: eendag sal Hy alle nasies as 'n erfporsie ontvang, 'n erfporsie wat Hom sal dien. So, die feit dat die nasies God se erfporsie hier inval, bedreig hierdie godgegewe beloftes.

Die psalmdigter erken egter, sonder twyfel, dat die volk se sonde hul verbondsverhouding met God bederf het en dat hulle dus self vir die gebakte pere verantwoordelik is *(Ps. 79:8 en 9)*. Israel se oorlewing hang geheel en al van God se genadige ingryping en die herstel van die verbondsverhouding deur sondebelydenis af. Die Here is die "God wat ons verlos" en bring God se getrouheid aan sy verbondsbelofte by die leser tuis *(Ps. 79:9, AFR20)*.

Belangriker as die herstel van Israel se voorspoed is egter die verdediging van God se karakter voor die mensdom *(Ps. 79:9)*. As die nasies se bose dade ongestraf bly, sal dit lyk asof die Here sy mag verloor het *(Ps. 74:18-23, Ps. 83:16-18 & Ps. 106:47)*. Slegs wanneer die Here sy volk red, sal sy Naam in ere herstel en voor die nasies verhef word.

Hierdie beginsel geld ook vir die moderne kerk. Deur ons sondes, ons afvalligheid en ons bose gedrag kan ons onsself 'n slegte naam gee. Sodoende gebeur iets veel ergers: ons maak 'n aanslag op die God wie se Naam ons bly. Wat meer is, ons verkeerde dade kan geestelik gesproke 'n nadelige uitwerking op ons getuienis en sending hê. Wie weet hoeveel mense al 'n afkeer in ons geloof gekry het en dit deur die optrede van belydende Christene?

**"Die eer van God, die eer van Jesus Christus, is op die spel wanneer dit by die vervolmaking van sy kinders se karakters kom" (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 671). Hoe verstaan jy hierdie belangrike waarheid? Watter implikasies hou dit vir jou geloofslewe in?**

______________________________________________________________

# Op die rantjie van die graf

**Lees Psalm 41:1-4; Psalm 88:3-12; asook Psalm 102:3-5, 11, 23 en 24. Watter ervarings word in hierdie teksverse beskryf? Op watter maniere kan jy aanklink vind by die dinge wat hier gesê word?**

_________________________________________________________________________

_________________________________________________________________________

_________________________________________________________________________

Hierdie gebede om verlossing van siekte en die dood demonstreer dat God se kinders nie van hierdie wêreld se lyding kwytgeskel is nie. Psalms openbaar die psalmdigter se vreeslike lyding. Hy het geen liggaamskragte nie en is soos uitgedrooge gras. Die psalmdigter het alle eetlus verloor, vat al aan die doderyk soos een wat saam met die gesneuweldes in die graf lê, is iets afskuweliks vir bekendes, is net vel en been van al die pyn, e.s.m.

Baie psalms aanvaar dat die Here hierdie beproewinge vanweë Israel se ongehoorsaamheid toegelaat het. Die psalmdigter besef dat sonde siekte kan bring en praat gevolglik van vergifnis wat genesing voorafgaan *(Ps. 41:4 en 5*). Sommige psalms, soos Psalm 88 and Psalm 102, erken nietemin die onaangename werklikheid — al gaan dit 'n mens se verstand te bowe — dat God se volk somtyds wel onskuldig ly.

In Psalm 88 kom die aanklag dat God die psalmdigter tot op die rantjie van die dood gebring het *(Ps. 88:5-7)*. 'n Mens moet egter die volgende in gedagte hou: ten spyte van die waaghalstigste aanklagte, is en bly hierdie weeklag steeds 'n geloofsgebaar; want as die Here as soewereine Hemelkoning dan hierdie benoudhede toelaat, kan Hy mos sy kind ten volle genees.

Hier, "waar hy aan die doderyk vat" *(OAB)*, dink die psalmdigter opnuut aan God se wonderwerke; sy goedertierenheid, trou en geregtigheid *(Ps. 88:11-13)*. Ten spyte van die gevoel dat die Here hom swaar beproef het, klou die psalmdigter aan God vas. Hoewel hy ly, maak hy nie God se liefde as onsin af nie, met die wete dat God sy enigste verlossing is. Hierdie beroepe wat hy op God doen, toon dat die psalmdigter nie net lyding ken nie, maar ook intiem met God se genade vertroud is. Wat meer is, dat die een nie die ander uitkanselleer nie.

Kortom, met die toelaat van beide lyding en verlossing openbaar God sy soewereine oppergesag. Die wete dat God in beheer is, boesem hoop in. Wanneer 'n mens boonop Psalm 88 in die lig van Jesus se lydingsweg beskou, het jy ontsag vir die omvang van sy liefde — want Hy was bereid om ter wille van die mensdom deur die graf te gaan.

**Dink aan Golgota en wat Jesus daar vanweë sonde aan die kruis moes deurmaak. Deur Christus het God erger as enige mens gely. Hoe help hierdie feit 'n mens om te midde van beproewing en lyding sterk in die geloof te staan?**

# Waar is God?

**Lees Psalm 42:1-3, Psalm 63:1, Psalm 69:1-3 en Psalm 102:1-7. Wat besorg die psalmdigter geweldig pyn hier?**

__________________________________________________

__________________________________________________

Persoonlike en gemeenskaplike lyding is nie al wat die psalmdigter pla nie. Hy bekommer hom oor ’n derde ding (dalk pla dit hom erger as die ander dinge): dit lyk of God nie aan sy diensknegte se lyding aandag skenk nie. God se afwesigheid voel soos die smagting na water in ’n kurkdroë land *(Ps. 42:1-3, Ps. 63:1)* en ’n doodsangs *(Ps. 102:2−4)*. Dit voel vir die psalmdigter asof hy van God geskei is en hy vergelyk homself met verlate voëls, eenkant en alleen. “Ek voel so verlate soos ’n pelikaan in ’n woestyn, soos ’n uil tussen murasies. As ek wakker word, voel ek soos ’n eensame voël op ’n huis se dak” *(Ps. 102:7 en 8, NAB)*.

Hierdie verwysing na die woestyn beklemtoon die Godverlatenheid wat die psalmdigter hier aanvoel. “’n Eensame voël op ’n huis se dak” beteken hy is duidelik nie waar hy hoort — op sy nes, sy rusplek — nie. “Uit die dieptes” roep die psalmdigter God aan, asof hy deur onstuimige waters verswelg word en in “diep modder” wegsak *(Ps. 69:1-3, NAB; Ps. 130:1, OAB)*. Hierdie beelde dui op ’n beklemming, ’n benoudheid soos die Afrikaanse sinoniem vir “angs” dit so netjies verwoord, ’n krisis sonder ’n uitkoms. Die enigste uitweg denkbaar kom van Bo.

**Lees Psalm 10:12, Psalm 22:1, Psalm 27:9 en Psalm 39:12. Hoe reageer die psalmdigter op God se oënskynlike afwesigheid?**

__________________________________________________

__________________________________________________

Merkwaardig is die feit dat die psalmdigter hom voorneem om nie te midde van God se swye self stil te bly nie. Die onderskeie skrywers van die boek Psalms glo vas in gebed, want hulle rig hul gebede aan die lewende en genadige God. God regeer steeds, selfs wanneer Hy afwesig blyk te wees. Hy bly dieselfde God wat hul gebede in die verlede aangehoor en verhoor het, derhalwe is hulle vas oortuig dat Hy hulle nou ook sal aanhoor en verhoor.

Hierdie tye waarin die Here oënskynlik swyg, lei die psalmdigters tot selfsondersoek en ’n soeke na God, deur die belydenis van sonde en smeekgebede wat in ’n gees van verootmoediging gebid word. Hulle weet dat God nie vir ewig sal stilbly nie. Psalms toon dat ons moet aanhou om met God te kommunikeer, ongeag die omstandighede waarin ons ons bevind.

**Wat kan ’n mens leer uit die psalmdigter se reaksies op God se oënskynlike afwesigheid? Hoe reageer jý wanneer dit lyk of die Here swyg? Hoe bly jy standvastig in die geloof?**

__________________________________________________

# Geld Sy beloftes dan glad nie meer nie?

**Lees Psalm 77. Wat maak die skrywer van hierdie psalm hier deur?**

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

Psalm 77 begin met ’n smeekgebed om hulp, ’n noodkreet vol weeklag en pynlike herinneringe aan die verlede *(Ps. 77:1-6)*. Die psalmdigter se hele wese roep droefgeestig uit tot God. Hy weier om vertroos te word, om enige vorm van verligting te aanvaar, tensy dit van die Here kom.

Nietemin lyk dit asof sy benoudheid toeneem wanneer Hy aan die Here dink. “Dink ek aan God, dan kreun ek” *(Ps. 77:4, AFR20)*. Die Hebreeuse woord wat as “kreun” vertaal word *(hamā)* beeld dikwels die buldering van malende water uit *(Ps. 46:4)*. Op ’n soortgelyke wyse is die psalmdigter se hele wese erg verontrus.

Hoe kan die gedagte aan God so ’n intense reaksie, so ’n geweldige angstigheid, ontlok? ’n Reeks knaende vrae verklap die rede vir dié angs *(Ps. 77:8-10)*: Het die Here verander? Kan die Here dan sy verbond skend?

Die skrille kontras tussen God se reddingsdade van die verlede en sy oënskynlike afwesigheid in die hede, lei tot ’n verwerpingsgevoel by die psalmdigter. Die psalmdigter redeneer só: as die Here dan verander het, het die hoop heeltemal beskaam — ’n gevolgtrekking waarteen hy verwoed spook.

Intussen kan die psalmdigter nie slaap nie omdat die Here hom wakker hou *(Ps. 77:5)*. Dit laat dink ’n mens aan ander bybelfigure wie se slapeloosheid deur die Here ter bevordering van die Godsplan gebruik is *(Gen. 41:1-8, Est. 6:1, Dan. 2:1-3)*. Terwyl die psalmdigter so wakker lê, kom al God se verlossingsdade van die verlede by hom op. Hierdie nostalgie bring egter ’n splinternuwe besef *(Ps. 77:6 en 11)*.

Die versekering wat die psalmdigter van die Here ontvang, is nie ’n klomp verduidelikings te verklaring van sy persoonlike omstandighede nie. Nee, dit is eerder ’n bevestiging dat God wel getrou en betroubaar is (net soos Job se verhaal). Die psalmdigter word aangemoedig om gelowig op die Here te wag en hy doen dit met die wete dat hierdie Here dieselfde God is wat in die verlede allerhande wonderwerke vir die volk verrig het *(Ps. 77:11-18)*. Die skrywer kom tot ’n belangrike besef: dat God se leiding ’n uitgemaakte saak is, selfs wanneer die menslike oog nie sy teenwoordigheid kan raaksien nie. “Niemand het u spoor gesien nie,” skryf die psalmdigter *(Ps. 77:20, NAB)*. Hy gee toe dat die Here terselfdertyd ’n geopenbaarde en verborge God is, en daarom besing die psalmdigter die Almagtige se raaiselagtige en soewereine weë.

**Dink aan kere in die verlede toe die Here dinge in jou lewe vermag het. Hoe kan hierdie wete ’n mens help om die uitdagings waarmee jy tans te kampe het, te hanteer?**

# 'Sodat die regverdiges hulle hande nie sal uitsteek na onreg nie'

**Lees Psalm 37:1 & 8, Psalm 49:5-7, Psalm 94:3-7 en Psalm 125:3. Waarmee spook die psalmdigter hier?**

___

___

Hierdie psalms beween die welvaart wat die goddelose tans beleef en die ongemaklike vraagstukke waarmee dit die regverdige laat. Om alles te kroon, floreer die goddelose nie net nie — soms verag hulle boonop die Here openlik en onderdruk ander mense. Die groot raaisel waarmee die gelowige spook, is dat "die septer van goddeloosheid" *(Ps. 125:3, OAB)* alom seëvier, terwyl die "regverdige septer" *(Ps. 45:7, OAB)* oënskynlik faal. Is dit nie maar beter om tou op te gooi, en soos talle andere, 'n mens aan goddeloosheid oor te gee nie?

**Lees Psalm 73:1-20 en vers 27. Wat help Asaf, die psalmdigter, om dié krisis deur te maak? Wat gebeur uiteindelik met diegene wat op nuttelose dinge vertrou het?** *(Lees ook 1 Pet. 1:17.)*

___

___

Terwyl Asaf in Psalm 73 op die sonde van die destydse samelewing gefokus bly, sien hy nie, soos God, die geheelbeeld raak nie. Die feit dat die goddelose welvaart geniet het, is hier 'n haas oorweldigende uitdaging vir sy geloof. Die psalmdigter meen selfs in 'n stadium dat sy argument oor die nutteloosheid van geloof met die werklikheid strook.

Met betrekking tot Asaf se worsteling en oënskynlike geloofskrisis in Psalm 73 lig Johannes Bugenhagen egter iets belangriks uit: "hierdie dinge maak [eintlik] 'n bespotting van diegene wat die eerste vers van hierdie psalm ignoreer, die vers wat juis 'n samevatting van sy skrywe is: 'God is vir Israel baie goed, vir dié wat rein van hart is'" (Johannes Bugenhagen, *Reformation Commentary on Scripture [Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press, 2018]*, bl. 11).

Asaf word toegelaat om die heiligdom te betree, die setel van God se soewereine regering. Daar kom hy tot die besef dat die teenswoordige gruwels slegs 'n splinter van die geheelbeeld is en dat hy die "uiteinde" — d.w.s. die goddelose se lot op die oordeelsdag — moet byreken. Let op die feit dat hierdie waarheidheidsbesef en belydenis van die dwaashede wat hy vroeër kwytgeraak het, in die heiligdom gebeur. Dit toon dat 'n mens die werklikheid slegs m.b.v. geestelike insig kan begryp, en nie deur menslike logika nie.

**So baie boosheid bly ongestraf in ons wêreld. Hoe put jy vertroosting uit die belofte dat God die ganse mensdom gaan oordeel, dat Hy sy oordele oor die kwaad gaan afbring?**

___

**Vir verdere studie:** Lees Psalm 56 en die volgende gedeelte uit Ellen G. White: "Rejoicing in the Lord" (bl. 115-126, *Steps to Christ*).

Net soos die psalmdigters wonder die gelowiges van elke tydvak soms hoe om die lied van die Here in "'n vreemde land" te sing. Ons geloof in God se opperheerskappy word kwaai getoets, soms is dit 'n vuurdoop. Vertwyfeling is 'n moontlikheid en 'n mens vra dan: Is God inderdaad in beheer, werklik so magtig en goed as wat die Skrif sê?

Bybelse geloof kom ewe veel op onsekerheid en spanning as sekerheid en oortuiging neer. Onsekerheid en afwagting, veral te midde van boosheid en God se oënskynlike afwesigheid, kan byna ondraaglik wees. Nietemin is die onsekerheid ons eie. Ons behoort dit nie op God — op sy liefdevolle en volmaakte regverdige karakter, sy betroubaarheid — te projekteer nie. Selfs al is die psalmdigters soms onseker oor die toekoms, beroep hierdie godsmanne hulle steeds op die Here se onfeilbare liefde en getrouheid *(Ps. 36:5-10, Ps. 89:2 en 8)*.

Ons behoort hulle voorbeeld te volg. "Skraap alle moed denkbaar bymekaar, wanndeer dit by probleme kom, om opwaarts te kyk en nie afwaarts nie. Dan sal jy nooit opgee op die geloofspad nie. Kort voor lank sal jy Jesus agter die donker wolke sien, met uitgestrekte hand gereed om te help. Al wat jou te doen staan, is om jou hand opreg gelowig in Syne te sit en toe te laat dat Hy jou lei. Namate jy deur die geloof in Jesus op Hom begin vertrou, sal jy hoopvol bly" (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 578 en 579).

Die kere wat God "sy aangesig verberg" [soos die OAB dit stel] ondermyn nie die doeltreffendheid van gebed nie. In teendeel, hierdie "tye van swye" noop die psalmdigters tot selfondersoek, om te dink aan God se verlossingsdade van die verlede, en om met boetedoening en nederige smeekgebede tot God te gaan *(Ps. 77:11-16, Ps. 89:46−52)*. "Deur swaarde met vertwyfeling en opponerende invloede te kruis, word 'n mens se geloof al sterker. Die ervaring wat uit hierdie beproewings te put is, se waarde is vêr bokant die duurste juwele" (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 3, bl. 555).

## Vrae vir bespreking:

**❶ Watter spanning het die psalmdigters te midde van boosheid beleef? Watter soortgelyke spanningsvolle tye moes jy al deurmaak? Hoe het jy dit gehanteer? Hoe behou jy jou geloof te midde van sulke geloofskrisisse?**

**❷ Waar behoort 'n mens na antwoorde te soek wanneer jou geloof in God deur uitdagende omstandighede getoets word, of selfs getoets word deur mense wie se lyding maak dat hulle die goedheid en mag van God in twyfel trek?**

**❸ Hoe beantwoord jy die volgende algemene vraag: waarom bestaan boosheid in 'n wêreld wat deur 'n almagtige en liefdevolle God geskep en in stand gehou word? Hoe help die groot-strydmotief ons om hierdie uitdagende vraag (ten minste tot 'n mate) te beantwoord?**

**Les 6** **3 tot 9 Februarie*

# Ek gryp nou in



## Sabbatmiddag

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 18:3-18, Psalm 41:1-3, Deuteronomium 15:7-11, Psalm 82, Psalm 96:6-10, Psalm 99:1-4 en Romeine 8:34.*

**Geheueteks:** **"Maar die Here sê: 'Die swakkes word mishandel en die armes kla. Daarom gryp Ek nou in en gee uitkoms aan dié wat daarna smag'"** *(Psalm 12:6, NAB)*.

Dit is nie net in die teenswoordige tydvak dat boosheid, ongeregtigheid en onderdrukking die hoogty vier nie. Die psalmdigters het in hulle dag ook sulke dinge beleef. So, benewens al die ander dinge wat die psalms is, beliggaam dit ook God se protes teen die geweld en onderdrukking in die wêreld, ongeag of dit die wêreld van die psalmdigters of die hedendaagse mens is.

Ja, die Here is lankmoedig. Uit sy grote liefde weerhou Hy sy toorn omdat Hy nie wil hê dat enigeen verlore moet gaan nie, maar dat hulle eerder tot inkeer moet kom en hul weë moet verander *(2 Pet. 3:9-15)*. Hoewel God se bestemde tyd vir sy ingryping nie altyd met die verwagtinge van die mens saamval nie, is die oordeelsdag wel op pad *(Ps. 96:13, Ps. 98:9)*. Ons moet bloot op Hom en sy beloftes vertrou, totdat daardie dag uiteindelik aanbreek.

Die Skeppergod se troon is op reg en geregtigheid gegrondves *(Ps. 89:14, Ps. 97:2)* en sy oordele het die hoogste gesag, en daarom kan sleg Hy stabiliteit en vooruitgang aan die wêreld bring. God se oordeel is tweeledig: verlossing van die onderdruktes en vernietiging van die goddelose *(Ps. 7:7-18)*.

Dit is wat aan ons belowe word en wat ons inderdaad eendag sal beleef, maar soos die psalmdigter beklemtoon: op die dag wat God beskik het, nie wanneer ons dit wil hê nie.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 10 Februarie.*

# Die verhewe Krygsman

**Lees** **Psalm 18:3-18, Psalm 76:3-9 en 12, asook Psalm 144:5-7. Hoe word die Here in hierdie teksverse uitgebeeld? Wat sê hierdie beelde vir ons oor God se gewilligheid om sy volk te red?**

Hierdie liedere prys die Here vir sy ontsagwekkende mag, 'n mag wat sterker is as die duister magte wat sy volk bedreig. Hierdie psalms beeld die Here in sy majesteit as Kryger- en Regtergod uit. Hierdie versinnebeelding van God as 'n krygsoldaat verskyn dikwels in die boek Psalms. Die intensiteit en dringendheid van God se respons op die noodkrete en lyding van sy volk word sodoende beklemtoon.

Let op die "kryger-taal" in die volgende sinsnedes van Ps. 18: "Die Here se stem donder uit die hemel;/ die Allerhoogste laat sy stem hoor:/ hael en weerligstrale./ Hy skiet sy pyle, verstrooi sy vyande;/ sy weerlig flits, hulle is verbysterd./ Die bodem van die see word sigbaar,/ die fondamente van die aarde word ontbloot/ deur die gebulder van die Here,/ en die rukwind van sy asem" *(verse 14-16, NLV)*.

Let op die absolute vasberadenheid en omvang van God se optrede hier. Dit toon, en verdryf ook enige twyfel, dat Hy inderdaad barmhartig teenoor diegene is wat ly en dat Hy beslis by magte is om die kwaad te oorwin. Ons moet net geduldig op Hom wag, dis al.

Uiteindelik besef 'n mens dat selfs wanneer God se verkose werktuie (soos Dawid) by oorlog betrokke was, die oorwinning nie deur die toedoen van die mens behaal is nie. In sy vele oorloë en veldslae teen die vyande van God se volk het koning Dawid telkens die oorwinning uitsluitlik aan die Here toegedig. Hy het baie oomblikke van sukses en triomf beleef, en kon dus maklik homself op die skouer klop. Tog was Dawid nie so ingestel nie. Hy het geweet wie vir sy magtige dade op die slagveld verantwoordelik was — die Here.

Hoewel Dawid skryf dat die Here hom krygsvaardig maak *(Ps. 18:34)*, lees 'n mens nêrens in Psalms dat die koning op daardie bedrewenheid staat gemaak het nie. Inteendeel, dit is die Here wat namens Dawid baklei en hom uit die hand van die vyand bevry het *(Ps. 18:47 en 48)*.

Hoewel koning Dawid bekend vir sy bedrewenheid op die slagveld was, vertolk hy in Psalms die rol van 'n bedrewe musikant waarin hy die Here as die enigste bevryder en beskermheer van sy volk loof *(Ps. 144:10−15)*. Die rig van lofliedere en gebede tot God is waar Dawid sy krag vandaan gekry het. Dit is kragtiger as enige oorlogswapen. God is al een op wie 'n mens moet vertrou en wie jy moet aanbid.

**Let op die talente en vaardighede wat jy het, asook die suksesse wat jy al behaal het. Waarom moet 'n mens, ongeag hoeveel daarvan jy ontvang en behaal het, altyd onthou waarvandaan jou talente en vaardighede waarlik kom? Watter gevare hou dit in om die Skenker van hierdie dinge uit die oog te verloor?**

# Geregtigheid vir die onderdruktes

**Lees Psalm 9:18, Psalm 12:5, Psalm 40:17, Psalm 113:7, Psalm 146:6-10 en Psalm 41:1-3. Watter boodskap put 'n mens, self in ons tyd, uit hierdie teksverse?**

God toon veral sy besorgdheid oor die vele weerlose mensgroepe in die samelewing, dat reg en geregtigheid vir diesulkes moet seëvier. Hierdie persone sluit die armes, behoeftiges, onderdruktes, wese, weduwees en wewenaars, asook vreemdelinge in. Die boek Psalms noem dit pertinent, net soos die Pentateug (d.w.s. die vyf boeke van Moses) en die Profete *(Eks. 22:21-27, Jes. 3:13-15)*.

Baie psalms praat dikwels tesame van "die ellendiges en die behoeftiges" *(OAB)*, of "die hulpeloses en die armes" of "die swakkes en die armes" *(NLV)*, en vermy die gebruik om m.b.v. uitsluitlik nasionale en religieuse terme na die onderdruktes te verwys. Dit word gedoen ter beklemtoning van die feit dat God se sorg universeel is, m.a.w. die ganse mensdom insluit.

Die uitdrukking "die swakkes en die armes" is nie beperk tot stoflike armoede nie, maar dui ook op weerloosheid en hulpeloosheid. Hierdie sinsnede doen 'n beroep op God se barmhartigheid, en verwoord die idee dat die lydende party alleen is en geen hulp behalwe God s'n het nie. Die uitbeelding van hierdie tipe persoon as "swak en arm" het ook betrekking op die opregtheid, eerlikheid en liefde wat 'n mens vir God het; die soort waarin jy bely dat jy totaal van God afhanklik is, en alle trekke van die eie-ek, asook selfgenoegsaamheid afsweer.

Terselfdertyd toon 'n mens jou getrouheid aan die Here deur om te sien na die behoeftiges *(Ps. 41:2-4)*. Om die weerloses kwaad aan te doen, was 'n besonder afskuwelike sonde in die bybelse kultuur *(Deut. 15:7-11)*. Die boek Psalms inspireer opregte verbondskinders om gesamentlik elke onderdrukking skerp te veroordeel.

Psalms onderstreep ook hoe nutteloos dit is om 'n mens se vertroue op verganklike, mensgemaakte dinge as jou grondslag, asook jou hoogste bron van wysheid en sekerheid, te stel. Om menslike leiers en mensgemaakte instellings as die vertrekpunt van jou groot verlossingshoop te hê, veral wanneer hul weë nie in pas met God is nie, is 'n versoeking wat die volk van God moet teëstaan.

Deur sy grote genade het die Here Hom met die armes vereenselwig deur Self armoedig gebore te word, sodat baie deur sy armoede rykdom kon bekom *(2 Kor. 8:9)*. Wat behels dié rykdom van Christus? — onder andere die bevryding van elke vorm van onderdrukking wat deur sonde die wêreld binnegekom het. Wat meer is, Hy belowe ons die ewige lewe in die koninkryk van God *(Op. 21:4)*. Jesus Christus vervul die belofte wat Psalms ons gee: dat God die groot Regter is wat elke misdaad teen die behoeftiges sal oordeel. Dit sluit ook die versuim in om 'n mens se verpligting teenoor die armes na te kom *(Matt. 25:31-46)*.

**Hoe baie aandag skenk ons aan "die swakkes en die armes" in ons midde? Hoeveel doen ons vir hulle?**

# Hoe lank sal julle onregverdig oordeel?

Aan die volk se leiers het God die gesag gegee om reg en geregtigheid in Israel te handhaaf *(Ps. 72:1-7 en 12-14)*. Israel se konings moes hul gesag in ooreenstemming met God se wil uitoefen. Die leiers se hooftaak was die handhawing van vrede en reg en geregtigheid, en die versorging van die samelewing se agtergeblewenes. Slegs dan sou die land en al sy mense floreer. Dit is deur getrouheid aan God dat die koning se regering vasstaan, nie deur die mag van die mens nie.

**Lees Psalm 82. Wat gebeur wanneer die reg verydel word en die leiers die mense wat hulle veronderstel is om te beskerm, onderdruk?**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

In Psalm 82 spreek God sy oordele oor Israel se korrupte regters uit. Die meeste Afrikaanse vertalings, insluitende die 2020-vertaling, praat van "gode" in verse 1 en 6, terwyl die NAB 'n onderskeid maak in vers 1 en van "die hemelwesens" praat. Hierdie "gode" in verse 1 en 6 verwys duidelik nie na heidense gode of engele nie omdat die taak om reg en geregtigheid aan God se volk te bring, hulle nooit opgelê is nie. Derhalwe kan die heidense gode en die engele nie hier van taakversuiming beskuldig word nie. Die aanklagte wat in Psalm 82 verse 2 tot 4 gebring word, het dieselfde trant as die Tora [oftewel die Pentateug] waarin die "gode" as Israel se leiers geïdentifiseer word *(Deut. 1:16-18 & 16:18−20, Joh. 10:33-35)*. God ondervra hierdie "seuns van die Allerhoogste" om te bepaal of hulle regverdig geoordeel het, daarna kom die straf omdat die volk se regters hulle aan ongeregtig skuldig gemaak het. Die leiers tas in die duister rond, sonder enige kennis of insig *(Ps. 82:5)*. Waarom gebeur dit? — want hulle het God se wet, die einste lig wat in staat is om hul skrede te rig, in die wind geslaan *(Ps. 119:105)*.

Die Skrif staan rotsvas by die siening dat die God van Israel die enigste God is. God "bestuur" die mensdom in samewerking met die leiers wat Hy as sy verteenwoordigers op aarde gekies het *(Rom. 13:1)*. Die wêreldgeskiedenis en die teenswoordige orde toon, ongelukkig, dat hierdie menslike leiers al te dikwels misbruik van hul godgegewe amp maak.

Psalm 82 skeer die gek met hierdie leiers. Hulle meen dat hulle, in hul hoedanigheid as "gode," bo andere verhewe is, terwyl hulle in werklikheid afvallig is. Hoewel die gesag en voorregte wat die Israelitiese leiers geniet het 'n geskenk van God was, en hulle "seuns van die Allerhoogste" genoem is en as afgevaardiges Hom op aarde verteenwoordig het, verwerp die Here die goddelose leiers hier. Hy herinner hulle daaraan dat hulle doodgewone mense is — sterflik en onderhewing aan dieselfde sedewette as die res. Niemand is bokant die wet van God verhewe nie *(Ps. 82:6-8)*.

God gaan die ganse mensdom oordeel. Sy kinders sal self ook rekenskap voor God moet gee. Beide leiers en leke behoort die voorbeeld van die Regtergod te volg en hul hiernamaalshoop in Hom te stel.

**Watter gesag het jy oor andere? Hoe billik en regverdig is jy in die uitoefening van daardie gesag? Slaan ag op jou optrede.**

______________________________________________________________________

# Laat U straf hulle tref

**Lees Psalm 58:6-8, Psalm 69:22-28, Psalm 83:9-17 en Psalm 94:1 & 2, asook Psalm 137:7-9. Watter sentimente dra hierdie psalm oor? Wie doen die oordeelswerk in hierdie psalms?**

________________________________________________________

________________________________________________________

Sommige psalms doen ’n beroep op die Here om Hom te wreek op individue of nasies wat van plan is om die psalmdigters en hul mense leed aan te doen of wat alreeds so gemaak het. Hierdie psalms kan ’n mens laat kopkrap vanweë die harde dinge wat daarin gesê word, oënskynlik uit pas met bybelse beginsels dat ’n mens jou vyande moet liefhê *(Matt. 5:44)*.

Tog is die psalmdigter se verontwaardiging in reaksie op onderdrukking ’n goeie ding. Dit beteken dat hy, in teenstelling met die gemiddelde mens, erns met waardebesluite oor reg en verkeerd maak. Hy bekommer hom — ja, selfs vreeslik — oor die onreg op aarde, en nie net dié wat hom aangedoen word nie, maar ook dié wat andere aangedoen word.

Die psalmdigter gee egter nêrens te kenne dat die wraak hom toekom nie. Inteendeel, hy laat dit geheel en al in God se hande. Die boek Psalms herinner aan die verbondsvervloekinge wat God die volk gegee het *(Deut. 27:9−16)* en doen dus ’n beroep op die Here om in te gryp [teen kwaaddoeners], soos Hy belowe het.

Die psalms is profetiese verklarings oor God se naderende oordele en verwoord nie uitsluitlik die psalmdigter se gebede nie. Psalm 137 weerspieël die aankondiging van God se oordele oor Babilon soos dit in die Profete opgeteken is. Die wiel draai na die verwoesting wat die Babiloniërs onder ander nasies gesaai het. Psalms bevat Goddelike waarskuwings dat boosheid nie ongestraf sal bly nie.

God se wraak word met genade en reg en geregtigheid getemper. Kinders van die Here se roeping is om te bid vir diegene wat hulle sleg behandel en te hoop dat diesulkes tot bekering sal kom *(Ps. 83:18 & Jer. 29:7)*.

Ons probeer dus verstaan hoe hierdie psalms met die bybelse idee van liefde vir ’n mens se vyand strook. Terselfdertyd moet ons egter uiters versigtig wees om nie die erns van die [skerp-bewoorde] wroeging wat hierin verwoord word, opsy te skuif nie. God erken die lyding van sy kinders en gee hulle die versekering: “In die oë van die Here is die dood van sy troue volgelinge ’n duur verlies” *(Ps. 116:15, AFR20)*. God se uitsprake noop sy volk om hulle teen alle booshede uit te spreek en om aktief uit te sien na die koninkryk van God in al sy fasette. Psalms gee ook ’n stem aan elkeen wat ly, en bring dit onder hul aandag dat Hy bewus van hul seerkry is; dat reg en geregtigheid eendag sal geskied.

**Wie van ons dink of droom nie soms van vergelding vir diegene wat ons of ons geliefdes vreeslik te nagekom het nie? Hoe kan hierdie psalms ’n mens help om sulke gevoelens in die regte lig te sien?**

________________________________________________________

# God se oordeel en die heiligdom

**Lees Psalm 96:6-10 en Psalm 99:1-4, asook Psalm 132:7-9 en verse 13-18. Waar vind God se oordeel plaas? Watter implikasie hou die antwoord op die vorige vraag vir ons in? Hoe help die heiligdom 'n mens om te verstaan hoe God die probleem met boosheid op aarde hanteer?**

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

God se oordeel hang nou met die heiligdom saam. Nadat die psalmdigter God se heiligdom betree het, kom hy oplaas tot beter insigte oor die probleem van boosheid op aarde *(Ps. 73:17-20)*. Die heiligdom is immers opsygesit as die plek waar God sy beslissings gee, soos duidelik blyk uit die uitsprake wat deur die urim en tummim gekom het *(Num. 27:21)*, tesame met die hoëpriester se borssak ['n soort "dubbele voorskoot" met 'n voor- en agterpant] wat ook 'n rol in daardie oordeel gespeel het *(Eks. 28:15, 28-30)*. In ooreenstemming hiermee beeld baie psalms die Here uit waar Hy op sy troon in die heiligdom sit, gereed om oor die sondige en bose wêreld te oordeel.

Dit is in die heiligdom dat die verlossingsplan geopenbaar is. Die paganistiese gelowe van ouds het sonde hoofaaklik as 'n fisiese klad beskou, wat deur towerrituele geëlimineer moes word. Die Bybel, daarenteen, beeld sonde as die oortreding van God se sedewet uit. God se heiligheid beteken dat Hy 'n behae in reg en geregtigheid, en regverdigheid het. Op 'n soortgelyke wyse behoort sy volk reg en geregtigheid na te jaag en die Here as die heilige Opperwese te bid. Dit kan hulle slegs doen deur sy wette, wat uitdrukking aan sy heiligheid gee, te onderhou.

Die heiligdom is dus die plek waar die vergifnis van sonde plaasvind, tesame met die herstel van geregtigheid. Dit blyk uit die versoendeksel in die antieke tempelstelsel, die aardse setel van die Israeliete se hemelse versoening. Let ook op die "offers van geregtigheid" *(Deut. 33:19, OAB; Ps. 4:5)* wat saam met daardie vergifnis en versoening gaan.

Tog wreek hierdie "vergewende God" *(Ps. 99:8, OAB)* Hom op die goddelose dade van die onboetvaardiges. Die feit dat die heiligdom die plek is waar die oordeel plaasvind, het praktiese implikasies: ten eerste, dat 'n mens voortdurend van God se heiligheid bewus is; en ten tweede, dat jy by die Godgegewe voorskrif hou om 'n vrome lewe te lei wat in pas met God se verbondsvereistes is.

God se oordeel vanuit Sion lei tot die welstand van die regverdiges en die ondergang van dié wat boosheid bedrywe *(Ps. 132:13-18)*. Die heiligdom is die plek waar die volk 'n jubelende afwagting gekoester het; aangesien hulle daar, veral op die groot Versoendag, op die verskyning van God as die groot Regter gewag het. Op 'n soortgelyke wyse gee die psalms sterker uitdrukking aan die sekerheid dat die groot Regter se tabernakelverskyning op hande is *(Ps. 96:13 & Ps. 98:9)* — te wete in die vorm van Jesus Christus wat sy plek in die hemelse heiligdom inneem *(Op. 11:15-19)*.

**Lees Romeine 8:34. Hoe toon hierdie teksvers dat Christus se taak in die hemelse heiligdom eintlik goeie nuus vir sy volk is?**

________________________________________________________________________

**Vir verdere studie:** Lees die volgende gedeelte uit Ellen G. White: "The Beatitudes" (bl. 6-13 en 29-35, *Thoughts From the Mount of Blessing*).

Die boek Psalms protesteer teen die traak-my-nie-agtige houding wat die mens teenoor ongeregtigheid het, weier om die kwaad te aanvaar. Die motivering in hierdie skrywe is nie wraak nie, maar 'n vasbeslotenheid om lof en eer aan God te bring. Om dié rede is dit gepas vir die regverdiges om hulle te verheug in die dag dat God Hom op die bose wreek, siende dat die Here se naam en sy geregtigheid op aarde deur sy oordele herstel word *(Ps. 58:10 en 11)*. Psalms noop ons om ons stemme teen die kwaad te verhef en om aktief uit te sien na die koms van God se koninkryk in al sy fasette. In die psalms ontvang ons die versekering dat die Here ons sy troos en redding sal skenk. God sal inderdaad opstaan en oordeel!

" 'Geseënd is julle,' het Jesus gesê, 'wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê' (Matt. 5:11, NAB). Jesus het hulle op die profete gewys, godsmanne en -vroue wat met die gesag van God gepraat het, 'as voorbeelde van lyding en geduld' (Jak. 5:10, NAB). Abel, die heel eerste van Adam se kinders wat 'n Christen was, het as martelaar gesterf. Henog het saam met God gewandel en die wêreld het hom misken. Met Noag het hulle die spot gedryf, hom as 'n fanatikus en 'n oproermaker gebrandmerk. Sommige 'het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie en gevangenskap… Ander weer is gemartel, maar wou… die prys vir hulle vrylating [nie] betaal nie omdat hulle die opstanding tot 'n beter lewe wou verkry' (Heb. 11:36, AFR20; en vers 35, NLV)" (Ellen G. White, *Thoughts From the Mount of Blessing*, bl. 33).

## Vrae vir bespreking:

**❶ Die pynlike besef dat die kwaad oraloor hoogty vier op aarde, kan 'n mens laat wonder of die Here dan werklik in beheer van alles is. Hoe kan ons dus die soort geloof aankweek wat selfs te midde van die felste versoeking onwankelbaar bly? Met ander woorde: waarop moet 'n mens fokus ten einde jou geloof in die liefde, goedheid en almag van God te behou? Wat behoort die kruis vir 'n mens oor God en sy karakter te sê?**

**❷ 'n Mens behoort liefs nie staat te maak op die mens (soos leiers) en mensgemaakte instrumente (soos instellings en bewegings) as die hoogste vorm van wysheid of as oplossing vir die soeke na reg en geregtigheid in die wêreld nie. Waarom moet ons eerder geheel en al op die Woord van God en sy oordele staat maak?**

**❸ Bepeins die waarheid aangaande die heiligdom as die plek waar God se oordeel plaasvind. Watter praktiese implikasies het hierdie bybelwaarheid?**

**❹ Hoe verstaan 'n mens die psalmdigters se skerp uitsprake in sommige van die psalms? Hoe help hierdie soort taalgebruik die gelowige om aansluiting by die eg-menslikheid van daardie skrywers te vind?**

**LES 7** **10 tot 16 Februarie*

# Tot aan die hemel *reik* U troue liefde



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 136, Psalm 51, Psalm 130, Psalm 113 en Psalm 123.*

**Geheueteks:** **"Ek wil U dank onder die volke, my Heer, ek wil U besing onder die nasies; want groot, tot aan die hemel, reik U troue liefde; tot by die wolke is U waarheid"** *(Psalms 57:10 en 11, AFR20)*.

Die psalmdigters besef dat hulle geestelik arm is en niks sinvols het om die Here te bied nie. Wat beteken dit? Dat hulle nie van nature geskik was om voor God se heilige troon te mag verskyn nie *(Ps. 40:17)*. Die psalmdigters besef dus dat hulle in dieselfde bootjie as alle ander mense is — behoeftig aan God se genade.

Kortom, hulle benodig die evangelie.

Psalms beklemtoon die feit dat die mens geheel en al afhanklik van God se genade is. Gelukkig is die Here se genade ewigdurend, soos blyk uit beide sy skepping en die geskiedenis van sy volk *(Ps. 136)*. Voor die ewige God is die mens vlietend soos gras wat gou verdor, maar die Here ontferm Hom oor ons en gee ons hernude krag *(Ps. 103:3-5 en 15)*. In Hom het ons die belofte van die ewige lewe.

Die volk van God put vertroosting uit die feit dat die Here getrou aan sy belofte is. Die volk se versoeke hier in Psalms — selfs al is dit intense smeekbede — getuig dikwels van hoop omdat dit aan hul barmhartige hemelse Vader gerig word *(Ps. 103:13, Ps. 68:5 & Ps. 89:25)*. Splinternuwe belewenisse van God se genade en liefde gee stukrag aan hul voorneme om die Here — en Hom alleen — te dien en te aanbid.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 17 Februarie.*

# Want vir ewig duur Sy troue liefde

**Lees Psalm 136. Watter deurlopende gedagte kom hier voor? Waarop steun hierdie bewering wat die psalmdigter telkens maak?**

Psalm 136 doen 'n beroep op die volk om die Here te prys vir sy goedertierenheid wat deur sy skepping *(Ps. 136:4-9)* en regdeur Israel se geskiedenis *(Ps. 136:10-22)* geopenbaar word. Sommige Engelse vertalings praat van "mercy" (oftewel "genade") hier. Die oorspronklike Hebreeus is *khesed*, wat "standvastige liefde" beteken (en wat dus op 'n raker wyse deur die Afrikaanse 2020-vertaling weergegee word as "troue liefde"). Hoe dit ook al sy, *khesed* dui op God se goedheid en lojaliteit teenoor sy skepping, en teenoor Israel met wie Hy 'n verbond aangegaan het. Die psalm toon dat God se ongelooflike krag en mag, asook grootsheid, in sy troue liefde gegrondves is.

Die Here is "God van die gode" en "die Heer van die here," 'n Hebreeuse idioom wat "die grootste God" beteken *(Ps. 136:2-3, AFR20 & OAB)*; bedoelende dat Hy die enigste God is, nie dat ander gode bestaan nie.

Die Here se groot wonders, wat deur niemand anders nagedoen kan word nie, is 'n onteenseglike bewys van sy opperheerskappy *(Ps. 136:4)*. Al daardie dinge wat die paganiste aanbid — die hemel en aarde, en die hemelliggame — is deur die Here geskape *(Deut. 4:19)*. Die boek Psalms stroop egter die paganistiese gode van hul gesag, en in dieselfde asem, ook dié van elke mensgebaseerde ding waarin die ongelowige sy of haar vertroue stel. Hierdie dinge is bloot uitvloeisels van die skepping. Hulle is dus geskape, en nie die Skeppergod Self nie — 'n uiters belangrike onderskeid om te tref.

Die beeld van die Here se "sterk hand" en "uitgestrekte arm" *(Ps. 136:12, OAB)* lê klem op die doeltreffenheid van God se mag, asook die oneindige vêrreikendheid van sy troue liefde en genade.

God se genadige liefde blyk uit sy skepping en die geskiedenis. Dit behoort sy volk tot vertroue in Hom en getrouheid aan sy verbond te inspireer. Die refrein "want vir ewig duur sy troue liefde" word 26 keer in Psalm 136 herhaal en versker daarmee die aanbidder dat die Here nie sal verander nie, dat God dieselfde guns wat Hy in die verlede aan sy kinders bewys het, aan elke nuwe geslag sal skenk. Die Here vergeet nie sy volk nie *(Ps. 136:23)* en is getrou aan sy verbond van genade. Die oortuiging dat God se liefdevolle goedertierenheid blywend is, vorm die kern van bybelse geloof; en sluit uitbundige aanbidding en vertroue in die Here, asook ingetoënheid en bekering in.

Psalm 136 (verse 23-25) sluit af met die feit dat God se sorg universeel is (m.a.w. die ganse wêreld insluit). Sy troue liefde en goedertierenheid word nie net aan Israel geskenk nie, maar aan die ganse skepping. Dié psalm praat dus van die allesomvattende aard van God se reddende genade, en doen 'n beroep op die ganse mensdom om by Israel aan te sluit en tesame die Here te loof (*lees ook Luk. 2:10, Joh. 3:16 & Hand. 15:17)*.

**Let op die beeld van Jesus aan die kruis, sterwende as plaasvervanger vir ons sonde. Dink ook aan die groot waarheid wat in die sinsnede "want vir ewig duur sy troue liefde"** *(AFR20)* **verwoord word. Hoe toon Golgota hierdie groot waarheid op 'n kragtige wyse?**

# Skep in my 'n rein hart

**Lees Psalm 51:1-5. Waarom beroep die psalmdigter Hom op God se genade?**

Koning Dawid stort hier sy hart voor die Here uit. In die donkerste oomblikke van sy geestelike lewe bid hy om vergifnis van sonde *(2 Samuel 12)*. Vergifnis is God se grootste genadegawe aan die mensdom en spruit uit "die grootheid van u barmhartigheid" *(Ps. 51:1, OAB)*. Koning Dawid smeek by die Here om hom nie te behandel soos hy verdien om behandel te word nie *(Ps. 103:10)*, maar liewer in ooreenstemming met sy verhewe karakter; d.w.s. op 'n genadige, getroue en barmhartige wyse *(Ps. 51:1, Eks. 34:6 en 7)*.

**Lees Psalm 51:6-19. Hoe word die vergifnis van sonde hier uitgebeeld? Wat is die doel van die vergifnis wat God ons skenk?**

Goddelike vergifnis behels meer as net 'n geregtelike bevinding van onskuld. Dit bring 'n aangrypende verandering in die individu se diepste wese mee *(Ps. 51:6, Heb. 4:12)*. Dit is 'n herskepping van die mens *(Ps. 51:10, Joh. 3:3-8)*. Die Hebreeuse woord wat as "skep" vertaal word, bara', dui op God se skeppende mag *(Gen. 1:1)*. Slegs die Here kan bara' – m.a.w. slegs Hy kan 'n radikale en blywende verandering binne-in die boetvaardige persoon teweeg bring *(2 Kor. 4:6)*.

Dawid bid om met hisop gereinig te word *(Lev. 14:2-8 & Ps. 51:9)*. Hy meen dat sy skuldgevoelens hom uit die Here se teenwoordigheid verban, op dieselfde wyse as wat 'n melaatse tydelik uit die gemeenskap verban word terwyl sy onrein toestand voortduur *(Ps. 51:11)*. Sy groot vrees is dat offers nie sy wese kan herstel nie. Kan die slag en offer van 'n dier dan opmaak vir sy sonde — egbreuk en moord — wat met voorbedagte rade gepleeg is? *(Eks. 21:14, Lev. 20:10)*.

Slegs onvoorwaardelike genade van Bo kon Dawid se "hart vol ootmoed en berou" *(NAB)* as offer neem en hom in harmonie met God bring *(Ps. 51:16 & 17)*. Met die versoek om met hisop gereinig te word, sê Dawid dat hy na God se teenwoordigheid wil terugkeer.

**Watter hoop het jy siende dat God bereid was om Dawid vir egbreuk, verraad en moord te vergewe?**

# As U ons sondes in aanmerking sou neem

**Lees Psalm 130. Hoe word die erns van sonde asook die hoop vir sondaars uitgebeeld?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Die psalmdigter se groot wroeging het te make met sy eie sonde en dié van die volk *(Ps. 130:3 en 8)*. Sy mense s'n is so ernstig dat dit dreig om hulle vir ewig van God te skei *(Ps. 130:3)*. Die Bybel praat van die opteken van alle sonde vir die oordeel *(Dan. 7:10, Op. 20:12)* en ook van sondaars se name wat uit die boek van die lewe verwyder word *(Eks. 32:32, Ps. 69:28 & Op. 13:8)*.

Die psalmdigter doen dus 'n beroep op God se vergifnis, wat alle geboekstaafde sonde sal uitwis *(Ps. 51:1 en 9, Jer. 31:34 & Miga 7:19)*. Hy weet dat "God… nie van nature 'n toornige wese [is] nie. Sy liefde is ewigdurend. Al wat sy 'toorn' ontlok, is wanneer die mens nie sy liefde na wense waardeer nie… Die doel van sy toorn is nie om leed te veroorsaak nie, maar heling; nie om sy verbondsvolk uit te wis nie, maar om hulle te red (lees Hos. 6:1 en 2)" (Hans K. LaRondelle, *Deliverance in the Psalms* [Berrien Springs, Michigan: First Impressions, 1983], bl. 180 en 181). Merkwaardig genoeg is dit God se bereidwilligheid om sonde te vergewe, en nie om dit te straf nie, wat eerbied vir Hom inboesem *(Ps. 130:4, Rom. 2:4)*. Bewondering vir God se liefdevolle karakter, en nie vrees vir straf nie, is die grondslag van ware en opregte aanbidding.

God se kinders word aangesê om te wag op die Here *(Ps. 27:14, Ps. 37:34; beide in die OAB)*. Die oorspronklike Hebreeus vir die woord "wag" wat hier in die 1953-vertaling gebruik word, is *qawah*, wat in 'n letterlike sin "om te strek" beteken. Laasgenoemde is die grondwoord vir die Hebreeuse woord wat as "hoop" vertaal word. Om dus op die Here te wag, kom nie bloot op 'n passiewe aanvaarding van onaangename omstandighede neer nie. Nee, die gelowige "strek" godwaarts, m.a.w. sien gretig uit na goddelike ingryping. Die psalmdigter se hoop steun dus nie op hoe optimisties hy as individu is nie, maar op die Woord van God *(Ps. 130:5)*. Hierdie getroue gewag op die Here is ook nie vergeefs nie, want na die donker nag van benoudheid breek die splinternuwe dag van goddelike verlossing aan.

Let hier op die feit dat die psalmdigter se persoonlike smeekgebed ook dié van die ganse gemeenskap word *(Ps. 130:7 en 8)*. Die individu se welstand is onafskeidbaar deel van die groep s'n. Met ander woorde, 'n mens bid nie net vir jouself nie, maar ook vir jou geloofsgemeenskap. Ons is deel van 'n groter geheel. Wat met 'n deel van die kerk gebeur, raak die ganse kerk.

**Bepeins die volgende vraag: "As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan?"** *(Ps. 130:3, NAB).* **Wat beteken dit vir jou persoonlik? Wat sou jou uiteinde wees as die Here jou sondes in aanmerking moes neem?**

______________________________________________________________

# Lof aan die verhewe en genadige God

**Lees Psalms 113 en 123. Watter twee uiteenlopende sye van God se karakter word hierin uitgebeeld?**

________________________________________

________________________________________

Psalms 113 en 123 bring lof aan beide God se majesteit en genade. Die Here se majesteit blyk uit die grootsheid van sy Naam en in die fisiese verhewenheid van sy troon, wat bo alle nasies in die hoogste hemele is *(Ps. 113:4 en 5 & Ps. 123:1)*. “Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God?” *(Ps. 113:5, NKJV)* is ’n geloofstelling, dat geen magte op aarde of in die buitenste ruim by die God van Israel kan kers vashou nie.

Die ondeurdringbare hoogtes wat deur God bewoon word, word netjies toegelig wanneer die psalm sê dat die Here bereid is om “Homself te verneder” *(NLV)* oftewel dat Hy “*laag afkyk* op die hemel en op die aarde” *(lees Ps. 113:6, AFR20;* klem verskaf). Die feit dat God die hoogtes bewoon, keer egter nie dat Hy sien wat hieronder op aarde aangaan nie.

God se barmhartige genade vind inderdaad uiting op aarde, want Hy staan gereed om by die wêreld betrokke te wees, om die armes en behoeftiges uit hul node te red. Hy weerhou duidelik nie sy vrygewigheid van sy dienaars nie, al is sy woonplek vêr bokant die mens verhewe.

God se ongekende groothartigheid en sorg, wat ’n mens nie altyd in sy duiselingwekkende bomenslikheid kan raaksien nie, vind gestalte in sy genadedade. Die behoeftigs, armes en die onderdruktes kan God se soewereine mag eerstehands ervaar, deur die merkwaardige ommeswaaie wat Hy in hul guns kan teweegbring. Die verhewe God openbaar sy grootsheid deurdat Hy sy mag vir die opheffing van die vertraptes gebruik. Die mense kan die Here met die grootste vrymoedigheid nader omdat sy soewereine majesteit en opperheerskappy nie afbreek doen aan die feit dat Hy hul genadige Skepper- en Instandhouergod is nie, ook nie dat die mense inderdaad sy dienaars en sy geliefde kinders is nie.

Die motivering om God te aanbid, spruit dus nie net uit God se bomenslike grootsheid nie, maar ook uit sy goedheid. Lofprysing word nie tot tyd en plek beperk nie *(Ps. 113:2 en 3)*. God se grootsheid en genade kom tot sy volle uitdrukking in Jesus Christus, wat bereid was om vanuit die bomenslike hoogtes af te kyk en toe Homself tot die mees vernederende laagtepunt — die kruis — laat bring het, en dit ter opheffing van die gevalle mensdom *(Fil. 2:6-8)*. In Golgota het ons van die beste redes denkbaar om die Here te loof en te aanbid vir sy weldade aan die mens.

**Bepeins Golgota en wat Jesus vir jou persoonlik daar aan die kruis gedoen het. Waarvan het Jesus jou gered? Waarom is dit so belangrik om Jesus se soendood altyd voorrang in jou gedagtes te gee?**

________________________________________

# Nie een van Sy weldade bly vergete nie

**Lees Psalm 103. Hoe word die Here se genade hier uitgebeeld?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Psalm 103 noem ’n paar van die Here se mildelike seëninge op. Dit sluit die volgende in: “al sy goeie dade” *(Ps. 103:2, NLV)* en die feit dat sy kinders in vele opsigte floreer *(Ps. 103:3−6)*. God se genadige karakter en sy getrouheid aan die verbond wat Hy met Israel gesluit het, is die grondslag van hierdie seëninge (*Ps. 103:7−18)*. Die Here “hou dit in gedagte” dat ons brose wesens met vlietende lewens is en het deernis vir sy volk *(lees Ps. 103:13-17)*.

Om iets “in gedagte te hou,” is nie bloot ’n kognitiewe gebeurtenis nie (m.a.w. dit is nie net iets wat in die brein gebeur nie). Dit behels ’n verbintenis tot iets of iemand (in dié geval tot sy volk) wat tot daadwerklike optrede lei: die Here bevry sy volk en hou hulle in stand *(Ps. 103:3-13)*. Die kragtige beelde in Psalm 103:11-16 illustreer die onpeilbare omvang van God se grote genade, ’n genade wat slegs met die eindelose uitgestrektheid van die buitenste ruim vergelyk kan word *(Jes. 55:9)*.

Hoe behoort die mens dan op God se deernis te reageer? Ten eerste, deur die Here te loof *(Ps. 103:1 en 2)*.

Let egter op die Engelse vertaling van die eerste vers, wat waarskynlik vreemd vir die Afrikaanssprekende klink, hoewel ons dié bewoording as ’n Engelse koortjie ken: “*Bless the LORD*, O my soul: And all that is within me, *bless his holy name*” (King James-vertaling, klem verskaf). Die begrip “seëning” dui [egter] op die aktiewe skenk van stoflike of geestelike hulpmiddels aan ’n behoeftige persoon *(Gen. 49:25 & Ps. 5:12)*. Die vraag is net: hoe kan ’n mens die Here seën, siende dat God die een is van wie alle seëninge dan kom? ’n Ondergeskikte kan egter ’n meerdere seën, deur eersgenoemde wat laasgenoemde prys of bedank *(1 Kon. 8:66 & Job 29:13)* — ’n begrip wat juis in al die Afrikaanse vertalings van hierdie psalm weerspieël word, byvoorbeeld: “Ek wil die Here *loof*” (NAB, klem verskaf). God skenk goeie dinge aan ons en ons skenk ons lof aan Hom – lof oor die goeie wat ons in Hom raaksien, deur Hom vir sy genadige karakter te vereer.

’n Tweede reaksie op God se deernis, is om nie enige van sy weldade of van sy verbond met ons te vergeet nie *(Ps. 103:2 en 18-22)*, net soos wat die Here die broosheid van die mens en sy verbond met sy volk in gedagte hou *(Ps. 103:3-13)*. Om te onthou [m.a.w. om nie te vergeet nie], is ’n onontbeerlike gedeelte van die vriendskapsbande tussen God en sy volk. Net soos God onthou van die beloftes wat Hy aan die volk gemaak het, is die volk Hom dieselfde inagneming verskuldig: naamlik dat hulle sy getrouheid sal onthou, en met liefde en gehoorsaamheid teenoor Hom sal reageer.

Hierdie gedagte skakel besonder gepas by Ellen G. White se beroemde woorde in: “Dit sal ons goed doen om daagliks ’n uur opsy te sit om die lewe van Christus te bepeins. Ons behoort dit stapsgewys te doen. In ons geestesoog moet ons elke toneel, veral dié in die slotfase van sy lewe, bekyk. Namate ons die groot opoffering wat Hy vir ons gemaak het, oordenk, sal ons algaande meer gereeld op Hom begin vertrou. Ons liefde vir Hom sal aangewakker word en wanneer ons met die Heilige Gees gevul word, sal dit inniger word. As ons uiteindelik gered wil word, moet ons die lesse van boetvaardigheid en selfverootmoediging aan die voet van die kruis leer” (*The Desire of Ages*, bl. 83).

**Vir verdere studie:** Lees die volgende gedeelte uit Ellen G. White: *"The Sinner's Need of Christ"* (bl. 17-22, *Steps to Christ*).

In Psalms vier die volk God se ewige liefde deur die refrein "want vir ewig duur sy troue liefde" soos een man op te sê *(Ps. 106:1, Ps. 107:1, Ps. 118:1-4 en 29 & Ps. 136; almal uit die 2020-vertaling)*. "Om nie die Here te prys nie, kom daarop neer dat 'n mens van al sy weldade vergeet, dat jy nie sy genadegawes waardeer nie. Slegs diegene wat die Here loof, vergeet nie van sy goedertierenheid nie. Om te dink aan God en oor Hom te praat, is nog nie lofprysing nie. Lofprysing begin wanneer 'n mens erkenning aan God se majesteit gee; wanneer jy bewondering vir sy goedheid, genade en wysheid toon, en ook daarop reageer" (Hans LaRondelle, *Deliverance in the Psalms, bl. 178*).

Die betekenis van hierdie gewigtige belydenis dat God se troue liefde ewigdurend is, verdiep wanneer 'n mens onthou dat God se *khesed* (d.w.s. sy verbondsgoedertierenheid en gepaardgaande getrouheid) te midde van menslike sonde en rebellie teen God rotsvas en onveranderlik staan.

"Ons het teen Hom gesondig en verdien nie sy goedgunstigheid nie, tog plaas Hy Self daardie wonderbaarlikste pleidooi denkbaar op ons lippe: 'Ter wille van u Naam, Here, moet ons tog nie verwerp nie. Moenie dat die plek waar u magtige teenwoordigheid regeer, verag word nie. Dink aan u verbond met ons, moet dit tog nie prysgee nie!' (Jer. 14:21, NAB). Die Here Self het beloof, dat wanneer ons ons onwaardigheid en sonde voor Hom bely, Hy ons smeekbede sal verhoor. Dit is tot eer van sy troon dat Hy sy belofte aan ons nakom" (Ellen G. White, *Christ's Object Lessons*, bl. 148).

Dit is sy eerstehandse belewenis van die Here se genade *(Ps. 103:2)* wat die psalmdigter noop om te sê: "Die Here laat geregtigheid en reg geskied aan almal wat verdruk word" (*Ps. 103:6, NAB*; klem verskaf). Wat is die hoofdoel van die psalmdigter se persoonlike getuienis en die feit dat Hy daarmee saam God se troue liefde besing? Om aan andere die versekering te gee dat God se goedertierenheid 'n werklikheid is, sodat hulle ook die Here kan innooi en sy reddende genade kan ontvang, en lof aan God kan bring *(Ps. 9:11 en 12, Ps. 22:22-27 & Ps. 66:16)*.

## Vrae vir bespreking:

❶ **Let op die feit dat God se genade ewigdurend is. Watter praktiese implikasies het dit vir die redding van God se volk? Waarom beteken dit egter nie dat 'n mens bloot kan aanhou sondig net omdat God se genade ewigdurend is nie?**

❷ **Hoe versoen 'n mens die feit dat God ons sondes vergewe met die feit dat sonde God se oordele bring?**

❸ **Hoe skakel Nuwe-Testamentiese uitdrukkings van God se genade by dié in die boek Psalms in?** *(Ef. 2:4 en 5, 1 Tim. 1:16, Titus 3:5 & Heb. 4:16)***.**

**LES 8** **17 tot 23 Februarie*

# Wysheid *vir ’n* vrome lewe



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 119:1-16, Psalm 90, Johannes 3:16, Psalm 95:7-1, Psalm 141 en Psalm 128.*

**Geheueteks: “Om ons lewensdae na waarde te skat — dit moet U ons leer, sodat ons ’n hart vol wysheid kan verwerf”** *(Psalm 90:12, AFR20)***.**

Soos ons reeds gesien het, is dit die Here se genade wat vergifnis moontlik maak, en wat dan ’n rein hart in die boetvaardige sondaar skep sodat daardie persoon ’n lewe van geloof lei.

Die Woord van God gee ook bepaalde voorskrifte vir die lei van ’n godgerigte lewe *(Ps. 119:9-16)*. Die onderhouding van God se wet is geensins ’n wettiese navolging van ’n stel reëls nie. Nee, dit gaan oor die hegte band tussen die gelowige en God, ’n lewe wat oorloop van genadegawes en seëninge *(Ps. 119:1 en 2 & Ps. 128)*.

Die lewe van die regverdige is egter nie sonder versoekings nie. Soms bak die sonde mooi broodjies omdat dit van nature slu en agterbaks is *(Ps. 141:2-4)*, met die gevolg dat die regverdige soms voor versoeking swig. Die Here laat toe dat sy kinders op dié wyse getoets word, om te toon of hulle daadwerklik getrou aan Hom is, al dan nie. As die kinders van die Here op sy voorskrifte en vermanings ag slaan, sal hul geloof in God gelouter en hul vertroue in Hom versterk word. Wysheid vir ’n vrome lewe verkry ’n mens deur ’n lewe te lei waarin ’n mens se geloof met God voortdurend in kontak met versoeking en uitdagings gebring word. Die gebed wat die Here ons dus wil leer, naamlik “Om ons lewensdae na waarde te skat… sodat ons ’n hart vol wysheid kan verwerf” *(Ps. 90:12, AFR20)*, weerspieël ’n volgehoue verbintenis tot ’n getroue wandel met God.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 24 Februarie.*

# U Woord het ek in my hart gebêre

**Lees** **Psalm 119:1-16 en verse 161-168. Hoe behoort ons God se gebooie te onderhou en watter seëninge bring dit mee?**

---

Let op die gebruik van die woorde "wandel" en "weë" en "vaste koers" (NAB). Die Bybel beeld die daaglikse geloofslewe as 'n soort pelgrimstog uit, waarin die gelowige die pad van geregtigheid saam met God bewandel. 'n Mens bly op die geloofspad deur "die wet van die Here [te] volg" en deur "in die lig van u teenwoordigheid [te] loop" *(Ps. 119:1, NLV; Ps. 89:16, AFR20)*. Dit beteken geensins dat die godsweg in twee uiteenlopende soorte paadjies verdeel nie. Om in die lig van God se teenwoordigheid te wandel, kom daarop neer dat jy God se gebooie volg. Insgelyks behels die "navolging van die wet van die Here" dat jy Hom met jou hele hart soek *(Ps. 119:1, 2 en 10)*.

Om "onberispelik [te] lewe" is 'n verdere manier wat Psalms die vrome lewe beskryf *(Ps. 119:1)*. Die King James-vertaling gebruik die woord "undefiled" wat aan die Ou-Testamentiese offerstelsel herinner, waar die offer wat 'n mens aan God bring beide "sonder gebrek" en aanvaarbaar vir Hom moet wees *(Eks. 12:5, OAB)*. Op 'n soortgelyke wyse is die regverdige se lewe 'n lewende offer aan God *(Rom. 12:1)*, waarin die voorskrif "sonder gebrek" beteken dat jy nie enige sondes vertroetel nie. 'n Godgerigte lewe beteken ook dat 'n mens "opreg lewe" wat beteken dat jy die regte lewensrigting inslaan, een wat vir God behaaglik is *(Ps. 101:2 en 6, NLV; lees ook Ps. 18:32)*.

Om die tien gebooie te bewaar, het niks met 'n wettiese onderhouding van Godgegewe reëls te make nie. In teendeel, dit beteken dat 'n mens "verstandig" *(ABA)* moet wees oftewel "goeie insig" *(NLV & AFR20)* moet hê, sodat jy onderskeid tussen reg en verkeerd, en tussen die goed en die kwaad kan tref *(Ps. 111:10, ABA; lees ook 1 Kron. 22:12)*. Dit betrek die hele persoon, nie net uiterlike dade nie. Om "sonder gebrek" te wees, om God se gebooie te onderhou en om Hom met jou hele hart te soek, vorm 'n onverdeelbare geheelbenadering tot die lewe *(Ps. 119:1 en 2)*.

God se gebooie is 'n openbaring van sy wil vir die mensdom. Dit leer die mens hoe om wysheid te verkry, en hoe vrede en vryheid bekom kan word *(Ps. 119:7-11 en 133)*. Die psalmdigter verbly hom in die wet, want dit gee hom die versekering dat God getrou is *(Ps. 119:77 en 174)*.

"Vir dié wat u wet liefhet, is daar groot sekerheid; niks kan hulle laat struikel nie" *(Ps. 119:165, NAB)*. In hierdie beeld beteken "struikel" om moreel te misluk. As lamp vir die psalmdigter se voet *(Ps. 119:105)* beskerm die Woord van God ons teen die struikelblokke van versoeking *(Ps. 119:110)*.

**Hoe het Christus die krag van God se Woord in sy lewe gedemonstreer?** *(Matt. 4:1-11)*. **Wat behoort ons hieruit te leer aangaande die kragtige uitwerking van 'n hart wat vasbeslote is om die wet van God te gehoorsaam?**

---

# Leer ons om ons lewensdae na waarde te skat

**Lees Psalm 90, Psalm 102:11 en Psalm 103:14-16. Met watter onaangename werklikheid het die mens te kampe?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Gemeet aan die ewigheid is die gevalle mens se bestaan niks meer as ’n dampie nie. In God se oë is ’n duisend jaar “soos ’n nagwaak” wat net drie of vier ure lank geduur het *(Ps. 90:4, OAB)*. In vergelyking met Goddelike tyd is ons lewens ongelooflik vlietend *(Ps. 90:10)*. Die sterkstes onder ons word met die swakste van alle plante vergelyk *(Ps. 90:5 en 6, Ps. 103:15 en 16)*. Daardie korte lewe is boonop die ene sorge en verdriet *(Ps. 90:10)*. Selfs diegene wat nie in God glo nie, betreur die kortstondigheid van die lewe, veral in teenstelling met die ewigheid daarbuite — pynlik bewus dat dit dreig om sonder hulle voort te gaan.

Hierdie verknorsing waarin ons verkeer, plaas Psalm 90 binne die konteks van God wat as Skeppergod vir die geskape mens sorg. In elke geslag is die Here sy volk se woning *(Ps. 90:1 en 2, AFR20)*. Die Hebreeuse woord wat in die 2020-Bybel as “woning” vertaal word, ma‘on, beeld die Here as ’n skuilpek of veilige hawe uit *(Ps. 91:9)*. (Dit verklaar die Ou en Nuwe Afrikaanse Bybels asook die Nuwe Lewende Vertaling se gebruik van “vesting” vir die Hebreeuse woord *ma‘on* in Ps. 90:1).

Elke keer beteuel die Here sy moreel geregverdigde toorn en skenk eerder sy genade. “Wie ken die krag van U toorn?” roep die psalmdigter uit *(Ps. 90:11, AFR20)*, en sinspeel daarmee op die feit dat niemand nog ooit God se ongetemperde woede teen sonde beleef het nie. Met ander woorde, daar is steeds hoop vir elke sondaar, om tot bekering te kom en wysheid vir ’n vrome lewe te verkry.

In die Bybel dui wysheid nie op blote intelligensie nie, maar op eerbied vir God. Die wysheid wat ons benodig, is die insig “om ons lewensdae na waarde te skat” *(Ps. 90:12, AFR20)*. Die feit dat ons ons lewensdae na waarde moet skat, impliseer beide dat dit beperk is en dat ons dit besef het. ’n Wyse lewe beteken dat ’n mens jou voortdurend van die kortstondigheid van die lewe vergewis, ’n bewustelike wete wat geloof en gehoorsaam in die hand werk. Hierdie wysheid word slegs deur berou *(Ps. 90:8 en 12)* en deur die genadegawes van vergifnis, deernis en genade *(Ps. 90:13 en 14)* bekom.

Ons fundamentele probleem is nie ons geskape menslikheid nie, maar die sonde en wat dit op aarde ontketen het. Die verwoesting wat dit saai, is oral op aarde en in elke persoon te siene.

Gelukkig is daar ’n verlossingsplan, ’n uitweg uit hierdie penarie danksy Jesus *(Joh. 1:29, Joh. 3:14-21)*. Daarsonder sou daar geen hoop vir ons gewees het nie.

**Watter belofte het ons in Jesus, ongeag hoe kort ’n mens se lewe is?** *(Lees Joh. 3:16.)* **Het ons enige hoop sonder Hom?**

# Toetse en beproewings van Bo

**Lees** **Psalm 81:7 en 8, Psalm 95:7-11 en Psalm 105:17-22. Wat behels die toetsing wat God ons skenk volgens hierdie skrifgedeeltes?**

__________________________________________________________

__________________________________________________________

Meriba is die plek waar die volk die Here beproef het. Daar het hulle sy getrouheid asook sy mag om in hul behoeftes te voorsien, openlik bevraagteken *(Eks. 17:1−7; Ps. 95:8, 9)*. Psalm 81 het egter ’n interessante vertolking van hierdie gebeurtenis, met ’n totaal ander invalshoek: naamlik dat dit God is wat vir Israel by Meriba getoets het *(Ps. 81:7)*. Deur hul ongehoorsaamheid en gebrek aan vertroue in die Here *(Ps. 81:11)* het die volk toe nie die toets deurstaan wat Hy hulle gestuur het nie.

Die verwysing na Meriba bring ’n tweeledige boodskap tuis. Ten eerste, dat God se volk nie die foute van hul voorgeslagte moet herhaal nie. Hulle moet liewers op die Here vertrou en sy weë bewandel *(Ps. 81:13)*. Ten tweede, dat die Here steeds sy volk uit hul verknorsing red, al deurstaan hulle nie die toetse wat Hy hulle stuur nie *(Ps. 81:7)*. Al die kere wat God sy volk genadiglik in die verlede gered het, bied aan toekomstige nageslagte die versekering van sy voortgesette genade.

Psalm 105 toon dat Josef se beproewings die Here se manier was om hom te toets. God wou sien of Josef wel geglo het in die toekoms wat hy belowe is *(Gen. 37:5−10, Ps. 105:19)*. Die Hebreeuse woord *tsarap*, wat in vers 19 as “beproef” *(OAB)* vertaal word, bring ook die begrippe “loging,” “verfyning” of “suiwering” tuis. Die toets of beproewing van Josef se geloof het dus ten doel gehad om enige twyfel in God se beloftes te verwyder, asook om Josef se vertroue in God se leiding te versterk.

Die doel van godgegewe dissipline is om sy kinders sterker te maak en om hulle op die vervulling van sy beloftes voor te berei, soos blyk uit Josef se lewe *(Ps. 105:20-22)*.

Verwerping van God se onderrig lei egter tot ’n toenemende koppigheid en verharding van die wederstrewige persoon se hart.

“Die Here vereis onmiddellike en onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan sy wet. Ongelukkig is die mens vas aan die slaap — selfs verlam — a.g.v. Satan se misleidings. Hy kom met allerhande verskonings en slim slenters vorendag, triomfeer oor hul gemoedsbesware en gebruik dieselfde woorde wat hy in Eva se ore gefluister het: ‘Julle sal gewis nie sterwe nie’ *(OAB)*. Ongehoorsaamheid verhard nie net die skuldige party se hart nie en stomp nie net daardie persoon se gewete af nie, maar bederf ook andere se geloof. Dinge wat voorheen vreeslik verkeerd gelyk het, lyk algaande nie meer so sleg vir hulle nie, aangesien dié mense dit konstant sien, totdat hulle eendag bevraagteken of dit werklik sonde is en onbewustelik in dieselfde strik [as Eva] beland” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 4, bl. 146).

**Sonde verhard ’n mens se hart. Hoe het jy al hierdie waarheid beleef? Waarom behoort hierdie eerstehandse besef ons na die gekruisigde Christus te dryf, daar waar ’n mens die nodige krag vir gehoorsaamheid kan vind?**

# Bedrieglike weë

**Lees** **Psalm 141. Waarvoor bid die psalmdigter hier?**

Psalm 141 is ’n gebed om beskerming teen innerlike en uiterlike versoekings. Die psalmdigter verkeer nie net in gevaar vanweë die goddelose se onderduimse planne nie *(Ps. 141:9, 10)* maar kom ook in die versoeking om soos hulle op te tree. Die eerste swakheid is selfbeheersing m.b.t. spraak. Die psalmdigter bid dus dat die Here sal wag staan voor die deur van sy lippe *(Ps. 141:3, OAB)*. Hierdie beeld dui op die ouwêreldse gebruik om wagte by stadshekke te plaas ten einde die stad te beskerm.

Die versoeking waarmee die kind van God te kampe het, is of die gelowige hom of haar aan die raad van regverdiges gaan steur en of hulle eerder voor die aanloklikhede van ’n goddelose lewe gaan swig *(Ps. 141:4 en 5)*. Die psalmdigter beeld sy hart as die grootste bedreiging uit, aangesien die stryd om reg te besluit dáár gevoer word. Slegs volgehoue gebed, waarin die bidder ten volle op die Here vertrou en opreg toegewyd aan Hom is, kan die kind van God teen versoekings bewaar *(Ps. 141:2)*.

**Lees** **Psalm 1:1 en Psalm 141:4. Versoekings vertoon twee eienskappe: dit is agterbaks en neem algaande toe. Hoe word dit in hierdie twee teksverse uitgebeeld?**

Psalm 141:4 *(AFR20)* beeld die progessiewe aard van versoeking uit (d.w.s. die feit dat dit mettertyd toeneem). Ten eerste neig die hart na die kwaad. Dan kom die aktiewe misstap (wat in die oorspronklike Hebreeus die herhalende aard van hierdie optrede beklemtoon). Ten derde volg ’n verlustiging in die lekkernye van die goddelose, d.w.s. dat ’n mens hul sondige optrede nou as aanvaarbare gedrag beskou.

’n Mens bespeur ook hierdie progressie in Psalm 1:1 *(OAB)*. Versoekings bring mee dat die kind van God die geloofspad byster raak deur eerder saam met die goddelose te wandel, as saam met die sondaars te staan, en laastens by die spotters te sit. Sondaars, die goddelose en die spotters — ons behoort nie soos hulle te wees nie en ook nie toe te laat dat hulle ons tot ’n val bring nie.

Psalms beskryf die progressiewe, aanloklike en sluwe aard van versoekings, en beklemtoon sodoende ’n belangrike feit: slegs totale afhanklikheid aan die Here verseker die oorwinning oor hierdie dinge. Daarbenewens beklemtoon die psalms ook die belangrikheid van *woorde* te midde van versoekings — wat jy sê en waarna jy luister. Die kontrasterende lotsbestemmings van die goddelose en die regverdiges is eintlik ’n les vir die mens, naamlik dat ons wysheid by die Here behoort te soek *(Ps. 1:4-6, Ps. 141:8-10)*. Volgens beide psalms lê die dag waarop die kinders van die Here uiteindelik van blaam gesuiwer word nog in die toekoms. Waartoe ons dus geroep word, is om op God te vertrou en geduldig op Hom te wag.

# Die seëninge wat spruit uit 'n vrome lewe

**Lees** **Psalm 1:1-3, Psalm 112:1-9 en Psalm 128. Watter seëninge word belowe aan dié wat die Here eer?**

___

___

___

Van die vele seëninge wat gegee word aan dié wat eerbied vir die Here het, is vrede seker een van die grotes. Psalm 1 vergelyk die regverdiges met 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd sy vrugte dra en waarvan die blare nie verdor nie *(Ps. 1:3, Jer. 17:7 en 8 & Eseg. 47:12)*. Hierdie vergelyking identifiseer ook die groot rede vir elke liewe seëning wat die godskind te beurt val: omdat die regverdige nie ooit God se heiligdom en sy teenwoordigheid verlaat nie, en omdat hy of sy 'n hegte en blywende liefdesband met die Here geniet. In teenstelling met die bose — wat met kaf vergelyk word, met geen stabiliteit, tuiste of toekoms nie — is die regverdige soos 'n vrugbare boom met wortels, geplant naby die Here, in die ewige lewe.

Psalm 128 verse 2 en 3 roep die seëninge van die Messiaanse koninkryk in die gedagtewêreld op, waarin die voorreg om onder jou eie wingerd en vyeboom te sit, 'n simbool van vrede en voorspoed is *(Miga 4:4)*. Die seënwense dat vrede in Jerusalem sal heers *(Ps. 122:6−8, Ps. 128:5 en 6)*, gee uiting aan die Messiaanse hoop, die een wat eendag geheel en al met die kwaad sal afreken en ware wêreldvrede sal herstel.

"In die Skrif word die verlostes se erfporsie 'n 'vaderland' genoem *(Heb. 11:14-16, NAB)*. Dáár lei die hemelse Herder sy kudde na lewende water in oorvloed. Die boom van die lewe dra elke maand vrugte en sy blare is tot genesing van die nasies. Dáár is standhoudende strome, kristalhelder. Die bome op die oewer se wiegende takke werp aangename skadukolle op die pad wat vir God se vrygekooptes voorberei is. Dáár lê die valleie ver en wyd met lowergroen, golwende heuwels, en met die crescendo van bergspitse in die hoogtes. In daardie valleie, langs daardie lewende strome, is God se volk — 'n volk wat byna vir ewig reisigers en pelgrims was — uiteindelik tuis" (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 675).

Die Nuwe Testament beskryf die wederkoms van Christus en die herskepping van die aarde as die vervulling van daardie hoop *(Matt. 26:29, Op. 21)*. Hoewel die regverdiges dus baie seëninge in hierdie lewe geniet, wag 'n meer volmaakte uitdrukking van God se guns op hulle. Dit gebeur aan die einde van die wêreldgeskiedenis, wanneer die koninkryk van God geheel en al herstel word.

**Waarom is die kruis, en wat daar gebeur het, 'n waarborg dat God sy Nuwe-Testamentiese eindtydbeloftes sal nakom? Hoe kan ons nou reeds voordeel uit hierdie beloftes trek?**

**Vir verdere studie:** Deesdae is die strewe na wysheid nie meer so aantreklik soos die soeke na lewensgeluk nie. Mense wil eerder gelukkig as wys wees. Die vraag is net: kan ’n mens waarlik gelukkig wees en ’n vervulde lewe sonder die wysheid van God lei? Psalms sê pertinent dat dit nie moontlik is nie. Die goeie nuus is dat ons nie gevra word om tussen wysheid en geluk te kies nie, want die wysheid van God bring ware geluk.

Hierdie punt word mooi m.b.v. die volgende voorbeeld uit Bybelse Hebreeus toegelig. Let op die meervoudige woord ’*asjoerei* wat “stappe” (of dalk “treë” of “voetstappe”) in Afrikaans beteken. Dit klink baie soos ’*asjrei* wat as “geluk” in Afrikaans vertaal kan word. Duidelik gaan hierdie verband verlore in die vertaalproses, met die gevolg dat ’n belangrike boodskap misgekyk word: ’n mens is “gelukkig” *(NLV)* as jy met elke “tree” of “voetstap” op die geloofspad bly *(Ps. 1:1, Ps. 17:5, Ps. 37:31, Ps. 44:18, Ps. 89:15 & Ps. 119:1)*. Nóg wysheid nóg geluk is abstrakte begrippe in die Bybel. Nee, beide is ’n tasbare belewenis.

’n Mens vind wysheid en geluk deur jou verhouding met God. Hierdie vriendskapsband beteken dat ’n mens eerbied vir Hom het, dat jy Hom loof en vertrou, en dat Hy die bron van jou krag is. Psalm 25 vers 14 sê: “Die Here neem hulle wat vir Hom ontsag het, in sy vertroue, en sy verbond is daar om hulle te onderrig” *(AFR20)*.

“Geloofd sy die Here vir die duidelike beelde wat Hy ons geskenk het! Kom ons vergewis ons van al die plekke waar hierdie versekerings van sy liefde opgeteken is, sodat ons dit voortdurend kan bepeins: Die Seun van God wat sy Vader se troon verlaat en sy Goddelikheid met ons menslikheid beklee het, sodat Hy die mens van Satan se mag kon bevry; die triomf wat Hy vir ons [oor sonde] behaal het, die geopende hemel as geskenk aan die mensdom, sodat ons kan sien tot in die glorieryke teenwoordigheid van die Godheid; Adam se gevalle nageslag opgehef uit die modderput waarin sonde ons gedompel het, en daarna weer in verbintenis met die oneindige God gebring; en nadat ons ons godgegewe toets deur geloof in ons Verlosser deurstaan het, word ons in die geregtigheid van Christus geklee, en tot by sy troon verhef – dít is die beelde wat God wil hê ons moet bepeins” (Ellen G. White, *Steps to Christ*, bl. 118).

## Vrae vir bespreking:


❶ **Duidelik put die gelowige onderwysing uit die Woord van God, maar hoe verdiep ’n mens daardie belewenis deur jou boonop in die Woord te verlustig? Die Woord van God is die lewensbrood wat ons eet. Hoe hou dit verband met die idee dat ’n mens in Christus as die Woord moet bly?** *(Joh. 1:1, Joh. 15:5 en 7)***.**

❷ **Wat gebeur wanneer mense doelbewus aanhou om God se onderwysings en vermanings te verwerp?** *(Ps. 81, Ps. 95)***. Waarom, dink jy, gebeur dit?**

❸ **Hoe kan die weë van die goddelose soms aanlokliker as die raad van die regverdiges lyk?** *(Ps. 141)***. Anders gestel, hoe vertolk ’n mens die feit dat die bose oënskynlik floreer?**

**Les 9** *24 Februarie tot 1 Maart

# Geseënd is Hy wat kom *in die* *Naam* van die Here



## Sabbatmiddag

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 23, Johannes 10:11-15, Psalm 22, Psalm 89:27-32, Kolossense 1:16, Psalm 2 en Hebreërs 7:20-28.*

**Geheueteks:** **"Die klip wat die bouers afgekeur het, het die hoeksteen geword. Van die Here het dit gekom; dit is 'n wonder in ons oë"** *(Psalm 118:22 en 23, AFR20)*.

Psalms getuig van Christus se menswees en bediening. Byna alle aspekte van die werk wat Hy ter uitdrukking van die verlossingsplan verrig het en steeds verrig, is in die boek Psalms te lese. Op verskeie maniere wys die psalms vooruit op die lewe en werk van Christus, en maak ook voorspellings — dikwels ongelooflike akkuraat — in dié verband.

Die onderwerpe wat in Psalms na vore gebring word, sluit die volgende in: die godddelikheid, seunskap en gehoorsaamheid van Christus; sy ywer vir God se tempel en sy identiteit as die Goeie Herder; sy verloëning en lyding, die feit dat sy bene nie gebreek is nie en sy dood; asook sy opstanding en hemelvaart; en sy priester- en koningskap. Alles is daar, net soos dit eeue voor Jesus eerste koms in lewende lywe voorspel is.

Dit verklaar waarom Jesus, toe Hy met die Emmaüsgangers oor sy bediening gepraat het, na die psalms terugverwys het *(Luk. 24:44)*. Hy wou hê dat hulle die bewyse vir sy ware identiteit in die psalms moes vind.

Sommige van die psalms waarvan Christus 'n tipologiese vervulling is, sluit die volgende in: Psalms 24, 45, 72 en 101 (Jesus as die ideale koning en regter), asook 88 en 102 (gebede oor die Messias as die lydende dienskneg).

Regdeur Psalms — deur weeklag, danksegging, lofprysing, en noodkrete na reg en geregtigheid — weerklink Christus se gebed vir die verlossing van die wêreld.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 2 Maart.*

# Die selfopofferende Herder van die Hemel

**Lees** **Psalm 23, Psalm 28:9, Psalm 80:1, Psalm 78:52 en 53, Psalm 79:13, asook Psalm 100:3. Hoe word die verhouding tussen God en sy volk in hierdie skrifgedeeltes uitgebeeld?**

________________________________________________

________________________________________________

Let op die beeld van die Here as Herder en die volk as sy kudde. Hiermee beklemtoon Psalms God se leiding en volgehoue versorging van sy kinders, asook die volk se afhanklikheid aan God as die een wat in al hul behoeftes voorsien. Dié beeld bring die begrip tuis dat God en sy volk na-aan mekaar is, aangesien herders in antieke tye saam met hul kudde agter weiveld aan getrek het en elke skaap se welstand op die hart gedra het. Hierdie beelde wat op die herderslewe geskoei is, benadruk ook God se eienaarskap oor sy volk, met 'n dubbele band tussen God en mens as die bewys daarvan: die skepping *(Ps. 95:6 en 7, Ps. 100:3)* en die verbond *(Ps. 28:9, Heb. 13:20)*.

Die Here wat Josef se skrede rig soos wat 'n herder 'n kudde lei *(Ps. 80:1)*, sinspeel moontlik op die seëning wat Jakob oor Josef uitgespreek het. Inaggenome dié moontlikheid, asook die feit dat God as "die Herder van Israel" in Psalm 80 uitgebeeld word, beroep die psalmdigter hom hier op Jakob se groot belofte en seënwense *(Gen. 49:24-25, NAB)*.

Die konings van Israel is destyds as die volk se herders beskou *(2 Sam. 5:2)*. Nietemin is net die Here hierdie titel waardig, siende dat die meeste menslike konings nie hul roeping gestand gedoen het nie. Slegs Jesus het reg aan sy roeping as herder laat geskied, en is die rede waarom Hy die Goeie Herder genoem word.

**Lees** **Johannes 10:11-15. Wat het Jesus oor Homself as die Goeie Herder gesê?**

________________________________________________

________________________________________________

Die hegte band tussen die hemelse Herder en sy kudde is te siene in die feit dat die kudde altyd weet wanneer die Herder roep omdat hulle sy stem ken *(Joh. 10:4 en 27)*. Wanneer 'n aantal skaaptroppe deurmekaar wei, kan die skaapwagters van die hedendaagse Midde-Ooste steeds die troppe van mekaar skei deur bloot na hul skape te roep. Dit gebeur omdat elke kudde hul skaapwagter se stem herken en volg.

Soms beland God se kudde op allerhande maniere in die verknorsing, wat hulle dan as 'n teken van die Here se onguns en verwerping beskou. Tog versaak die Goeie Herder nooit sy verlore skape nie, maar gaan soek na hulle. Hier het ons 'n kragtige beeld van die hegte band wat God met sy volk het. Hy is bereid om vir sy kudde te sterf *(Joh. 10:11 en 15)*. 'n Skynbare teenstrydigheid ontvou: ter wille van die lammers word Hy die offerlam *(Joh. 1:29)*. Jesus bevestig ook dat Hy skape in ander krale het, wat Hy na Hom toe sal roep en dan in 'n enkele kudde sal verenig *(Joh. 10:16)*.

**Let op die beloftes wat 'n mens te beurt val wanneer jy Jesus as jou Goeie Herder aanvaar het. Hoe kan ons, daagliks en op 'n praktiese wyse, voordeel uit daardie beloftes trek?**

# Die lydende Messias

**Lees Psalm 22 en Psalm 118:22. Hoe is die Messias behandel deur diegene wat Hy gekom het om te red?**

Baie psalms sinspeel op die lydende Messias se innerlike wroeging, spesifiek die angswekkende gevoel van kosmiese versaking wat Hom eendag sou beetpak (met Psalm 42, Psalm 88 en Psalm 102 as uitstekende voorbeelde hiervan). Psalm 22 is egter 'n direkte Messiaanse profesie omdat baie van die besonderhede in hierdie psalm nie met die lewensgebeure van koning Dawid verbind kan word nie, terwyl dit wel netjies by die gebeure van Christus se dood inpas. Jesus het ook die woorde van Psalm 22 vers 2 aan die kruis gebid *(Matt. 27:46)*.

Die foltering wat die skeiding met die Vader Hom besorg het, is veroorsaak deur die feit dat Jesus die ganse mensdom se sondes op Hom geneem het. Al manier om die omvang van daardie foltering te meet, is om dit aan die vêrreikende aard van die nabyheid tussen God die Vader en God die Seun – hul allesoortreffende eenheid – te meet *(Joh. 1:1 en 2, Joh. 10:30)*. Tog kon die duiselingwekkende dieptes van daardie sielsangs nie die eenheidsband tussen die Vader en die Seun verbreek nie. In sy absolute versakenheid plaas Jesus Homself onvoorwaardelik in die Vader se hande, ten spyte van die afgronde van wanhoop wat voor hom wegsak.

"Op Christus as ons plaasvervanger en verlossingsekerheid is die ganse mensdom se sonde afgeskuif. Hy is as die oortreder beskou. Sodoende kon Hy ons van die veroordeling van die wet bevry. [Ja], die skuld van al Adam se nageslagte het swaar op Hom geweeg. God die Vader se toorn teen die sonde, die verskriklike openbaring van sy afkeur in die sonde — dit het die Seun met afgryse vervul" (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 753).

Let op die dreigende dierebeelde — van stormende beeste, brullende leeus en honde wat toesak. Dít is die wreedheid en vyandigheid waarvoor Jesus in sy laaste ure te staan gekom het, Hy wat daarenteen met 'n skadelose en hulpelose wurm vergelyk word. Met ongelooflike akkuraatheid verwoord Psalm 22 die bitsige aanmerkings van die gepeupel en van die soldate wat lootjies oor Jesus se klere getrek het *(Ps. 22:18, Matt. 27:35)*. Hulle woorde stem ooreen met Jesus se smeekgebed aan die Vader, maar met 'n spottende strekking (*Ps. 22:1 en 8, Matt. 27:43)* Min het hulle geweet dat dié "wurm" wat hulle wou vermorsel, die hoof-"hoeksteen," en derhalwe verstewigingspunt, van 'n nuwe tempel sou word *(Ps. 118:22)*.

Na sy opstanding uit die dode, het hierdie einste verworpe Messias die bron van verlossing vir God se volk geword *(Matt. 21:42, Hand. 4:10-12)*. Hoewel Jesus die verwerping van die mensdom moes deurmaak, het God die Vader sy Seun verheerlik deur Hom die lewende "hoeksteen" van die Here se geestelike tempel — die kerk — te maak *(Ef. 2:20-22, 1 Pet. 2:4-8)*. Hierdie steen is God se werktuig ter verlossing van die mensdom. Enigeen wat dus vir Jesus verwerp, verwerp die een wat eendag God se oordele gaan bring *(Jes. 8:14, Matt. 21:44)*.

**Vir elke sonde wat jy ooit gepleeg het, het Jesus die straf op Golgota gedra. Hy het dus namens jou gely. Hoe behoort hierdie wete jou handel en wandel te beïnvloed? Anders gestel, waarom behoort sonde vir jou so afskuwelik te wees?**

# Vir ewig aan Sy verbond getrou

**Lees Psalm 89:27-32 en verse 38-46, asook Psalm 132:10-12. Waaroor gaan die Dawidiese verbond? Wat het dit klaarblyklik in die gevaar gestel?**

Die Dawidiese verbond bevat God se belofte van ewige ondersteuning vir Dawid se afstammelinge en voorspoed vir God se volk *(1 Sam. 7:5-16, Ps. 89:1-4 en 19-37 & Ps. 132:12-18)*. Die permanensie van die verbond is gegrondves in beide God se plegtige belofte en die koning se getrouheid aan die Here. Ongelukkig was selfs die getroue konings (soos Dawid) nie altyd getrou aan die Here nie. Psalm 89 betreur die wrede werklikheid dat die glorieryke beloftes van die Dawidiese beloftes skynbaar verbeur is. Is dit 'n uitgemaakte saak dat God vir Israel versaak het? Die antwoord is natuurlik 'n besliste nee!

God se toorn is weliswaar 'n teken van sy oordele *(Ps. 38:1, Ps. 74:1)*, maar dit duur nie vir ewig nie omdat Hy as 'n ewig-liefdevolle God die boetvaardige sondaar vergewe. Terwyl Hy nog toornig is, is God se misnoë met sy fouterende kinders egter 'n ernstige saak. Die volk pluk dus die bitter vrug van hul ongehoorsaamheid, besef die erns van hul sondes (*Ps. 89:39-47*. Nietemin beroep Israel hulle op die verbygaande aard van God se toorn. Daarom vra hulle: "Hoe lank nog, Here?" *(Ps. 89:47, AFR20)*. Die hernude versekering dat God getrou bly en aan sy genade sal "dink," bring nuwe hoop *(Ps. 89:48 en 51, NAB & AFR20)*.

Kortom, hoewel die volk as verbondsgenoot gefaal het, het God se kinders steeds die sekerheid dat die Here by sy plan sal hou; 'n ideaal wat Hy verwesenlik deur die beloofde Messias, wat die vergestalting van alle geregtigheid, asook die verlossing van Israel en die ganse aarde is. Met ander woorde, God sal op die ou einde seëvier en sy ewige koninkryk sal gevestig word. Hierdie sukses is egter slegs aan Jesus toe te skryf, en nie aan die volk nie.

Jesus Christus is die Seun van Dawid en die Messias *(Matt. 1:1, Heb. 1:8)*. Hy word "die Eersgeborene van die hele skepping" genoem *(Kol. 1:15, OAB)*. Dit verwys terug na Psalm 89 vers 27 waarin Dawid, wat 'n voorloper van Christus was, God se eersgeborene genoem word: "Ek sal hom dan eersgeborene maak, die hoogste van die konings van die aarde" *(AFR20)*.

Duidelik het die titel "eersgeborene" niks met biologie te make nie, aangesien Dawid sy ouers se agste kind was *(1 Sam. 16:10 en 11)*. Dit is ook die geval met Jesus. Hierdie titel dui dus eerder op die spesiale eer en gesag wat Hy ontvang het *(Kol. 1:16 en verse 20−22)*. As Koning van die ganse aarde het God vir Jesus uit die dood gewek *(Hand. 2:30 en 31)*.

**Lees Kolossense 1:16 en verse 20-22. Wat leer ons uit hierdie skrifgedeelte oor wie Jesus was en wat Hy vir ons gedoen het? Watter belofte put jy self hieruit?**

# ’n Ewige Koning met ongeëwenaarde mag

**Lees Psalm 2; Psalm 110:1-3; Psalm 89:4 en verse 13-17; asook Psalm 110:1, 2, 5 en 6. Wat leer ’n mens uit hierdie teksverse aangaande Christus as koning?**

Die uitbeelding van God as die Vader van die Messias verwys terug na die Israelitiese kroningseremonie waartydens die koning as verbondskind voor God aangeneem is *(Ps. 2:7, Ps. 89:26-28)*. Psalm 2 vers 7 kyk vooruit op Jesus se opstanding en hemelvaart as die begin van ’n nuwe, ewige verbond; en op Christus se koninklike priesterskap *(Hand. 13:33-39, Heb. 1:5, Heb. 5:5)*. Die Messias sit aan God se regterhand, as een wat ongekende eer en gesag het (*Ps. 110:1, Hand. 7:55 en 56)*. “Wat meer is, die wisselwerking tussen ‘die Here’ en ‘my heer’ [d.w.s. tussen God en die Messias in vers 1] dui op die bedoeling om hierdie Dawidiese Messiasfiguur aan die Here Self gelyk te stel… As die een wat [in vers 5] aan die regterhand sit, die Here is, is die Here inderdaad die Messias, aangesien die een in vers 1 ook aan ‘die Here’ se regterhand sit *[lees Ps. 110:1 en 5]*” (Jacques Doukhan, *On the Way to Emmaus* [Clarksville, Maryland: Lederer Books, 2012], bl. 26 en 27).

Uiteindelik sal Christus die algehele oorwinning oor sy vyande behaal. Let op die beeld waarin daar ’n “voetbank” *(Psalm 110:1, OAB & AFR20)* van die vyand gemaak word. Dit weerspieël die gebruik onder Ou Nabye Oosterse konings om hul voete op die nekke van die verslaande vyand te sit ten einde hul totale oorheersing te bewys. Tog is Christus se “ysterstaf” of “septer” waarna daar hier verwys word *(Ps. 2:9, Ps. 110:2)*, nie ’n instrument van skrik en onderdrukking nie.

Die “staf” *(AFR20 & OAB)*, soms ook “stokke” of “kieries” genoem *(NAB & NLV)*, was ’n soort groepsimbool wat in die Ou Nabye Ooste deur stamleiers gedra is *(Num. 17:2-10)*. Christus se septer is dié van Sion omdat Hy die mense van Sion verteenwoordig. Syne simboliseer die oordeel van Bo, waarmee die heerskappy van die kwaad beëindig word en wat Jesus se ongeëwenaarde koningskap aantoon *(Op. 2:27, Op. 12:5)*. Selfs die goddelose konings kry ’n kans om tot inkeer te kom en om hulle aan die Messias te onderwerp *(Ps. 2:10-12)*.

’n Besonder dramatiese uitbeelding van Christus se uiteindelike oorwinning verskyn in Daniël 7. Dié betrokke toneel, wat voor die wederkoms afspeel, volg die uitspraak wat “‘ten gunste van die heiliges van die Allerhoogste [gegee is]’” *(vers 22, AFR20)*. Daarna word Jesus se koninkryk gevestig. Aangaande dié koninkryk sê vers 27: “‘Sy koninkryk is ’n ewige koninkryk’” *(AFR20*). Danksy die kruis is hierdie beloofde koninkryk ’n uitgemaakte saak.

’n Seëning word belowe aan almal wat hul vertroue in die messiaanse Koning stel, en die volk jubel in hierdie Losser se soewereine en regverdige regering *(Ps. 2:12, Ps. 89:15-17)*.

**Hoe aangenaam is dié wete dat die goeie inderdaad eendag oor die kwaad sal triomfeer, dat reg en geregtigheid sal geskied, en dat pyn en lyding vir ewig beëindig sal word. Hoe behoort hierdie waarheid ons vandag te troos, siende dat ons in ’n wêreld woon waarin die kwaad oënskynlik triomfeer?**

# Vir ewig Priester volgens die orde van Melgisedek

**Lees Psalm 110:4-7. In watter opsig is Christus se priesterskap uniek? Watter groot hoop kan ons uit Christus se hemelse priesterskap put?**

---

Die Here skenk die Messias ’n ewigdurende koningskap *(Ps. 110:1-3*) en ’n priesterskap van die hoogste orde, dié van Melgisedek *(Ps. 110:4-7)*. Die Here verseël hierdie beloftes met ’n eed *(Heb. 6:18)*. Die eed wat God hier aflê, naamlik om te hou by sy belofte van ’n volmaakte, messiaanse Priester, is tekenend van sy genade. Mense se sonde en openlike rebellie lok voortdurend die Here uit om sy volk te versaak, maar die eed wat Hy afgelê het, is onveranderlik. Dit is ook ’n waarborg van sy genade, aangesien Hy afsien van sy oordele indien hulle boetvaardig is *(Eks. 32:14, Ps. 106:45)*.

Sy belofte voeg boonop ’n nuwe element by die Dawidiese verbond, deur te verklaar dat die messiaanse Koning ook ’n priester is *(Ps. 110:4)*. Neem in ag dat Israel se konings nooit Levitiese priesters kon wees nie *(Num. 8:19, 2 Kron. 26:16-21)*. Waar die Skrif melding maak van konings of mense wat offers gebring het, beteken dit bloot dat hulle hul offers na die priesters gebring het en dat laasgenoemde dit self verder behartig het. Psalm 110 wys daarop dat die messiaanse Koning anders as Israel se konings en priesters sal wees. Christus se ewige priesterskap kom van Melgisedek, wat beide die koning van Salem (d.w.s. Jerusalem) en die priester van “die Allerhoogste” was *(Gen. 14:18−20, AFR20)*. Die Ou Testament noem nêrens dat koning Dawid of enige van die ander Israelitiese konings ooit priesters volgens die orde van Melgisedek was nie, behalwe hierdie koning-figuur in Psalm 110. Duidelik praat Psalm 110 van ’n aparte priester-koning in Israel se geskiedenis.

**Lees Hebreërs 7:20-28. Dink aan enkele implikasies wat Christus se superieure priesterskap inhou?**

---

As beide Hemelkoning en messiaanse Priester, troon Christus oneindig vêr bokant menslike priesters en konings uit — ’n feit waaruit ons hoop kan put. Christus hou by ’n meer verhewe verbond, een wat God se plegtige belofte as grondslag het, nie die beloftes van mense nie. Hy doen diens in die hemelse heiligdom. Sy priesterskap word nie deur sonde of die dood geraak nie, soos dit die geval met menslike priesters is, met die gevolg dat Hy by magte is om vir ons in te tree voor God en om ’n ewige verlossing vir sy volk te bewerkstellig. Christus se versoeningswerk as die volmaakte en deernisvolle Priester gee aan sy kinders die rotsvaste versekering dat hulle in niks minder as God se teenwoordigheid leef nie *(Heb. 6:19 en 20)*. Christus se koninklike priesterskap sal die heerskappy van die bose tot ’n einde bring, nie net in die mense se harte nie, maar ook in die wêreld. Hy sal die belofte in Psalm 2 nakom, naamlik dat elke nasie en regeerder aan die koninklike oordeel van Jesus Christus onderhewig sal wees *(Ps. 2:6-9; Ps. 110:1, 2, 5 en 6)*. Jesus se wonderlike koninklike priesterskap maak geheel en al aanspraak op ons vertroue en gehoorsaamheid.

**Vir verdere studie:** Lees die volgende gedeelte uit Ellen G. White: "God With Us" (bl. 19-26, *The Desire of Ages*).

As beide Christus se gebede en gebede oor Christus, is die psalms 'n eiesoortige openbaring van wie Christus was en is; van sy verlossingsbediening, as die een wat "God met ons" is *(Matt. 1:23)*. Jesus is "God met ons" wanneer ons biddend deur verlatenheid en lyding stoei. Hy is "God met ons" wanneer ons om geregtigheid en bevryding uitroep. Jesus is "God met ons" wanneer ons weier om ons aan verlorenheid en wanhoop oor te gee, wanneer Hý vir ons die pad na triomferende geloof aanwys. Vir ons het Hy die ewige Priester en Koning geword, waardeur Hy ons red van die ewige verdoemenis wat sonde bring. In en deur Christus, die volmaakte Dawidiese koning, word al God se plegtige verlossingsbeloftes bewaarheid *(2 Kor. 1:20)*.

Ellen G. White gee 'n insiggewende beskrywing van Christus se eenwording met die mens: "Deur sy menswees raak Christus die mensdom aan en deur sy goddelikheid reik Hy tot by die [hemelse] troonkamer. Omdat Hy die Seun van die mens geword het, het ons nou sy voorbeeld van gehoorsaamheid; en omdat Hy die Seun van God is, het ons die krag om te gehoorsaam. Dit was Christus wat uit die brandende bos op Horeb met Moses gepraat en gesê het: 'EK IS WAT EK IS… So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur' (Eks. 3:14, OAB). Dít was die versekering van Israel se beloofde verlossing. Met sy eerste koms, 'in die vorm van 'n mens' verklaar Hy inderdaad Self: EK IS. Ja, die Kind van Betlehem, die beskeie Verlosser, is God 'geopenbaar in die vlees' (1 Tim. 3:16, OAB). Aan ons sê Hy: 'EK IS die goeie herder,' 'EK IS die lewende brood' en 'EK IS die weg, die waarheid en die lewe.' Jesus het ook gesê: 'Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde' (Joh. 10:11, Joh. 6:51, Joh. 14:6 & Matt. 28:18; almal OAB). Sy woorde aan ons is: 'EK IS die versekering van elke belofte. EK IS, wees nie bevrees nie'" (*The Desire of Ages*, bl. 24 en 25).

## Vrae vir bespreking:

❶ **Hoe het die Here sy onwrikbare getrouheid aan sy verbond, en dit ten spyte van die volk se troueloosheid, getoon? Hoe stel dit deesdae God se sukkelende kinders gerus?**

❷ **Let op Christus se unieke en superieure priesterskap volgens die orde van Melgisedek. Hoe versterk dit die verlossingsekerheid wat kinders van die Here het?**

❸ **Die Evangelies toon dat baie van Psalms se Messiaanse beloftes deur Jesus Christus vervul is. Hoe toon dit dat die Woord van God waar is? Vele invloede wil ons vertroue in die Bybel afbreek. Waarom behoort ons daardie invloede telkens teë te staan?**

❹ **"'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde'"** *(Matt. 28:18, NAB)*. **Watter groot troos kan ons uit hierdie woorde van Jesus put? Hoe pas 'n mens hierdie belofte in jou daaglikse handel en wandel toe?**

**LES 10** **2 tot 8 Maart*

# Lesse *uit* die verlede



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 78, Psalm 105, Galasiërs 3:29, Psalm 106, Psalm 80, Numeri 6:22-27 en Psalm 135.*

**Geheueteks: "Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het"** *(Psalm 78:3 en 4, NAB)*.

In vele psalms kom lofprysing in die opnoem van God se magtige reddingsdade. Siende dat dit met die verlossingsgeskiedenis te make het, word hierdie werke dikwels "verlossingsgeskiedenis-psalms" of bloot "geskiedkundige psalms" genoem. Sommige doen 'n beroep op die volk om uit die verlede te leer, veral uit hulle en hul voorsate se foute. Sommige geskiedkundige psalms is oorwegend lofliedere wat gesing behoort te word en beklemtoon God se wonderdade wat Hy in die verlede ten bate van die volk verrig het. Die sing van hierdie wonderdade het ten doel om vertroue in God te versterk, in Hom wat beide in staat en getrou is om sy kinders van hul teenswoordige swaarkry te red.

Die trekpleister in hierdie geskiedkundige psalms is die feit dat dit 'n mens help om jou lewe as deel van die volk se verbondsgeskiedenis te sien, om aanspraak daarop te maak en dit by jou geloofsbelewenis te inkorporeer. Siende dat ons deur Christus as deel van die historiese volk van God aangeneem is *(Rom. 8:15, Rom. 9:24-26, Gal. 4:6 en 7*), is Israel van ouds se historiese erfenis inderdaad ook die verhaal van ons geestelike erfenis. Gevolglik kan ons, en behoort ons, uit die belewenisse van antieke Israel te leer — belewenisse wat ook ons s'n is.

Die einddoel is ook om te besef dat elke opeenvolgende geslag van God se volk — hetsy as letterlike of geestelike Israel — 'n klein dog noemenswaardige aandeel in die groot historiese ontvouing van God se soewereine doelwitte in die groot stryd het.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 9 Maart.*

# Die Here se onstuitbare getrouheid

**Lees Psalm 78. Watter drie deurslaggewende historiese tydperke word in hierdie psalm uitgelig? Asaf put basies dieselfde lesse uit elke tydvak. Wat is daardie lesse?**

____________________________________________________

____________________________________________________

’n Terugblik op Israel se verlede benadruk God se getrouheid en Israel se ontrou. Dit behoort ook ’n les vir toekomstige geslagte te wees om nie dieselfde foute as hul voorsate te maak nie, en eerder op God te vertrou en getrou aan sy verbond te bly. Die psalmdigter gebruik dus die geskiedenis as ’n soort gelykenis *(Ps. 78:2)*, d.w.s. dat die volk die boodskap van hierdie psalm behoorlik moet bepeins, met elkeen wat self na die betekenis daarin moet soek. Psalm 78 vers 2 is profeties omdat dit vooruitwys op Jesus se gebruik van psalms as onderrigmetode *(Matt. 13:34 en 35)*.

Die psalm bekyk ook die uittog uit Egipte *(Ps. 78:9−54)*, die vestiging in Kanaän *(verse 55−64)* en die tydperk van koning Dawid *(verse 65−72)*. Dit demonstreer die Here se glorieryke dade en die gevolge wat die verbreking van God se verbond ingehou het. Israel se geskiedenis boekstaaf vele maniere waarop die volk onlojaal teenoor God was, veral die afgodery *(Ps. 78:58)*.

Die psalmdigter benadruk egter die rede vir Israel se ontrou: hulle het vergeet wat God in die verlede vir hulle gedoen het, het nie op Hom vertrou nie, het die Here beproef *(Ps. 78:18, 41 en 56)*, het teen Hom gerebelleer; en het versuim om by sy wet, sy verbond en sy getuienisse te hou *(Ps. 78:10, 37 en 56; OAB)*. Deur op hierdie spesifieke vorms van onlojaliteit te wys, sê die psalmdigter indirek dat die verwerping van Israel in die verlede ’n enkele sonde as oorsprong het — te wete die volk se versuim om die Here te vertrou *(Ps. 78:7 en 8)*.

Die volk se konstante hardkoppigheid en geestelike blindheid in hierdie psalm slaan ’n mens dronk, siende dat die Here, daarenteen, oneindig geduld en genade aan die dag gelê het. Waarom was elke opeenvolgende geslag so traag om uit hul foute te leer?

Dalk moet ons nie te haastig met die vingerwysing wees nie. Beide ons en ons geestelike voorgeslagte woon in huise van glas. Vergeet ons nie dalk ook van God se wonderdade in ons lewens nie? Verwaarloos ons nie ook ons verbondsverpligtinge nie? Psalm 78 moedig egter gelowiges aan om nie op hul eie dade staat te maak nie. Nee, dit toon juis die vergeefsheid van die menslike wil, tensy dit natuurlik in die konstante besef dat God getrou is, asook in die aanvaarding van sy genade, gefundeer word. Die volk se nederlae op die slagveld *(Ps. 78:9 en 62-64)* lig hierdie les in Psalm 78 mooi toe — naamlik dat menslike inspanning sonder getrouheid aan God altyd gedoemde pogings is.

**Watter lesse het jy geleer of behoort jy uit die foute van die verlede te geleer het?**

# Herdenking van die verlede en lofprysing aan God

**Lees** **Psalm 105. Watter historiese gebeure en die lesse wat daaruit te leer is, word in hierdie psalm na vore gebring?**

Psalm 105 herdenk sleutelgebeure wat die verbondsverhouding tussen die Here en sy volk Israel gevorm het. Dit fokus op God se verbond met Abraham, om die Beloofde Land aan hom en sy nageslagte te gee. Dit toon ook hoe daardie belofte, wat aan Isak en Jakob herbevestig is, danksy die bestiering van die Here deur Josef, Moses en Aäron, asook tydens die inneem van die land Kanaän vervul is. Die psalm bring hoop aan God se volk in alle geslagte, siende dat die wonderdade wat die Here in die verlede verrig het, die onveranderlikheid van sy liefde in elke geslag van sy kinders waarborg *(Ps. 105:1−5, 7 en 8)*.

Psalm 105 is gelyksoortig aan Psalm 78 (wat ons gister bekyk het), aangesien dit God se getrouheid aan sy volk dwarsdeur die verbondsgeskiedenis onderstreep; met die doel om God te eer en verheerlik, en om sy kinders tot getrouheid aan te moedig. In teenstelling met Psalm 78, noem Psalm 105 egter nie die volk se foute van die verlede op nie. Dié psalm gaan anders te werk.

In plaas daarvan vertel Psalm 105 die verbondsgeskiedenis deur die lewens van Israel se grootste patriarge, en toon hoedat God hul stapsgewys lei en hoedat die patriarge te midde van swaarkry geduldig deurdruk. Die partriarge se deursettingsvermoë en lojaliteit aan God is ryklik beloon. Psalm 105 is dus ’n beroep om die patriarge se voorbeeld te volg — naamlik om geloof aan die dag te lê en om met vertroue op God se redding in hul leeftyd te wag.

Psalm 105 het die trant van ’n loflied *(Ps. 105:1-7)*, wat toon dat die kinders van die Here hul verbondsgeskiedenis moet ken as hulle Hom waarlik wil loof en prys. Die geskiedenis het ’n tweeledige doel: dit bevestig ons geloof, en verskaf tallose redes om die Here te loof en prys.

Die aanbidders word as die nageslag van Abraham en die kinders van Jakob aangespreek *(Ps. 105:6)*, wat toon dat hulle as die vervulling van God se belofte aan Abraham — die belofte om hom ’n groot nasie te maak *(Gen. 15:3-6)* — beskou word. Die psalmdigter onderstreep die feit dat die patriage nie anders as die daaropvolgende geslagte van God se volk is nie, laasgenoemde is ’n onafgebroke voortsetting van eersgenoemde. Let op die klem wat die skrywer op God se oordele hier lê: “oor die hele wêreld geld sy beslissings” *(Ps. 105:7, AFR20, klem verskaf; lees ook OAB)*, sodoende vermaan hy aanbidders om nie te vergeet dat “onse God” ook die soewereine leier van die hele wêreld is en dat sy goedertierenheid vir die ganse mensdom is nie *(Ps. 96:1, Ps. 97:1)*. Duidelik is dit ’n hernieude oproep tot getrouheid aan elke nuwe geslag gelowiges.

**Ons is Sewendedag-Adventiste. Hoe behoort ons onsself dus in hierdie onafgebroke volk van God — wat vanaf Abraham tot in die hede strek — te beskou?** *(Lees Galasiërs 3:29.)* **Watter lesse behoort ons as Sewendedag-Adventiste uit Israel se geskiedenis te leer?**

# ’n Bepeinsing van geskiedenis en berou

**Lees Psalm 106. Watter geskiedkundige gebeure en hul lesse word in hierdie psalm beklemtoon?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Psalm 106 roep ook die deurslaggewende gebeure in Israel se geskiedenis te voorskyn, insluitende die uittog uit Egipte, die woestynsomswerwinge, asook die lewe in Kanaän. Dit beklemtoon die voorgeslagte se afskuwelike sondes, sondes wat uiteindelik ’n ballingskapgeslag voortgebring het. Hierdie psalm is heel waarskynlik geskryf toe Israel in Babiloniese ballingskap was of dalk na hul terugkeer, met die psalmdigter wat onder ingewing van die Heilige Gees die Egiptiese ballingskap en uittog na Kanaän oorvertel as gebeure waaruit die volk veronderstel was om uiters belangrike lesse te leer.

Soos die vorige psalms, wys hierdie een ook op God se getrouheid tot sy verbond van genade waardeur Hy sy volk in die verlede gered het *(Ps. 106:45)*. Dit koester die hoop dat God weereens sy boetvaardige volk goedgesind sal wees en hulle sal terugbring uit die nasies waaronder hulle verstrooi is *(Ps. 106:47)*. Die pleidooi om verlossing uit hul teenswoordige omstandighede, is nie blote wensdenkery nie, maar ’n smeekbede van geloof; en spruit uit die verlossingsekerheid wat op God se reddingsdade van die verlede steun *(Ps. 106:1−3)*. Dit steun ook op die onfeilbaarheid van die Here se getrouheid teenoor die volk wat Hy as Syne geroep het en met wie Hy ’n verbond gesluit het.

Psalm 106 se terugdink aan Israel se mislukkings van die verlede vorm ’n integrale deel van die volk se belydenisproses, van beide hul sonde én die feit dat hulle nie beter as hul voorgeslagte is nie. Die teenswoordige geslag in hierdie psalm gee selfs toe dat hulle slegter as hul voorsate is omdat hulle geweet het wat die gevolge van hul voorgangers se sondes was, en die ongekende geduld en genade wat God aan die dag gelê het deur hulle te red, hoewel hulle in die onlangse verlede doelbewus die weë van goddeloosheid bewandel het. As dít die waarheid is wat die volk destyds moes aanvaar, hoeveel te meer vir ons, die hedendaagse gelowige, wat die openbaring van God se karakter en reddende genade in die gestalte van Jesus en sy soendood het.

Die goeie nuus in Psalm 106 is dat God se onwankelbare liefde altyd oor die sonde van sy volk triomfeer *(Ps. 106:8−10, 30 en 43-46)*. Die deurslaggewende rol wat Moses en Pinehas gespeel het toe hulle die woede van die Here weggekeer het *(lees Numeri 25 en veral vers 10)*, wys vir ons hoe geweldig betekenisvol Christus se bemiddeling ter wille van gelowiges is. Slegs ’n eerstehandse belewenis van God se genade kan ’n verhaal uit die verlede in ons verhaal omskep.

**Psalm 106 vers 13 sê: “Maar hulle het gou vergeet wat Hy gedoen het en nie op sy leiding gewag nie”** *(NAB)*. **Waarom is dit so maklik vir ons om hierdie tragiese fout te herhaal?**

______________________________________________________________

# Die gelykenis van die Here se wingerd

**Lees Psalm 80. Hoe word die volk van God hier uitgebeeld en watter groot hoop bepleit hulle?**

___

___

Israel word hier uitgebeeld as God se wingerdstok wat in die onderdrukkende Egipteland gestaan het, maar wat Hy toe uittrek en na die oorvloedige Beloofde Land neem om dit daar te herplant. Hierdie wingerdstok-beeld dui op die feit dat Israel God se uitverkore volk is en dat hulle die sorg van sy voorsienigheid geniet *(lees ook Gen. 49:11, 12 en 22; Deut. 7:7-11)*.

In Psalm 80 beleef God se wingerd egter sy toorn *(vers 12)*. Die profete kondig die wingerd se verwoesting aan, as ’n teken van God se oordele omdat die wingerd wilde druiwe voortgebring — oftewel goddeloos geraak — het *(Jes. 5:1-7, Jer. 2:21)*.

Psalm 80 bekyk egter nie die redes vir God se oordele nie. Gegewe die dieptes van God se genade, sukkel die psalmdigter om te verstaan hoe God sy teenwoordigheid vir so ’n uitgerekte tydperk van sy mense kan weerhou. Die spanning tussen God se toorn en oordele, enersyds, en sy genade en vergifnis, andersyds, lei tot vrese by die psalmdigter dat die toorn van die Here dalk vir ewig sal voortduur, en dat dit die volk geheel en al sal verteer *(Ps. 80:17, OAB)*.

**Lees Numeri 6:22-27. Hoe word hierdie seëning in Psalm 80 gebruik?**

___

___

Die psalm se refrein herinner aan die belofte wat Aäron aan die volk moes voorhou — naamlik dat God se seëninge blywend is *(Num. 6:22−27)*. Die psalmdigter beklemtoon die hoop dat God se genade sal triomfeer oor die redes waarom die volk smart beleef: “o God, herstel ons, en laat u aangesig skyn, sodat ons verlos kan word!” *(Ps. 80:3, OAB; lees ook Ps. 80:8 en 20, OAB)*.

Die Hebreeuse woord wat hier as “herstel” vertaal word, kom van ’n algemeengebruikte woord wat as “terugkeer” vertaal kan word. Laasgenoemde word herhaaldelik in die Bybel gebruik waar God roep na sy afgedwaalde volk en vra dat hulle na Hom moet terugkeer. Dit hang nou saam met die begrip bekering, d.w.s. om ’n mens se rug op sonde te draai en jou lewe godwaarts te keer. “Ek sal aan hulle harte gee om My te ken, dat Ek die Here is. Hulle sal vir My ’n volk wees, en Ek sal vir hulle ’n God wees; want hulle sal na My terugkeer met hulle hele hart” *(Jer. 24:7, AFR20)*.

**Bekering is ’n terugkeer na God. Hoe het jy dit al self beleef?**

___

# Die Here se oppermag in die geskiedenis

**Lees Psalm 135. Watter geskiedkundige gebeure word hier beklemtoon? Watter lesse put die psalmdigter daaruit?**

_______________________________________________

_______________________________________________

In Psalm 135 word die volk aangesê om die Here vir sy goedertierenheid en getrouheid te loof, twee goddelike karaktereienskappe wat in bepaalde weldade te siene is: die skepping *(Ps. 135:6 en 7)*, Israel se verlossingsgeskiedenis ten tye van die uittog uit Egipte *(Ps. 135:8 en 9)* en die verowering van die Beloofde Land *(Ps. 135:10-12)*.

Die Here toon sy genade deur die volk Israel as "besondere besitting" uit te verkies *(Ps. 135:4, NLV)*. "Besondere besitting" verwoord die andersheid van die verbondsverhouding tussen God en sy volk *(Deut. 7:6-11, 1 Pet. 2:9 en 10)*. Israel se uitverkiesing spruit uit God se soewereine wil, derhalwe het die volk geen rede tot 'n meerderwaardige houding gehad nie. Psalm 135 verse 6 en 7 toon dat die Opperwese se doelstellings vir hierdie wêreld nie sy oorsprong in Israel het nie. Dit het reeds by die skepping begin. Gevolglik behoort Israel hul toegekende rol in God se wêreldverlossingsplan nederig te aanvaar.

Psalm 135 keer terug na die Here se groot reddingsdade ten bate van sy volk *(Ps. 135:8-13)*. Dié vertelling loop uit op 'n belofte, naamlik dat God "reg" aan sy volk "sal verskaf" en Hom oor hulle sal ontferm *(Ps. 135:14, NLV)*. Dit impliseer 'n soort oordeel, en is God se blaamsuiwering van die onderdruktes en ontheemdes *(Ps. 9:4, Ps. 7:8, Ps. 54:1 & Dan. 7:22)*. Hierdie belofte beteken dat die Here Hom vir sy volk sal beywer en hulle sal verdedig *(Deut. 32:36)*. Psalm 135 probeer dus die volk aanspoor om hul vertroue in die Here te stel en om getrou aan hul verbond met Hom te bly.

Die Here se getrouheid aan sy volk noop die psalmdigter om opnuut die nutteloosheid van afgode en die Here se unieke posisie as alleenheerser oor die wêreld te bevestig *(Ps. 135:15−18)*. Om op afgode staat te maak, maak hul aanbidding net so nutteloos en magteloos as wat daardie gode is *(Ps. 135:18)*. Die psalm toon dat God as beide Skepper en as Verlosser van sy volk gedien behoort te word. Dit word besonder netjies in twee komplementêre weergawes van die vierde van die tien gebooie verwoord *(Eks. 20:8−11, Deut. 5:12−15)*. Die mag van God wat 'n mens in die skepping en geskiedenis bespeur, het geen gelyke nie. Derhalwe behoort die volk van God slegs op Hom staat te maak en slegs Hom te aanbid. As ons Skepper en Verlosser, is Hy al een wat aanbid behoort te word, en die aanbidding van enigiets of enigiemand anders is afgodsdiens.

**Hoe verseker die gelowige dat hy of sy geen afgode in hul lewens het nie? Waarom is dit makliker om by afgodery betrokke te raak as wat 'n mens dink?**

_______________________________________________

**Vir verdere studie:** Lees Handelinge 7 en Hebreërs 11. Uit die geskiedenis sien 'n mens hoedat die Here met sy soewereinde wil vir Israel van ouds gelei het. Wat is die hoofdoel van hierdie onderneming, volgens die Nuwe Testament?

Die historiese psalms is 'n kragtige getuienis van God se getrouheid aan sy volk. Elke gebeurtenis in die verbondsgeskiedenis was 'n bestiering, 'n godgegewe stap in die rigting van die uiteindelike vervulling van die groot belofte — naamlik dat God 'n verlosser aan die mensdom, in die vorm van Jesus van Nasaret, sou stuur. Selfs die beproewings — so verbysterend vir die volk, wat hulle laat wonder het of die Here hulle versaak het — was onder God se soewereine beheer en deel van die Godsplan omdat Hy die opperste Heer van die geskiedenis is. Op 'n besonder vaardige wyse bring die psalmdigter ons te staan voor die waarheid: selfs die volk se gebrek aan lojaliteit kon nie die Here stuit nie, Hy het in sy volk bly glo en aangehou om sy beloftes te vervul. Die onboetvaardige individue en groepe is egter uitgesluit van die verbondseëninge. Hul skandelike einde dien steeds as waarskuwing dat 'n lewe sonder God (of een in stryd met Hom) mense verwoes.

In elke tydvak moedig die boek Psalms gelowiges aan om te hoop op die Here en aan Hom getrou te bly. "Ons het niks te vrees in die toekoms nie, behalwe dat ons twee dinge vergeet: hoe God ons tot dusvêr gelei het en sy lesse van die verlede" (Ellen G. White, *Life Sketches of Ellen G. White,* bl. 196).

As ons as kinders van die Here vreesloos vorentoe wil beur, moet ons presies weet wat in ons verbondsgeskiedenis gebeur het. Ellen G. White beveel aan dat gelowiges Psalms 105 en 106 "minstens een maal 'n week" moet lees (*Testimonies to Ministers and Gospel Workers,* bl. 98).

Israel se verbondsgeskiedenis toon dat der laaste van God se beloftes wat in die Bybel geskryf staan, vervul sal word. Hier is natuurlik twee soorte: dié wat op die individu en sy of haar teenswoordige lewe afgestem is en dié wat oor die toekoms gaan, die dag van Christus se wederkoms wat God se koninkryk van geregtigheid en vrede op die nuwe aarde sal vestig.

## Vrae vir bespreking:


**❶ Watter seëninge spruit uit die bepeinsing van antieke Israel en hoe die Here hulle getrou gelei het? Wat gebeur egter as 'n mens die lesse van die verlede vergeet of doelbewus ignoreer? Wat gebeur as ons hierdie beginsel op onsself as die kerk toepas, ons wat tot dieselfde taak as Israel van ouds geroepe is?**

**❷ Hoe moedig die boek Psalms ons aan om te besef dat God doelbewus na ons en ons lewens omsien en dat ons geduldig op God en sy soewereine weë moet vertrou, selfs wanneer die redes vir bepaalde gebeure onduidelik is?**

**❸ Hoe kan ons die bestudering van Israel se verbondsgeskiedenis 'n meer prominente deel van persoonlike stiltetyd en van gemeentelike aanbidding maak? Dink ook aan die meer onlangse [nabybelse] geskiedenis van God se volk. Hoe dra 'n mens dit doelbewus aan kinders oor?**

LES 11 *9 tot 15 Maart

# Die verlange *na* God in Sion



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 84, Openbaring 21:3, Psalm 122, Psalm 87, Galasiërs 3:28 en 29, Mattheus 28:18-20, Psalm 46, en Psalm 25.*

**Geheueteks: "My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die Here; my hart en my vlees jubel uit tot die lewende God"** *(Psalm 84:2, OAB)***.**

Die Sionsliedere is vreugdevolle liedere. Dit verhef die skoonheid van Sion en die opperheerskappy van die Here wat vanaf sy heilige berg regeer. In hierdie psalms word die goeie eienskappe van God se woning besing, met die psalmdigter wat uiting gee aan sy liefde vir 'n plek waarvan ons ook in ander psalms lees: die heiligdom. Baie van hierdie psalms is deur die seuns van Korag geskryf. As tempelmusikante *(1 Kron. 6:31-8)* en -poortwagte *(hfst. 9:19)* het hulle die geseënheid van die huis van die Here eerstehands beleef.

Waarom is die Sionsberg so 'n plek van hoop en vreugde? Sion het destyds God se lewende teenwoordigheid onder sy volk verteenwoordig. Net soos wat Israel God se uitverkore volk is *(Deut. 7:6)*, is Sion sy uitverkore berg *(Ps. 78:68, Ps. 87:2)*. Die Here regeer uit Sion *(Ps. 99:1, 2)* en het ook sy tempel op die Sionsberg gegrondves *(Ps. 87:1)*. Dit is dus 'n plek van goddelike seëning, 'n goddelike vesting. "Sion" word dikwels tesame met "Jerusalem" en "die heiligdom" in paralelle konstruksies gebruik. Soms word hierdie drie terme ook uitruilbaar gebruik (m.a.w. Sion, Jerusalem en die heiligdom is een en dieselfde plek) — die middelpunt van God se verlossingwerk in die antieke wêreld.

Die seëninge wat uit Sion kom, is so oorvloedig dat dit die uithoeke van die aarde bereik, en gebeur omdat die Here se wese en genade alle gewyde grense oorskry. Die Sionsberg is dus die vreugde van die hele aarde *(Ps. 48:3, OAB)* en bevestig daarmee dat die ganse aarde aan God behoort.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereuiding van Sabbat, 16 Maart.*

# ’n Dag in u voorhowe is beter as duisend daarbuite

**Lees Psalm 84:1-4. Waarom smag die psalmdigter na die heiligdom?**

Die psalmdigter “verlang” en “smag” na die heiligdom, om permanent daar te woon sodat hy vir ewig naby die Here kan wees *(Ps. 84:2 en 3)*. God se lewende teenwoordigheid *(Ps. 84:3)* maak die heiligdom ’n unieke plek. In die heiligdom kan aanbidders “die lieflikheid van die Here… aanskou” *(Ps. 27:4, OAB; lees ook Ps. 63:2)* sodat hulle “versadig word met die goeie van u huis” *(Ps. 65:4, OAB)*. In Psalm 84 word ongeëwenaarde geluk deur hegte bande met God bereik. Wat behels hierdie bande? ’n Mens moet die Here loof en prys *(Ps. 84:5)*, krag uit Hom put *(Ps. 84:6)* en op Hom vertrou *(Ps. 84:13)*. Die heiligdom is die plek waar daardie bande deur aanbidding en in gemeenskap met medegelowiges gevoed word. God se lewende teenwoordigheid in die heiligdom bied die aanbidder ’n blik op God se glorieryke koninkryk asook ’n voorsmakie van die ewige lewe.

**Lees Psalm 84:6-13. Watter ander persone ontvang ook die seëninge wat die heiligdom bring?**

Volgens hierdie beskrywing straal die seëninge van die Here uit die heiligdom. Dié wat in die heiligdom dien, ontvang dit eerste *(Ps. 84:5)*, gevolg deur die pelgrims wat op pad soontoe is *(Ps. 84:6-8)*, en dan tot in die uithoeke van die aarde. Die verwagting dat die pelgrim die Here in die heiligdom gaan ontmoet, versterk hul geloof *(Ps. 84:8)*. Die uitputting van die gewone reisiger neem algaande toe. Dit gebeur egter nie met die pelgrim nie. Hoe nader hy of sy aan die heiligdom kom, hoe groter die krag wat hulle ontvang.

Selfs al is die pelgrim nie meer fisies by die heiligdom nie, is die diepe indruk wat dit laat blywend. Gevolglik lei hulle ’n opregte lewe *(Ps. 84:12)*, ’n lewe eie aan die regverdiges wat God se heiligdom betree *(Ps. 15:1 en 2)*. In Psalm 84 word die Here “’n son” genoem. Hiermee toon die psalmdigter dat die seëninge wat uit die heiligdom kom, soos die strale van die son is wat selfs die uithoeke van die aarde vang en verlig *(vers 12, OAB)*. Diegene wat gelowig by die Here bly, ontvang dus sy genade — ongeag waar op aarde hulle hulle bevind.

**Lees Openbaring 21:3. Watter hoop wat in die aardse heiligdom weerspieël word, word hier geopenbaar? Kan ons ons indink hoe dit gaan wees?**

# Bid vir die vrede van Jerusalem

**Lees Psalm 122:1-5. Wat is die gevoel van die aanbidders met hul aankoms in Jerusalem? Wat hoop hulle om daar te vind?**

Psalm 122 gee uiting aan die pelgrims se behae en opgewondenheid toe hulle in Jerusalem aankom. Die jaarlikse drie pelgrimstogte na Jerusalem was 'n vreugdevolle geleentheid ter viering van die Here se weldade van die verlede en die hede *(Deut. 16:16)*. Jerusalem was die spitspunt waarom die Joodse nasie se lewe gedraai het, want die "voorskrif vir Israel" *(Ps. 122:4, OAB & NAB)* en die trone vir regspraak *(Ps. 122:5*) was daar geleë. Die "voorskrif vir Israel" dui op die heiligdom. (Let op die New King James-vertaling se woordkeuse vir hierdie sinsnede, "*To the* Testimony of Israel" [klem verskaf], wat op 'n fisiese plek dui, terwyl die Afrikaanse vertalings wat wel die begrip "getuienies" bevat almal op 'n verordening van die Here dui en nie 'n plek nie, soos die NAB se "Dit is 'n voorskrif vir Israel.") Neem egter in ag dat daar soms na die heiligdom as "die tabernakel van die Getuienis" *(Num. 1:50, OAB)* verwys is, waar "die ark met die Getuienis" bewaar is *(Eks. 25:22, AFR20 & OAB)* (wat dus die Engelse vertolking en betekenis regverdig). Die trone vir die regspraak in Psalm 122 vers 5 beeld Jerusalem as die setel van die regbank uit *(2 Sam. 8:15)*. Die pelgrimstog na Jerusalem was dus die aangewese tyd en plek vir enigeen wat na reg en geregtigheid gesoek het. Duidelik was getrouheid aan God en die toepassing van die wet onafskeidbaar.

**Lees Psalm 122:6-9. Wat is die hoofgebed van God se volk?**

Om vir vrede in Jerusalem te vra, is 'n afbidding van God se seëninge op die stad en sy inwoners. Dit verenig ook die aanbidders en skep 'n samehorigheidsgevoel sodat vrede by hulle posvat *(Ps. 122:8)*. Jerusalem kon dus 'n stad van vrede wees, mits vrede tussen God en sy volk, en tussen die mense geheers het. Derhalwe kom hierdie gebed om vrede vir Jerusalem op 'n beroep neer: die volk van God moet in vrede met Hom en mekaar lewe. In hierdie vrede wat oor Jerusalem afgebid word, sal die volk floreer *(Ps. 147:12-14)*.

Wat ons uit hierdie psalm leer, is dat gebede vir die welstand van die geloofsgemeenskap die hoofonderwerp van die gelowige se gebede behoort wees, want die volk van God kan slegs die goeie tyding oor God se vrede en verlossing aan die wêreld verkondig as hulle sterk en verenig is *(Joh. 13:34 en 35)*.

Om vir vrede in Jerusalem te bid, is 'n voorreg en verantwoordelikheid wat steeds van toepassing op die moderne gelowige is; want dit hou die eindtydhoop oor God se komende vredeskoninkryk lewendig, 'n vrede wat nie n**et** oor die stad Jerusalem nie, maar oor die ganse aarde sal heers *(Jes. 52:7, Jes. 66:12 en 13 & Op. 21-22)*.

**Op watter praktiese maniere kan ons harmonie in ons geledere nastreef?**

# Sion — Tuiste van die nasies

**Lees Psalm 87:1 en 2. Wat maak van Sion so 'n veelgesogte plek?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Psalm 87 is 'n lied wat Sion as God se uitverkore en geliefde stad vier. Dit is die berg waarop die tempel se fondasie gegooi is en waarop dit gebou is *(Ps. 2:6, Ps. 15:1)*. In die eindtyd, sê die Skrif, sal Sion bokant die ander berge uittroon, 'n beeld wat toon dat die Here opperheerskappy oor die ganse aarde het *(Jes. 2:2, Ps. 99:2 & Miga. 4:1)*. Psalm 87 vers 1 verwys na die Sionsberg as "heilige berge" *(AFR20)* — m.a.w. meervoudig — om die majesteit daarvan te beklemtoon *(Ps. 133:3, AFR20)*. God het die Sionspoort "liewer as die wonings van Jakob" *(Ps. 87:2, AFR20)*, waarmee die psalmdigter sê dat Sion voorrang bo al die ander historiese plekke van byeenkoms in Israel, soos Silo en Bet-El, geniet. Psalm 87 bevestig dus dat ware aanbidding van die lewende God in sy uitverkore plek en op sy voorgeskrewe manier moet wees.

**Lees Psalm 87:3-7. Watter wonderlike dinge word van Sion gesê?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Die glorierykheid van Sion trek alle nasies na die Here. Die grense van God se koninkryk word dus so vergroot dat dit die hele wêreld insluit. Let op die feit dat God nie die ander nasies as tweederangse burgers beskou nie, nieteenstaande die uitbeelding van Joodse Sion as die geestelike geboorteplek van alle groepe wat die Here as hul Verlosser aanvaar het.

Die registrasie van individue was destyds volgens geboorteplek *(Neh. 7:5, Luk. 2:1-3)*. Die psalm noem driemaal dat die nasies in Sion "gebore" is, wat beteken dat die Here aan elkeen 'n nuwe identiteit gee, dat Hy aan mense van ander nasies dieselfde voorregte skenk as diegene wat letterlik daar gebore is *(Ps. 87:4-6, AFR20)*.

Psalm 87 dui op die verlossing van Jood én nie-Jood, en dat hulle deur Christus se verlossingsbediening in 'n enkele kerk byeengebring word *(Rom. 3:22, Rom. 10:12, Gal. 3:28 en 29 & Kol. 3:11)*. Die psalmdigter se uitbeelding van die welvaart en voorspoed wat Sion beleef het, herinner aan Daniël se visioen waar die koninkryk van God 'n reuse berg word wat die ganse aarde vul *(Dan. 2:34, 35, 44, 45; AFR20)*. Dit herinner ook aan Jesus se gelykenis oor die mostersaad, waar die koninkryk van God 'n reuse boom word waarin die voëls van die hemel nesmaak *(Matt. 13:32, OAB)*.

**Let op Sion se bereidwilligheid in Psalm 87 om mense van alle nasies te aanvaar. Hoe word dit in Jesus se groot sendingopdrag aan die kerk, naamlik om die evangelie aan alle mensgroepe te verkondig, bewaarheid?** *(Matt. 28:18-20)*. **Hoe sluit dit aan by die oproep wat ons het om die Drie-engeleboodskap te verkondig?**

# Sion se vrede en veiligheid

**Lees Psalm 46:1-7. Hoe word die wêreld hier op ’n digterlike wyse uitgebeeld? .**

Die psalm gee ’n besonder lewendige beskrywing van ’n geweldig onstuimige wêreld, waarin natuurrampe van ongekende intensiteit uitgebeeld word *(Ps. 46:3 en 4)*. Die beeld van bruisende of skuimende water verwys dikwels in die Bybel na rebelse nasies asook allerhande probleme wat die goddelose op aarde veroorsaak *(Ps. 93:3 en 4, OAB; Ps. 124:2-5, NAB)*. Net so het ons in Psalm 46 natuurrampe as beelde vir nasies wat mekaar die stryd aansê en onstuimigheid op aarde veroorsaak *(Ps. 46:7)*.

Dit is duidelik ’n wêreld sonder God. God is immers by sy volk, en waar die Here woon, het ’n mens oorvloedige vrede *(Ps. 46:4 en 5)*. Alhoewel die mensdom dus die Here verwerp, verwerp Hy nie die mens nie. God is juis teenwoordig op aarde omdat Hy by sy volk is. Met ander woorde, ongeag hoe sleg die situasie blyk te wees, leef ons in die teenwoordigheid van God, ’n fundamentele waarheid waaruit elke gelowige hoop en bemoediging kan put.

Ons volmaakte toevlug, die Here, is die bron van Sion se blywende vrede en veiligheid. In Psalm 46:4 word Sion se veiligheid deur die woordjie “al” *(NAB)* na vore gebring. Al is die ganse mensdom in beroering, is God se volk veilig. Dit toon dat vrede nie uit ’n totale gebrek aan beproewing spruit nie, maar God se genadegawe aan sy trouhartige kinders is. Te midde van die storms kan onvoorwaardelike vertroue op God die gelowige vredevol stem en innerlik beskut *(Matt. 8:23-27)*. Die vraag is net: gaan God die mensdom vir ewig aan hul afbrekende keuses en optrede oorlaat?

**Lees Psalm 46:6-11. Wat is God se respons op die geweld en verwoesting wat hoogty op aarde vier?**

So hewig is die Here se afkeur in dié stand van sake dat die woorde uit sy mond — waardeur Hy alles aan die begin tot stand gebring het — nou die aarde laat versmelt *(Ps. 46:6)*. Hierdie versmelting is egter nie ’n totale vernietiging nie, maar ’n vernuwing. Let op die feit dat God sy vrede vanaf Sion na die uithoeke van die aarde laat uitbrei. God sal oorloë beëindig en die instrumente van vernietiging tot niet maak — die dinge waarmee bose nasies die mensdom onderdruk het *(Ps. 46:9)*. Dít is die Christen se groot hoop wat met die wederkoms van Jesus bewaarheid sal word.

**Hoe leer ’n mens, en dit in ’n wêreld wat inderdaad onstuimig is, om innerlike vrede en vertroue op God te hê?**

# Onbeweeglik soos die Sionsberg

**Lees Psalm 125:1 en 2. Hoe word diegene wat die Here vertrou hier uitgebeeld?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Diegene wat op die Here vertrou, word met Sion vergelyk, wat 'n simbool van standvastigheid en krag is. Die aanskoulike berge wat die stad Jerusalem omring het, boesem geloofsekerheid in Goddelike beskerming by die psalmdigter in *(Ps. 5:12, Ps. 32:7 en 10)*. Let op die berge waaroor die goddelose regeer wat vanweë die bewende aarde in die see val *(Ps. 46:2, ABA)*. Daarenteen het ons die indrukwekkende bestendigheid van die berg waarop Jerusalem gebou is, Sion wat 'n diepe vertroue inboesem. Hierdie vertroue in God se beskerming word boonop al sterker te midde van die pynlike werklikheid waarin ons leef, 'n wêreld waarin boosheid dikwels die oorhand kry. Ten spyte van boosheid alom, beskaam die hoop nie vir die kinders van die Here nie.

**Lees Psalm 125:3-5. Hoe word die regverdige versoek? Watter les put ons hieruit?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Die sukses van die goddelose kan tot mismoedigheid by God se kinders lei en hulle kan selfs in die versoeking kom om soos die goddelose te begin lewe *(Ps. 73:2-13, Ps. 94:3)*. Die Sionsberg se onoortreflike standvastigheid beskut egter nie diegene wat graag die Here wil verlaat nie. Dit staan elkeen vry om "hulle hande na onreg uit te steek" *(Ps. 125:3, OAB; woordorde aangepas)* om "langs krom paaie weg [te] draai" *(vers 5, OAB)*. Die Here is regverdig en fel dieselfde oordeel oor die afvalliges as die ander onboetvaardige sondaars.

Hier is die oproep vir die kinders van die Here om onwrikbaar in hul geloof en vertroue in die Here te bly, net soos die Sionsberg hul onwankelbare toevlug is. Met ander woorde, ons kan steeds op die goedheid van die Here staat maak, selfs al verstaan ons nie wat aangaan nie.

"Die sondeval, die vleeswording van Christus, die feit dat Hy weer lewendig geword en uit die graftombe te voorskyn gekom het, en vele ander bybelonderwerpe, is verborgenhede — te moeilik vir die mens om te verklaar, wat nog te sê verstaan. Ons het egter geen rede om die Woord van God in twyfel te trek nie, want ons kan nie die weë van die Voorsienigheid verstaan nie… Oral in die natuur is [immers] wonderbaarlike raaisels wat die mens laat kopkrap. Waarom is dit vir ons enigsins verrassend dat die geestelike wêreld ook onbegryplike raaisels het? Die enigste moeilikheid hier is die swakheid en bekrompenheid van die menslike verstand. In die Skrif skenk God ons afdoende bewyse dat hierdie raaisels en verborgenhede van Hom af kom. Derhalwe behoort ons nie te twyfel in sy Woord net omdat ons nie die verborgenhede van die Godsplan kan verstaan nie" (Ellen G. White, *Steps to Christ*, bl. 106 en 107).

**Vir verdere studie:** Bepeins die boodskap van Jesaja 40, asook hoofstuk 51 verse 1 tot 16.

Die Sionsliedere vra dat ons 'n verbintenis tot die volgehoue bepeinsing van Sion sal maak. Siende dat die Sionsberg ook 'n versinnebeelding van God se opperheerskappy is, moet ons daardie opperheerskappy ook bedink. Hoewel ons baie van God se heiligdomseëninge in ons leeftyd kan smaak, lê die soort lewe wat Sion beloof — een wat oorloop van oneindige energie en lewensvreugde — steeds in die toekoms. Baie van God se kinders sien vreeslik en diepbewoë uit na die hemelse Sion *(Ps. 137:1)*. Om Sion te onthou, beteken nie dat 'n mens net af en toe daaraan dink nie. Nee, jy kies doelbewus om Sion in die gedagtes te laat herleef, om jou volle aandag daarby te bepaal en daarvolgens te leef *(Eks. 13:3, Eks. 20:8)*.

Die sing van die Sionsliedere getuig van 'n passievolle voorneme: om die hoop dat God se koninkryk op die nuwe aarde herstel sal word, lewendig te hou *(Op. 21:1-5)*. "Dáár sal onsterflike verstande die nimmereindigende vreugdes van God se skeppingsmag, die verborgenhede van die liefde wat verlossing bring, bepeins. Dáár is geen wrede Aartsbedrieër wat 'n mens in die versoeking bring om van God te vergeet nie. Elke verstandelike vermoë sal ontwikkel word, elke bekwaamheidsvlak verhoog word. Die verkryging van kennis sal nóg die verstand nóg die energievlakke uitput. Dáár sal die grootste ondernemings deurgevoer word, die mees verhewe aspirasies bereik word, die hoogste ideale verwesenlik word; en nuwe hoogtes sal te voorskyn kom om aangedurf te word, nuwe wonders wat hart en verstand aangryp; nuwe waarhede wat verstaan moet word, splinternuwe verskynsels waarvoor die vermoëns van liggaam, verstand en gees ingespan moet word" (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 677).

Om nie Sion uit die oog te verloor nie, is 'n gelofte waartoe 'n mens jou outomaties as geestelike pelgrim verbind. Diesulkes beskou nie dié sondige wêreld as hul tuiste nie, maar leef in afwagting op die nuwe hemel en nuwe aarde.

Die Sionspsalms kan dus in elke geslag van die mensdom deur gelowiges — deur diegene wat 'n woonplek in die New Jerusalem verlang — gesing word *(Op. 3:12)*. Die Sionsliedere moedig ons tot die koestering van 'n bepaalde verwagting aan, naamlik dat 'n splinternuwe wêreld van hoop op die horison wink. Dit noop ons egter ook om werkers van God se genade in die teenswoordige wêreld te wees.

## Vrae vir bespreking:

**❶ Sion is 'n fisiese berg waarop die plek Jerusalem staan, 'n godsdienstige en geregtelike spilpunt waarom die antieke volk se lewe gedraai het. Hoe neem 'n mens nou die geestelike en teologiese beginsels wat daaruit te put is, en pas dit op die kerk en haar wêreldsending toe?**


**❷ Hoe kan die hedendaagse gelowige in God se heiligdom bly?** *(Joh. 1:14-18, Heb. 12:22-24)***.**

**❸ Hoe gaan Sion die stad van die nasies word, soos dit in Psalm 87 in die vooruitsig gestel word?** *(Rom. 5:10, Ef. 2:11-16 & Kol. 1:19-23).*

**❹ Sommige mense wys op die onaanvegbare feit dat slegte mense floreer terwyl baie van die "goeies" ly en swaarkry? Wat is die gelowige se reaksie hierop? Waarom is dit belangrik om rondborstig te erken dat ons nie nou al die antwoorde het nie?**

LES 12 *16 tot 22 Maart

# Aanbidding sonder einde



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 134, Jesaja 42:10-12, Openbaring 14:3, Psalm 15, Psalm 101:1-3, Psalm 96, Openbaring 14:6-12, asook Johannes 4:23 en 24.*

**Geheueteks: "Ek wil sing tot eer van die Here solank as ek lewe, ek wil psalmsing tot eer van my God solank as ek daar is"** *(Psalm 104:33, OAB)*.

Namate 'n mens toeneem in die belewenis van God se genade en krag, wil jy saam met die psalmdigter vra: "Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?" *(Ps. 116:12, NAB)*. Uiteraard is die respons hierop om 'n lewe van doelbewuste getrouheid aan God te lei.

In Psalms is Israel nie net 'n nasie nie, maar "die volle vergadering" *(Ps. 22:23 en 26, NAB; of "'n groot byeenkoms" in AFR20; Ps. 35:18)*. Dit bring Israel se hoofroeping na vore, naamlik om die Here te prys en teenoor die ander nasies van Hom te getuig, aangesien die Here begeer dat alle nasies by die volk se aanbidding sal aansluit. Die volk is al die regverdiges, elkeen wat die Here aanbid en wie se hoop in Hom en sy liefde gegrond is.

Om die Here in die gemeente te dien, word hier as die ideale vorm van aanbidding gesien. Dit beteken egter nie dat die individu se gebede en lofprysings as lid van Israel minder betekenis het nie. Die rol van individuele stiltetyd (of boekevat) is weliswaar om stukrag aan gemeenskaplike aanbidding te gee deur gesamentlike lofprysing te vernuwe *(Ps. 22:23 en 26)*. Dit is egter 'n wisselwerking, aangesien die volle potensiaal van individuele aanbidding ontgin word juis omdat dit nou met gemeenskaplike aanbidding verweef is. Die aanbiddende gemeenskap van gelowiges word ook "die kring van opregtes" genoem *(Ps. 111:1, AFR20)*. Die opregtes ken die Here *(Ps. 36:10)* en Hy ken hulle *(Ps. 37:18)*, iets wat elke sy van hul lewens deurdring.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 23 Maart.*

# Hef julle hande op na die heiligdom

**Lees Psalm 134. Waar word die Here in hierdie psalm aanbid? Waartoe lei die aanbidding van die Here?**

________________________________________________

________________________________________________

Psalm 134 herinner aan die Aäronitiese priesterlike seëning wat in Numeri 6:24-26 *(asook in Ps. 67:1)* genoem word, en beklemtoon seënwense as die grondbeginsel en verlangde uitkoms van die band tussen God en Israel. Die mense seën die Here in die heiligdom en die Here seën sy volk vanuit Sion. God se seëninge betrek alle lewe op aarde aangesien Hy die Skepper van hemel en aarde is. Die verwysing na Sion as die setel van spesiale seëninge onderstreep die Here se verbondsverhouding met sy volk. Dit is dus binne die verbond van genade dat Israel die voorreg benut om die Here te seën, asook deur Hom geseën te word.

**Lees Psalm 18:1, Psalm 36:1, Psalm 113:1, Psalm 134:1 en 2, asook Psalm 135:1 en 2. Hoe word die aanbidders hier uitgebeeld?**

________________________________________________

________________________________________________

Psalms beeld dikwels die aanbidders as diensknegte (of dienaars) van die Here uit. Die sinsnede "wat snags diens verrig in die huis van die Here" *(Ps. 134:1, AFR20)* verwys bes moontlik na die Levitiese nagwagte *(1 Kron. 9:23−27)* of na die lofprysing wat beide bedags en snags in die tempel aan die Here gebring is *(vers 33)*.

Siende dat die Israeliete die ongesiene God aanbid het, Hy wat nie met aardse dinge uitgebeeld kan word nie, moes die heiligdom die majesteit van God weerspieël en 'n veilige omgewing skep waarin sondige mense hul Hemelkoning kon nader. Hierdie ontmoeting is deur God Self in werking gestel, en is deur sy wette en bepalings gereguleer.

"Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is" *(1 Pet. 2:4 en 5, NAB)*. Wat ons hier het, dansky Petrus, is 'n Nuwe-Testamentiese uitdrukking van dieselfde idees as wat in die aangebode psalms verskyn: die volk van God, wat Petrus 'n heilige priesterdom noem, bring lof en dank aan die Here Jesus Christus as hul Skepper en Verlosser, vir al die weldade wat Hy vir hulle verrig het

**As Nuwe-Testamentiese gelowiges het ons ook 'n priesterlike rol in die opsig dat ons geroep word om as tussengangers-in-die-kleine op te tree, ten einde die blye boodskap op 'n verstaanbare wyse aan die wêreld oor te dra. Wat is die doeltreffendste manier om dit te doen?**

# Sing ’n nuwe lied aan die Here

**Lees Psalm 33:3, Psalm 40:3, Psalm 96:1, Psalm 98:1, Psalm 144:9 en Psalm 149:1. Wat is die deurlopende motief in hierdie teksverse?**

______________________________________________

______________________________________________

Psalms sê die mense aan om ’n “nuwe lied” te sing. Wat is dié “nuwe lied” waarvan die psalms hier praat? Die rede vir hierdie “nuwe lied” is die hernude erkenning van die Here se majesteit en opperheerskappy oor die ganse aarde, en dankbaarheid vir die sorg en verlossing wat Hy as Skepper en Regter oor die aarde gee. Bevryding uit die hand van ’n mens se vyande en van die dood, en die spesiale aansien wat God aan Israel skenk, is enkele van die meer persoonlike redes om dié “nuwe lied” te sing. Hoewel ander liedere ook die Here vir sy goedertierenheid en wonderdade prys, is hierdie “nuwe lied” iets spesiaals, en gee uiting aan ’n nuutgevonde vreugde asook die belofte van hernude toewyding aan God. Hierdie hernude belewenis van die redding wat God bring, inspireer die mense om die Here as hul Skepper en Koning te erken. Die deurlopende temas in die tipe psalms wat van “’n nuwe lied” praat, is o.a. vertroue in God, lofprysing vir sy wonderdade en bevryding van ongesteldhede.

**Lees Jesaja 42:10-12, Openbaring 5:9 en Openbaring 14:3. Watter afleidings kan ’n mens oor dié “nuwe lied” in die gelese skrifgedeeltes maak?**

______________________________________________

______________________________________________

God se volk, Israel, word op ’n liefderyke wyse as “die volk wat na aan Hom is” beskrywe *(Ps. 148:14, AFR20)* Wat impliseer die psalmdigter hiermee? Dat uit die ganse skepping, Israel die hoogste posisie beklee en derhalwe onder die grootste verpligting verkeer, en ook die grootste voorreg geniet, om die Here te loof en prys. In elke geslag moedig die Bybel gelowiges aan om dié nuwe lied tot eer van hul Verlosser te sing, een wat hul persoonlike getuienis oor redding deur die bloed van die Lam oordra. Hierdie “nuwe lied” kan letterlik op ’n splinternuwe loflied neerkom, een wat niemand nog ooit gehoor het nie; ’n lied wat ’n aangrypende, eerstehandse belewenis van die Here se genade herdenk. Daarbenewens kan dié “nuwe lied” ook die koestering van ’n toekomshoop wees, in welke geval die nuutheid van daardie lied met ’n uitsien te make het — na die unieke, ongeëwenaarde belewenis van God se komende majesteit. Ware aanbidding gaan verder as brandoffers en offerhandes, en weerspieël ’n lewende verhouding met God, ’n band wat figuurlik-gesproke immergroen en ook dinamies is. In ’n sekere sin kom hierdie “nuwe lied” bloot op ’n kraakvars — en selfs ook daaglikse — uitdrukking van ons liefde en waardering vir God se genadedade in ons lewens neer.

**Oordink God se seëninge in jou lewe. As jy ’n nuwe lied moes sing, wat sou dit wees?**

# Here, wie mag bly in U tempel?

**Lees Psalm 15. Wie is waardig om die Here in sy teenwoordigheid te aanbid?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Die antwoord wat in hierdie psalm gegee word, is opsomming van die vereistes wat reeds in die wet en die profete verskyn: dié wie se dade en wie se karakter die lewende God weerspieël, m.a.w. dié wat "doen wat reg is" en wat die Here "met hul hele hart liefhet" *(lees Miga 6:6-8, AFR20; Deut. 6:5, OAB, woordorde aangepas ter wille van konteks)*. Die heiligdom was 'n gewyde plek, en alles en almal daarbinne, insluitende die priesters, was ook heilig. Heiligheid is dus verpligtend vir enigeen wat die tempel wou betree. Die heiligheid wat Israel moes hê, was dus omvattend, waarin aanbidding met moraliteit gekombineer is, 'n moraliteit wat alle sye van die lewe gedek het. Die wet het God aan sy volk gegee sodat hulle hul hoogste potensiaal kon bereik, te wete, om 'n priesterlike koninkryk te wees. Dié koninklike priesterdom behels o.a. om 'n heilige lewe voor God te lei en om die verbondsseëninge na ander nasies te neem.

**Lees Psalm 24:3-6 en Psalm 101:1-3. Wat beteken dit om heilig te wees?**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Om "'n Rein hart" te hê *(AFR20)* oftewel om "suiwer van hart" te wees *(OAB)*, is die deuslaggewende eienskap voor God. Die Hebreeuse woord wat as "rein" of "suiwer" vertaal word, tamim, dra die begrippe "volledigheid" and "heelheid" oor. 'n "Heel" wingerd is ongeskonde — presies soos dit moet wees, gesond *(Eseg. 15:5, AFR20)*. In antieke Israel moes diereoffers tamim, oftewel sonder gebrek, wees *(Lev. 22:21-24)*. 'n Mens se praatjies is sonder gebrek wanneer jy die eerlike waarheid praat *(Job 36:4)*. 'n Volmaakte hart is dus soos Psalm 24 vers 4 aandui: iemand wat "suiwer van hart" is *(OAB)*, wat integriteit het *(Ps. 15:2)*. Dit is 'n hart wat soek na die wil van die Here *(Ps. 24:6)* en wat deur sy vergifnis genees is *(Ps. 51:2-10)*. 'n Onberispelike lewe spruit uit die erkenning van God se wesenlike genade en geregtigheid. Die genade van die Here inspireer sy dienaars tot 'n godvresende lewe en stel hulle daartoe in staat. Dit kom daarop neer dat 'n mens in onverstoorde gemeenskap met God, onderworpe aan sy Woord, leef. Die getuienis van 'n toegewyde en vrome lewe is slegs tot lof en eer van die Here, en nie die eie-ek nie. Let daarop dat meerderheid van die vereistes in Psalm 15 in die ontkennende vorm uitgedruk word *(Ps. 15:3-5)*. Hierdie vereistes is nie om in guns by God te kom nie. Nee, die vermyding van dinge wat skeiding tussen ons en die Here bring, is die hoofsaak hier.

**Ons moet dinge vermy wat skeiding tussen ons en God bring. Hoe verbind 'n mens jou doelbewus tot die vermyding van hierdie dinge? Anders gestel: wat is die innerlike vertrekpunt om te wil nee sê? Dink aan voorbeelde van hierdie dinge wat vermy behoort te word. Hoe vermy 'n mens dit aktief?**

# Maak Sy majesteit bekend onder die nasies

**Lees Psalm 96. Watter menigvuldige aspekte van aanbidding word in hierdie psalm genoem?**

Aanbidding sluit die volgende in: om tot God te sing *(Ps. 96:1, 2)*, om sy Naam te prys *(Ps. 96:2)*, om sy goedheid en grootsheid te verkondig *(Ps. 96:3, 4)* en om offerhande na sy tempel te bring *(Ps. 96:8)*. Benewens hierdie oorbekende eienskappe van aanbidding, beklemtoon Psalm 96 een wat nie so voor die hand liggend is nie: die evangeliese dimensie wat spruit uit die verkondiging van God se koninkryk aan ander mense *(Ps. 96:2, 3 en 10)*.

Tog is die sing van liedere, die loof en prys van die Here, die bring van offerhande, asook die verkondiging van die evangelie nie losstaande handelinge nie, maar uiteenlopende uitdrukkings van dieselfde praktyk: aanbidding. Die verkondiging van God se verlossing aan alle nasies gee beslag aan lofprysing en inhoud aan aanbidding. Let op hoedat die redes vir aanbidding netjies by die boodskap wat aan die nasies verkondig word, aansluit: "Want die Here is groot en baie lofwaardig" *(Ps. 96:4, OAB)*, "Want al die gode van die volke is afgode, maar die Here het die hemele gemaak" *(Ps. 96:5, OAB)*, asook "'Die Here regeer'" *(Ps. 96:10, AFR20)* en die sinsnede "want Hy kom om die aarde te oordeel" *(Ps. 96:13, OAB)*. Die doel van evangelisasie is dus om ander nasies met die volk van God te verenig, en op die ou end, om die ganse skepping byeen te bring ten einde die Here te aanbid *(Ps. 96:11-13)*.

Aanbidding spruit uit die innerlike besef van wie die Here is: Skepper, Koning en Regter *(Ps. 96:5, 10 en 13)*. Aanbidding behels dus om te onthou wat God in die verlede gedoen het (die skepping), om sy teenswoordige wonderdade te vier (die feit dat Hy die wêreld in stand hou en in die hede regeer), en om in afwagting van sy toekomstige dade te leef (die oordeel aan die voleinding van die wêreld, en 'n nuwe lewe in 'n nuwe hemel en op 'n nuwe aarde).

In Psalms dui die oordeel op die herstel van die goddelike bestel; m.a.w. 'n terugkeer na vrede, geregtigheid en welstand in 'n wêreld wat tans onder ongeregtigheid en lyding gebuk gaan. Gevolglik jubel die ganse aarde in afwagting op God se oordele *(Ps. 96:10-13, Ps. 98:4-9, OAB & AFR20)*. Die feit dat die Here 'n regverdige Regter is, dien as 'n bykomende beweegrede om Hom in heiligheid te aanbid en voor Hom te "bewe" *(AFR20)*. Dit is 'n waarskuwing om nie daardie aanbidding lig op te neem nie *(Ps. 96:9)*. Aanbidding behels beide hope vreugde en geloofsekerheid *(Ps. 96:1, 2 en 11-13)*, asook 'n heilige vrees en ontsag *(Ps. 96:4 en 9)*.

Die universele oproep in Psalm 96 om die Skepper- en Regtergod te aanbid, vind uiting in die Here se laaste verkondiging van die evangelie aan die mensdom, te wete die drie-engele-boodskap van Openbaring 14:6-12. Dit blyk dat dié eindtydboodskap op allerhande maniere in Psalm 96 geïnkorpereer is, deur die volgende temas: skepping, verlossing ("ewige evangelie"), aanbidding en oordeel. Al die elemente van die drie-engele-boodskap is daar te vinde.

**Vergelyk hierdie psalm met die drie-engeleboodskap** *(Op. 14:6-12, OAB)***. In watter opsigte verkondig Psalm 96 dieselfde kernwaarhede as die eindtydboodskap wat ons aan die wêreld moet bring?**

# Wanneer die Here nie 'n behae in offers het nie

**Lees** **Psalm 40:6-8, Psalm 50:7-23 en Psalm 51:16-19. Watter belangrike kwessie word hier aangeroer? Waarom het God nie behae in die offers wat Hy dan Self voorgeskryf het nie?** *(Eks. 20:24)***.**

Net soos die profete veroordeel die psalmdigters allerhande misbruike van aanbidding. Die hoofsaak vir die Here se weersin hier, is nie Israel se offers en feeste opsigself nie, maar in die onderliggende probleem: die fatale gaping tussen aanbidding en geestelikheid.

Die Here bestraf nie sy kinders vir hul slag-, graan-brand- en reinigingsoffers nie, maar vir die boosheid en ongeregtigheid in hul privaat lewens *(Ps. 50:8 en 17-21)*. Die boek Psalms preek nie teen offers nie, ook nie teen aanbidding nie, maar wel teen nuttelose offers en sinnelose aanbidding, presies wat hier gebeur vanweë die aanbidders se voortgesette ongeregtigheid.

Wanneer uiterlike aanbiddingsgebare nie met die regte innerlike beweegrede vir daardie gebare gepaardgaan nie, val aanbidding geheel en al plat. Dan word die vormlike korrektheid van rituele 'n soort godsdiens opsigself, met die soeke na God as 'n hartsbelewenis wat wegkwyn. Anders gestel: hoe die rituele uitgevoer word, word die hoofsaak, in plaas daarvan dat dit op die Here wys en Hom as die middelpunt van aanbidding openbaar.

**Lees** **Johannes 4:23 en 24. Watter punt bring Jesus hier tuis wat netjies by die waarskuwing in vandag se psalms inskakel?**

Offers opsigself is nie genoeg nie. Wat sou die punt van sulke offers wees indien die harte van diegene wat dit bring onbekeerd, ongelowig en sonde spyt oor sonde was? Slegs tesame met inkeer, berou en opregte dankbaarheid vir vergifnis kon die offer van diere, God se goedkeuring as "offers van geregtigheid" wegdra *(Ps. 51:21, OAB; lees ook Ps. 50:14)*. Jesus haal die profeet Jesaja aan en stel hierdie probleem soos volg: "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is vêr van My af" *(Matt. 15:8, kappie verskaf)*. Die probleme wat die psalmdigters geïdentifiseer het, was dieselfde wat Jesus ook by sommige mense, veral by die leiers, tydens Sy aardse bediening teëgekom het.

**Met al die lig en kennis waartoe ons bevoorreg is, kan ons as Sewendedag-Adventiste ongelukkig in 'n bepaalde strik beland: om te dink dat ons kennis oor die waarheid en die uitvoer van die rituele wat daarmee gepaardgaan, voldoende is. Hoe kan ons dit voorkom?**

**Vir verdere studie:** Lees die volgende gedeelte uit Ellen G. White: "How to Pray" (bl. 39-42, *A Call to Stand Apart*).

Berou — opregte berou — is 'n hoofkomponent van aanbidding: "Berou sluit hartseer oor sonde asook om daarvan weg te draai, in. 'n Mens gee [egter] nie sonde op tensy jy die verskriklikheid daarvan raaksien nie. As jy dit nie in jou binnenste opgee nie, kan daadwerklike verandering nie gebeur nie.

"Baie mense sukkel om die ware aard van berou te verstaan. Vele is hartseer oor sonde wat hulle gedoen het en maak uiterlike veranderings, uit vrees dat hulle die prys vir hulle wandade sal moet betaal. Dít is egter nie bybelse berou nie. Hulle betreur die bitter vrugte wat hulle moet pluk, in plaas van die sonde wat gepleeg is. Dit was die verdriet wat Esau beleef het toe hy agterkom dat hy sy geboortereg kwyt was. Wat van Bileam? Verskrik oor die engel wat met 'n getrekte swaard voor hom staan, bely hy sy sonde omdat hy vir sy lewe gevrees het. Tog was dit nie opregte berou oor sonde nie, geen transformasie van voorneme nie, geen verafskuwing van bose weë nie. Let op Judas Iskariot se woorde na hy sy Meester verraai het. Weemoedig roep hy uit: 'Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai' (Matteus 27:4, OAB)" (Ellen G. White, *Steps to Christ*, bl. 22 en 23).

"Alhoewel die Here nie woon in tempels wat deur mense gebou is nie, eer Hy ons met sy teenwoordigheid wanneer ons as sy kinders byeenkom. Wanneer ons dit doen met die doel om sy aangesig te soek, om ons sondes te bely en vir mekaar te bid, belowe Hy om ons deur sy Gees daar te ontmoet. Diegene wat byeenkom om die Here te aanbid, moet egter eers van al hul bose weë afsien. Tensy hulle Hom in gees en waarheid, en in die sieraad van heiligheid aanbid, is hul samekoms nutteloos. Aangaande diegene wat hul hieraan skuldig maak, sê Jesus: 'Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is vêr van My af' (Matt. 15:8 en 9, OAB; kappie bygevoeg). Diegene wat die Here aanbid, moet dit 'in gees en waarheid' doen, 'want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid' (Joh. 4:23, OAB)" (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 50).

## Vrae vir bespreking:

❶ **Wat is die aanbidder se grootste offer aan God?** *(Ps. 40:6-10, Rom. 12:1 en 2)*.

❷ **Hoe hou individuele en gemeenskaplike aanbidding onderling verband? Waarom het ons beslis beide nodig? Hoe versterk die een die ander?**

❸ **Baie mense meen dat aanbidding net met gebed, die sing van liedere, bybelstudie en bestudering van geestelike leesstof te make het. Hoewel hierdie aktiwiteite onontbeerlik vir aanbidding is, is die vraag net: is aanbidding hiertoe beperk? Gee 'n paar voorbeelde van ander vorms van aanbidding.**

❹ **Ellen G. White skryf: "Die werk van die Here behoort nie as sieldodend en uitmergelend gesien te word nie. Dit behoort vir ons 'n plesier te wees om die Here te aanbid en deel van sy sending te wees"** *(Steps to Christ, bl. 103)*. **Hoe kan die aanbidding van die Here vir ons 'n plesier word?**

LES 13 *23 tot 29 Maart

# Wag *op die* Here



## SABBATMIDDAG

**Skrifverwysings vir hierdie week se studie:** *Psalm 27:14, Romeiine 8:18-25, Psalm 131, Mattheus 18:3, Psalm 126, Psalm 92, Markus 16:1-8, asook 2 Petrus 1:19.*

**Geheueteks: "Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die Here!"** *(Psalm 27:14, OAB)***.**

Ons kwartaallange studie van Psalms kom vandeesweek tot 'n einde. In hierdie denkbeeldige reis het ons by verskillende temas stilgestaan: die ontsagwekkende en majestueuse Skepper-, Koning- en Regtergod; godgegewe bevryding, vergifnis en verlossing en die vreugdes wat ons daaruit put; die oomblikke van ongebreidelde smart en weeklag waaraan ons ons soms oorgee; die wonderbaarlike beloftes van die Here se ewige teenwoordigheid; asook die groot uitsien na die nimmereindigende wêreldwye aanbidding van God. Ons pelgrimstog duur egter voort, want ons leef in die hoop dat Jesus sal terugkeer, op daardie blye môre dat ons verlange na die Here in 'n tasbare ontmoeting sal eindig. As daar 'n slotboodskap uit die boek Psalms te put is, dan is dit dat ons "op die Here moet wag."

Om egter op Hom te wag, betekenis nie dat 'n mens handjies gevou rondsit nie. Jy wag nie bloot jou tyd af nie. Nee, om op die Here te wag, is iets wat jy met groot vertroue en geloof aktief doen, 'n vertroue en 'n geloof waaraan jy deur daadwerklike optrede uiting gee. Hierdie wagproses bring 'n omwenteling mee: die somber aande wat ons voorheen beleef het, word nou met die uitsien-slag na 'n blye môre omskep *(Ps. 30:6, Ps. 143:8)*. Dit versterk die innerlike met hernude hoop en gemoedsrus. Dit motiveer ons om harder te werk, om met gejuig die goue gerwe in te bring, aangesien die Here se sendingvelde 'n ryke oes oplewer *(Ps. 126:6, Matt. 9:36-38)*. Om op die Here te wag, sal ons nooit ooit in die verleentheid bring nie. Om die waarheid te sê, dit sal ryklik beloon word, want die Here kom sy beloftes getrou na *(Ps. 37:7-11, 18 en 34; Ps. 71:1 & Ps. 119:137 en 138*).

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat 30 Maart. .*

# Geroepe om te wag

**Lees Psalm 27:14; Psalm 37:7, 9 en 34; Psalm 39:7; Psalm 40:1; Psalm 69:6; Galasiërs 5:5 en Romeine 8:18-25. Wat moedig hierdie teksverse God se kinders aan om te doen?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Om te wag is waarskynlik een van die grootste stressors in hierdie lewe. Ongeag wie jy is, waar jy woon of jou stand – almal moet een of ander vir iets of iemand wag. Soms staan jy in ’n ry in die supermark. Soms wag jy op die uitslag van mediese toetse. Hoe dit ook al sy, ’n mens moet wag, al is dit nie altyd so lekker nie, of hoe?

Wat nou van wag op die Here? Hierdie idee dat ’n mens op Hom moet wag, is iets wat nie net in Psalms nie, maar ook reg deur die Skrif te lese is. Die deurslaggewende faktor hier is *deursettingsvermoë*. Deursettingsvermoë is die gelowige se hoogste verbintenis tot ’n lewe wat weier om te swig voor die vrees dat God ons op ’n manier teleur gaan stel. Die toegewyde kind van God wag op die Here, met die wete en sekerheid dat Hy getrou is. Elkeen wat op die Here wag, doen dit met die vertroue dat sy of haar situasie in God se hande is, dat Hy alles ten goede sal laat uitwerk selfs al lyk dit nie op daardie oomblik so nie.

Om op die Here te wag, is meer as net vasbyt wanneer alles skeefloop. Dit is ’n verlange na die Here wat so intens is dat dit met die smagting na water in ’n dorre land vergelyk word *(Ps. 63:2)*. Die psalmdigter wag op vele genadegawes van Bo, maar die verlange om naby God te wees, oortref enige ander begeerte en behoefte in sy lewe.

Soos Paulus dit in die volgende fantastiese skrifgedeelte in Romeine stel, wag die Here en die ganse skepping op die herskepping van die aarde, asook die salige ontmoeting tussen God en sy volk aan die voleinding van die wêreld. Hy skryf: “Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God” *(Rom. 8:19, OAB)*.

Wat ’n ongelooflike belofte!

Terwyl ons so op die finale verlossing en herontmoeting met God wag, met “die hele skepping [wat] tesame sug en tesame in barensnood… tot nou toe [is]” *(vers 22, OAB)*, bly die Here nietemin, deur die Heilige Gees, by sy kinders.

Intussen word ons geroep om te getuig *(Hand. 1:4-8)*, om die verlossingsplan met die mensdom te deel, daardie plan wat uiteindelik tot ’n herskepping sal lei. Dít is wat ons uiteindelik te wagte is — die vervulling van al die hoop wat ons as Adventiste-Christene gekoester het — met die begrip “advent” in ons naam wat juis sê dat ons op daardie gebeurtenis hoop en wag. Ons wag, maar met die wete dat dit nie vergeefs is nie. Jesus se dood en opstanding, met sy eerste koms, is die waarborg dat Hy weer sal kom.

**Vir watter dinge wag jy op die Here? Hoe leer ’n mens om gelowig, en met vertroue, op Hom te wag — veral wanneer die dinge waarvoor jy vra, nog nie gekom het nie?**

# Die vergenoegdheid van 'n gespeende kind

**Lees Psalm 131. Wat leer ons uit hierdie psalm oor ons verhouding met God?**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Die volk van God leef in 'n wêreld wat die gelowige pyn besorg, niemand spring versoeking en swaarkry vry nie. Die hernude oortuiging dat hy 'n kind van God en afhanklik van God vir sy lewe is, troos egter die psalmdigter. Dit bring hom sovêr om te bely dat sy trots geen waarde het nie. Trots is misleidend — vasgevang in die eie-ek kan 'n mens nie verder as jouself leef of dink nie, met die gevolg dat jy ook blind vir die groter prentjie en vir God is.

In teenstelling hiermee hou die regverdiges hul oë op God gerig *(Ps. 123:1 en 2)*. Om die grootsheid van God te bely, maak die regverdiges nederig, en bevry hulle van selfgesentreerdheid en sinnelose ambisie. Die psalmdigter bely dat hy hom nie "met groot dade" of dinge "wat te wonderbaar… vir my [is]" besig hou nie *(Ps. 131:1, AFR20)*. Hiermee bedoel Hy natuurwonders wat die menslike verstand te bowe gaan. Moderne wetenskap toon dat selfs die "eenvoudigste" verskynsels soms ongelooflik ingewikkeld en (ten minste op die oomblik nog) vêr bokant ons vuurmaakplek is. Dit is dan ook die groot ironie: hoe meer 'n mens van die fisiese wêreld leer, hoe groter die raaisels wat te voorskyn kom.

Let op die vergelyking in Psalm 131 vers 2, "Soos 'n gespeende kind by sy moeder" *(OAB)*, 'n aangrypende versinnebeelding van diegene wat kalmte en berusting in die arms van God vind. Dit dui op die liefdevolle band tussen moeder en kind terwyl hy (of sy) deur verskillende ontwikkelingsfases gaan.

Hoewel ons van leë ambisies en trots gespeen word, leer die Here ons om voedsame, vaste kos te eet. Hierdie vaste kos is "om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring" *(Joh. 4:34, OAB; lees ook Heb. 5:12-14)*. Die kinderlike vertroue wat in Psalm 131 uitgebeeld word, is 'n volwasse geloof wat deur die swaarkry van die lewe getoets en gelouter is. Daarbenewens is dit deur God beproef en getrou aan, en in pas met, sy Woord bevind.

Uiteindelik bepaal die psalmdigter sy aandag by die welstand van God se volk. Op die lange duur moet ons ons belewenisse met God ter versterking van die kerk gebruik. Met ander woorde: ons gebruik wat ons eerstehands oor God se getrouheid en goedheid geleer het, en deel dit met andere wat, om watter rede ook al, steeds sukkel om geloof aan die dag te lê. Hierdie getuienis oor Christus kan selfs in gemeenteverband gebring word, waar talle nog nie Christus self bevriend het nie.

**"Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!"** *(Matt. 18:3, OAB)*. **Wat sê Jesus hier vir ons? Wat behels hierdie begrip alles?**

# Bring die gerwe in

**Lees Psalm 126. Wat gee krag en hoop aan die volk van God? Let op die dinge wat hier gesê word. Hoe kan ons, inaggenome die konteks, dit op ons lewens toepas?**

____________________________________________________

____________________________________________________

Die reddingsdade wat God in die verlede verrig het, was ’n bron van oneindige inspirasie vir die volk van God, die redes waarom hulle ’n toekomshoop gehad het — en dit is nou nog so. So groot was daardie reddingsdade dat dit as die verwesenliking van hul wildste drome beskryf kan word *(Jes. 29:7 en 8)*. Neem egter die volgende in ag, dat die geslag wat God hier in Psalm 126 vir hul bevryding uit ballingskap loof *(Ps. 126:1)* self in ballingskap was toe die psalm geskrywe is *(Ps. 126:4)*.

Tog word die voorgeslagte se vreugde en verligting in die vorm van liedere vir die hede aangewend, dit word opnuut beleef. Die nuwe geslag hou dus die bybelgeskiedenis lewendig deur denkbeeldig aan te sluit by diegene wat daardie gebeurtenisse eerstehands beleef het. ’n Lewende geloof neem dus die groot dade wat God vir sy volk in die verlede verrig het en koester dit as iets wat Hy vir die teenswoordige gelowige gedoen het, en nie bloot as dinge wat die Here net vir die gelowiges van weleer gedoen het nie.

Om die waarheid te sê, hierdie terugdink aan die verlede spoor die hedendaagse gelowige ook aan tot hoop. Let op die lotsverandering wat die psalmdigter bepleit: “soos stroombeddings in die Negev” *(Ps. 126:4, AFR20)*, ’n besonder kragtige beeld wat toon dat God skielik en op ’n kragtige wyse ter wille van sy volk ingryp. Neem in ag dat die Negev ’n woestynstreek is. Hierdie snelvloeiende strome het skielik gevorm, na swaar buie in die reënseisoen. Die vroeë en laat reën was van kardinale belang vir ’n suksesvolle landboujaar *(Deut. 11:14, Deut. 28:12)*. Die saad wat met trane gesaai en die gerwe wat met gejuig ingebring word *(Ps. 126:5 en 6)*, is eweneens ’n kragtige belofte van God wat Israel deur ’n moeilike hede na ’n blye toekoms neem.

Die einde van die oesseisoen was die tyd toe die Hebreeuse pelgrims van ouds die vrug van hul opbrengs na die huis van die Here in Jerusalem geneem het *(Eks. 34:22 en 26)*. Die oes-motief was ’n kragtige geestelike les vir die antieke gelowiges. Die saai en versorging van landerye, boorde en wingerde was harde werk, maar wat uiteindelik deur die vreugde van ’n oorvloedige oes beloon is. Insgelyks sal die teenswoordige beproewinge van God se volk aan die voleinding van die wêreld met die vreugde van verlossing beloon word. Hierdie beeld van ’n oorvloedige oes dui op God se herstel van sy koninkryk op aarde by Jesus se wederkoms *(Amos 9:13-15, Matt. 9:37)*. Hier kom die tema van wag op die Here egter ook te verskyn. Net soos die mense van ouds vir oestyd moes wag, moet ons (as evangeliewerkers en gelowiges) op die vrug van ons arbeid wag.

**Dink aan kere toe jy die hand van God duidelik en onmiskenbaar in jou of in andere se lewens kon raaksien. Hoe kan jy hoop daaruit put vir die uitdagings wat jy tans beleef?**

# Ons wag in God se sabbatsrus

**Lees Psalm 92. Watter twee aspekte van die sabbat word in hierdie lied vir die sabbatdag na vore gebring?**

Die feit dat die Here vir sy wonderbaarlike handewerk geloof en geprys word *(Ps. 92:4 en 5)* asook die uitbeelding van die regverdiges wat sterk aan Eden herinner *(Ps. 92:12−14)*, wys duidelik op die skepping. Hierdie is die eerste aspek wat die sabbat vier. Psalm 92 verheerlik ook die Here vir die oorwinning wat Hy as die God van geregtigheid oor sy vyande behaal het *(Ps. 92:7−15)* en versterk sodoende die tweede tema waarom die sabbat draai: die mens se verlossing van die bose *(Deut. 5:12−15)*. Die psalm bring lof aan die Here vir sy grondlegging van die wêreld asook die feit dat Hy dit in stand hou, en dit wys op die groot eindtydhoop van 'n goddelike bestel waarin ewige vrede en orde heers.

Die mense geniet 'n sabbatsrus omdat God die "Allerhoogste" is *(Ps. 92:1, NKJV)*. Die feit dat Hy die hoogste posisie in die ewigheid beklee, gee Hom 'n absoluut unieke voordeel bo sy vyande.

Hoewel Hy die Allerhoogste is, is die Here gou om uit te reik na die aardbewoner wat uitroep om hulp. Die Here se skepping, en veral die verlossing van daardie skepping, behoort ons tot liefde vir, en aanbidding van, die Here aan te spoor. Om deel van 'n gevalle skepping te moes wees, maar een waarin die verlossingshoop nie bestaan nie, sou nou nie juis iets gewees het om 'n mens oor te verheug nie. Hoe sou ons dan geleef het? Ons sou liefhê, ly en doodgaan, alles sonder enige hoop! Derhalwe prys ons nie net die Here as ons Skeppergod nie, maar ook as ons Verlosser.

"Vars olie" dui op die psalmdigter se hernude verbintenis tot die dien van die Here, as een wat opnuut daartoe gesalf word *(Ps. 92:11)*. Salwing met olie was 'n ritueel om verkose mense soos priesters en konings aan God te wy *(Eks. 40:15, 1 Sam. 10:1)*. Tog gebruik die psalmdigter 'n ongewone Hebreeuse woord hier — balal — ten einde sy salwing te beskryf. Dit dui nie op die tipiese inseën van dienaars nie, maar op die "meng" van olyfolie met die offerbrood as deel van die offer *(Eks. 29:2, AFR20; Lev. 2:4 en 5)*. Met hierdie andersoortige gebruik van balal sê die psalmdigter indirek dat hy homself as 'n lewende offer aan God wil bied en sodoende sy wese aan God wil wy *(Rom. 12:1)*.

Die feit dat wyding-idees in 'n psalm oor die sabbat verskyn, is geensins verrassend nie. Die sabbat is immers 'n kenteken van die volk se godgegewe heiligmaking *(Eks. 31:13)*. Die palmbome en seders van Libanon versinnebeeld hoe die volk van God toeneem in beide geloof en in die opregte waardering van God se wonderlike planne en liefde. Die sabbat is die teken van die Here se ewige verbond met sy volk *(Eseg. 20:20)*. Die sabbatsrus is dus van kardinale belang vir God se volk omdat dit hulle bemagting om met vertroue op die vervulling van al die Here se verbondsbeloftes te wag *(Heb. 4:1-10)*.

**Lees weer deur Psalm 92. Watter groot hoop bied hierdie psalm ons? Hoe kan ons, selfs te midde van hoe sake tans in die wêreld staan, vertroosting daaruit put?**

# Die oggend bring vreugde

**Lees Psalm 5:3, Psalm 30:5, Psalm 49:14, Psalm 59:16, Psalm 92:2, Psalm 119:147, 2 Petrus 1:19 en Openbaring 22:16. Watter tyd van die dag simboliseer gewoonlik die tyd van goddelike verlossing? Waarom?**

In die beeldspraak van die boek Psalms word die verlossing wat God skenk gewoonlik in die oggend verwag. Die oggend bring God se guns aan die lig, wat die lang nag van wanhoop en probleme beëindig *(Ps. 130:5 en 6)*. In Psalm 143 bring goddelike bevryding 'n ommeswaai teweeg: die teenswoordige duisternis van die doderyk *(Ps. 143:3)* word in die lig van 'n nuwe dag omskep *(Ps. 143:8)*, en 'n lewe wat in die put neergedaal het *(Ps. 143:7)* verander in een "op gelyk grond" *(Ps. 143:10, AFR20)*.

**Lees Markus 16:1-8. Wat gebeur in die oggend waarvan hierdie skrifgedeelte praat? Waarom is dit so belangrik vir ons?**

Met Jesus se opstanding uit die dood op die Sondagoggend baan Hy die weg vir 'n ewigdurende nuwe dag, 'n nuwe dag wat aanbreek vir elkeen wat glo in God en die verlossing wat Hy bring. Jesus se dissipels het die volle krag van die belofte wat in Psalm 30 vers 6 beskryf word, eerstehands beleef, die dag toe hulle die verrese Heer ontmoet het: "In die nag vloei die trane, maar in die oggend is daar vreugde" *(NLV)*. Dit is slegs deur God se guns en onvoorwaardelike liefde dat ons trane in vreugde omskep word *(verse 6 en 8)*.

Net soos die môrester die geboorte van 'n nuwe dag aandui, lui geloof 'n splinternuwe werklikheid in: die ewige lewe in die harte van God se kinders *(2 Pet. 1:19)*. Jesus word die blink môrester genoem *(Op. 22:16)* en ons sien met groot verlange uit na die koninkryk wat Hy op aarde sal kom vestig; een waarin donker nagte, boosheid en die dood tot 'n einde sal kom *(hfst. 21:1-8 en 25)*. Op die keper beskou, is dit ons grootste verlange betreffende die wederkoms. Die groot gewag is dus gewis die moeite werd.

"Dáár voor Josef van Arimatea se oopgerolde graftombe het Jesus triomfantelik verklaar: 'Ek is die opstanding en die lewe.' Dit is woorde wat slegs die Allerhoogste kon uiter. [Neem die volgende in ag:] alle geskape wesens lewe omdat God dit so beskik en omdat Hy die lewensvonk skenk. As ontvangers van godgegewe lewe is hulle van Hom afhanklik. Van die hoogste seraf tot die eenvoudigste lewensvorm — almal se lewenskragte word konstant uit die groot Lewensbron aangevul. Slegs Hy wat een met God is, kon sê dat Hy die mag het om sy lewe neer te lê en om dit weer op te neem. Dit is deur sy goddelikheid dat Christus hier mag oor die dood het, om dié se kettings te verbreek" (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 785).

**Die dood is, soos sommige mense dit stel, reeds by geboorte in ons selle gegrif. Dit is ongetwyfeld waar vir alle lewensvorms op aarde, siende dat ons gevalle wesens is. Watter belofte oor die tydelikheid van die dood put ons egter uit Jesus se opstanding? Waarom behoort ons nooit te vergeet hoe geweldig tydelik die dood in werklikheid vir ons is nie?**

**Vir verdere studie:** Lees die volgende gedeelte uit Ellen G. White: "Growing Up Into Christ" (bl. 67-75, *Steps to Christ*).

Psalms doen deurgaans 'n ernstige beroep op die gelowige om op die Here te wag. "Wees stil in die Here en wag geduldig op Hom" *(Ps. 37:7, NLV)*. As ons dit as 'n ietwat moeisame, onseker en eensame taak beskou, moet ons dalk aan die dissipels op die dag van Jesus se hemelvaart dink *(Hand. 1:4-11)*. Jesus is voor hul oë weggeneem en na die hemel geneem, terwyl hulle moes agterbly, wagtende dat Hy eendag — wie weet wanneer — sou terugkeer. Wie op aarde het al so 'n intense verlange na die onmiddellike vervulling van die wederkomsbelofte gehad as die dissipels daardie dag? "Here, neem ons vandag saam met U!" — dit was seker hul hartsverlange. Tog is hulle aangesê om op die belofte van die Vader en op Jesus se wederkoms te wag. Dit sou egter 'n fout wees om aan te neem dat die dissipels op moedverloor se vlakte was. Allermins. Hulle is terug Jerusalem toe en het presies gedoen wat Jesus hulle aangesê het om te doen — naamlik om op die uitstorting van die Heilige Gees te wag en daarna die evangelie op 'n kragtige wyse aan die wêreld te verkondig *(Hand. 1:12-14 & hfst. 2)*.

Hierdie bevel om op die Heiland te wag, is slegs uitvoerbaar indien sy werk deur die Heilige Gees in ons binnenste volbring word. Om op die Here te wag, bring egter druk mee. So selfs al loop 'n mens oor van entoesiasme, kan dit, inaggenome die broosheid van die mens, nie stand hou voor daardie druk nie. Al hoe ons geesdrif voor die spanningsvolle gewag stand gaan hou, is deur in Jesus Christus te bly — d.w.s. deur 'n hegte vriendskap met Hom te hê. "Dan, as Christus in ons harte woon, sal Hy sy werk in ons verrig, 'om te wil sowel as om te werk na sy welbehae' *(Fil. 2:13, OAB)*. Ons sal werk soos Hy gewerk het. Ons sal dieselfde gees as Hy openbaar. Sodoende sal ons, staande en blywend in ons liefde vir Christus, 'in alle opsigte na Hom toe… groei' met die besef dat 'Hy, Christus… die Hoof [is]' *(Efesiërs 4:15, AFR20)*" (Ellen G. White, *Steps to Christ*, bl. 75). Namate ons wag op die Here, sal ons gemoedsrus en bevrediging in Psalms vind. Ons gebede en liedere is waar ons harte en die hart van God daagliks ontmoet.

## Vrae vir bespreking:

❶ **Waarom is dit so belangrik in ons geestelike lewe om op die Here te wag? Bespreek 'n aantal van die bybelse geloofshelde se belewenisse in dié verband. Hoe het die wagproses hul geloof gelouter en versterk?** *(Rom. 4:19-22, Heb. 11)***.**

❷ **Wat is die uiteinde van dié proses waarin ons wag op die Here?** *(Ps. 37:34-40)***. Dit wil sê: wat belowe die Here ons wanneer alles uiteindelik uitgesorteer is? Watter hoop put 'n mens uit hierdie teksverse, bv. betreffende die vergeefse stryd om reg en geregtigheid in hierdie lewe?**

❸ **Waarom is die wagproses vir die dooies, inaggenome die toestand waar hulle verkeer** *(Pred. 9:5)***, amper oor en verby? Watter hoop kan ons uit dié antwoord put?**